PETRUS, DIE ROTS

Die apostel Petrus, dissipel van Jesus

deur

J P BOTHA

Dr Botha se historiese werke, wat almal by ons verkrygbaar is, bestaan uit:

Die Mafeking-debakel
Voortrekker-pioniers in Oos-Transvaal
Derdepoort
Met ryperd en Mauser
Drie Eeue van Onreg en
Die Bittereinders op die Pad van Suid-Afrika
Ons Geskiedenis
Stemme in die bos

Dan is daar nog sy diereverhale:

Langs die Toelanie en
Ou Hendrik se stories

En ook die Skrywer se werke met Bybelse agtergrond:

Paulus, bittereinder vir God
Elia en Elisa
Adina se briewe
Josef
Rut
Ester

Hierdie interessante en leersame boeke ook kan bestel word by:

Bienedell Uitgewers
Posbus 3095
Pretoria 0001 Tel. 012 329 4083
Sel. 0826 631 881

Eerste Uitgawe : 2007
Kopiereg voorbehou deur JP Botha

Inhoudsopgawe

Hoofstuk		Bladsy
1	My rustige lewe word versteur	4
2	Wie is Hy werklik ?	16
3	Voorbereidings vir die aanslag	32
4	Ons mobiliseer!	47
5	Waarom veg ons nie?	58
6	Teleurstelling en selfverwyt	70
7	Op die kruin van oorwinning	78
8	Die wêreld moet dit weet	90
9	Slaags met die vyand	100
10	Soek wat verlore was	111
11	Totdat Hy kom	120
12	Epiloog	132

(1)
MY RUSTIGE LEWE WORD VERSTEUR

Ek is die apostel Petrus wat in die jaar 33 n.C. een van die eerste dissipels van die Here Jesus geword het en by die ander dissipels bekend gestaan het as ‘n man wat dikwels gepraat het voordat hy gedink het, wat altyd haastig en halsoorkop was en onbesonne dinge gedoen het, al het dit met entoesiasme plaasgevind.
Noudat ek hier in die tronk in Rome sit en wag dat die Romeinse owerheid die doodvonnis oor my moet voltrek, gaan my lewe weer soos ‘n panorama voor my geestesoog verby.
Dit is reeds al meer as dertig jaar gelede wat my rustige lewe daar by die Galilese See so drasties verander het, toe ek die eerste keer vir Jesus van Nasaret ontmoet het.

Wat is lekkerder as gelukkige kinderdae?

Ek was lid van ‘n hegte en gelowige huisgesin. Ons het in die God van ons vaders geglo en probeer om volgens sy wette te leef en gehoorsaam aan sy wil te wees. My pa se naam was Jona. Hy was ‘n visser van beroep. Ons het in Betsaida gewoon. Hierdie mooi dorpie lê naby die noordelike oewer van die Galilese See. Die Jordaan mond effens oos daarvan in hierdie see uit, wat ook die Meer van Gennesaret genoem word. Die rivier spoel hier baie vrugbare slik in die meer in. Dit lok baie vis uit die diepsee daarheen, sodat dit ons geliefkoosde visvangoord geword het, waar ons feitlik elke dag maar met ons skuite en nette rondgedobber het.

Ek en my jonger broer Andreas het saam met my pa soos ‘n driemanskap elke dag met ons skuite op die ryk viswaters van

die meer rondgeluier. Die enigste ander vissers wat ook hierdie noordelike visveld geken het, was ou Sebedeus en sy twee seuns, Jakobus en Johannes. Ons was groot vriende en het mekaar dikwels met ons skuite en nette gehelp. Die ander vissers, wat ook 'n bestaan gemaak het met visvang op die Galilese See, het meer op die suidelike deel van die meer geopereer.

Vertel my tog meer van die Messias

Ons het hard gewerk gedurende die week. Daar was nooit geleentheid vir my - en later ook nie vir Andreas nie - om die skool in Betsaida se sinagoge by die woon nie, maar ek het altyd uitgesien na ons sabbatdag op Saterdae, want my liewe pa Jona het vir my en Andreas toegelaat om saam met hom na die sinagoge te gaan om na die voorlesings te gaan luister. Dit was swaar om wakker te bly wanneer die priester met sy eentonige stem probeer om ons deur 'n stuk of honderd wette van Moses te sleep, maar ek het graag geluister wanneer 'n skrifgeleerde 'n boekrol van een van die profete neem en daaruit voorlees. Hy het meermale uit die geskrifte van Jesaja gelees van 'n Persoon wat net so vaagweg beskryf word, sodat 'n mens nie mooi kon agterkom van wie die profeet praat en wat hy eintlik van Hom wou sê nie. Een môre hoor ek weer hy lees:

> *"Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra het en vir die oortreders gebid het."*

Toe ons huis toe stap, het ek vir pa Jona gevra: "Pa, van wie skrywe die groot profeet daar? Van wie het die priester daar

gelees, wat baie mense se sonde gedra en vir hulle gebid het?"

My liewe pa kon my nie eintlik antwoord nie. Hy sê hy meen die profeet het van die Messias wat kom, gepraat. Hy kon my ook nie veel meer van hierdie Persoon vertel nie, net dat Hy, wanneer Hy kom, al die Romeine in die Middellandse See gaan jaag en in Jerusalem vir altyd ons koning gaan wees.

Dit het my baie nuuskierig gemaak, maar ek kon voorlopig nie veel meer uitvind nie.

My liewe vrou Susanna

Toe dit vir my tyd geword het om te trou, het my liewe ouers my na 'n plekkie naby Kapernaum geneem, waar 'n pragtige meisie en haar ouers gewoon het. Haar naam was Susanna. Ek het haar al een of twee keer gesien, wanneer ons op Kapernaum se markplein ons produkte gaan verkoop het. My pa hulle het haar familie so half en half geken. Daarom het die onderhandelings tussen die twee families sommer baie mooi

gevlot. Ons is kort daarna verloof en na ons huwelik het ons in Kapernaum gaan woon. Enige jare later is Susanna se pa oorlede. Daarna het ek ook vir Naomi, my skoonmoeder, by ons in die huis geneem.

My jonger broer, Andreas, het intussen ook volwassenheid bereik. Dit het tyd geword vir hom om my pa se huis te verlaat en op eie bene te staan. Omdat daar nog nie ander uitkoms vir hom was nie, het hy voorlopig by ons op Kapernaum kom bly. My pa het met behulp van 'n paar helpers uit Betsaida, goed aangegaan met sy eie visbedryf, sonder die hulp van sy twee

seuns.

Wat gaan daar aan by die Jordaan?

Ek was so bly toe my broer Andreas my kom help het om my visvangery op dreef te bring. Ons het nou maar meesal in die sentrale deel van die groot meer gevang. Die vis was hier nie so volop soos in die noorde naby Betsaida nie. Maar ons het daarin geslaag om die mas goed op te kom. Ou Sebedeus en sy seun Jakobus en dié se jonger boetie Johannes, se bote het altyd op gehoorafstand van ons s'n gelê, sodat ons mekaar maklik in krisistye kon help.

My broer Andreas en Johannes het baie geheg geraak aan mekaar. Hulle het, wanneer ons nie visgevang het nie, saam dinge onderneem en plekke besoek. Een middag laat kom hulle van die Jordaan af en vertel vir ons dat hulle daar by die rivier by Johannes die Doper was, die man wie se naam op almal se lippe was. Hy was besig om daar vir die mense wat daarheen gestroom het, te preek. Andreas en Johannes was só beïndruk met wat die Doper daar sê en doen, dat hulle gou weer daar gaan besoek aflê het. Hulle het dissipels van die Doper geword en tye lank saam met hom gewees. Ek het maar my visbedryf alleen behartig en so ook moes ou Sebedeus en sy seun Jakobus maar sonder Johannes se hulp klaarkom.

Onderwyl ek een middag besig was om my visnette na te sien, daag die twee jongmanne daar in die hawe by my op. Albei was baie opgewonde. Toe hulle nog so'n paar tree van my af aankom, roep Andreas uit:

"Ouboet Simon, ons het die Messias gekry! Jy moet saam met ons kom! Ons wil Hom vir jou gaan wys! Los die ou skuit en kom! O, dis wonderlik, wonderlik!"

Teen die aand se kant het albei van hulle alreeds soveel bedaar, dat ek die volgende merkwaardige verhaal uit hulle kon trek: Hulle was die afgelope paar maande maar gedurig saam met Johannes die Doper en 'n paar van sy ander dissipels daar by Betanie, Betábara, so 'n ses kilometer noord van die Dooi See, waar hy die skare mense wat hom daar besoek het, ernstig gewaarsku het om hulle te bekeer. Hy het uitgeroep dat die koninkryk van God naby gekom het en dat daar Iemand na hom kom wat só wonderlik is dat Johannes nie eers werd genoeg is om sy skoenrieme los te maak nie.

Een môre kom daar 'n Jongman aangestap en loop in die vlak water in tot by Johannes. Hy versoek hom om Hom te doop. Hulle het gesien Johannes huiwer eers, maar hy het dit tog gedoen, en toe die aanvallige Jongman besig was om uit die water te kom, hoor hulle 'n stem: "Dit is my geliefde Seun in wie my siel 'n welbehae het."

"Ouboet Simon, ek kan nie vir jou beskryf hoe 'n mens voel as jy dit hoor nie. Jy besef die almagtige God het self met jou gepraat, maar jy wil skielik in die aarde wegsink oor al jou onwaardigheid."

Die Jongman het tussen die bome deur, aan die oostekant van die rivier weggestap. Die Doper het vir Andreas en Johannes en sy ander dissipels vertel dat Hy die beloofde Messias is, op wie se koms die verdrukte volk van Israel alreeds so lank wag.

Hulle het Hom nie weer gesien nie. Iemand het gesê dat Hy na die woestyn gegaan het, maar meer as ‘n maand nadat die dopery plaasgevind het, het Johannes hulle Hom weer aan die westekant van die rivier in ‘n noordwaartse rigting sien stap. Die Doper roep toe uit: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!”

“Ouboet Simon, toe die Doper dit sê, het ek duidelik gevoel hy wil eintlik vir my en Johannes albei sê: ‘Word dissipels van daardie Man, want ek word al hoe minder en Hy word al hoe meer.’

“Ons het die Doper gegroet en agter Hom aangegaan. Toe ons Hom inhaal, het Hy gaan staan en Hom omgedraai en vriendelik gevra: ‘Is daar iets wat Ek vir julle twee manne kan doen?’ Ouboet ek kan nie vir jou beskryf wat oor my gekom het toe ek in sy vriendelike, deurdringende oë kyk nie. Ek en Johannes het amper tegelyk gestotter: ‘Rabbi, waar is U tuis?’

“Dit was al vir my of Hy vooraf geweet het wat ons Hom gaan vra, want Hy het net gesê: ‘As julle dit wil weet, moet julle saam met My kom.’

“Ouboet, ons het toe saam met Hom die groot afstand vanaf Betábara tot in Nasaret afgestap en nooit verveeld of moeg geword nie. Hy sê sy naam is Jesus en dat Hy na die aarde gekom het om sondaars te kom red. Hy het nog baie ander dinge vir ons gesê wat ek nie alles verstaan nie. Ek weet net Hy is die Messias en ons wil graag hê jy moet Hom ook ontmoet.”

Ek het ‘n bietjie verward gevoel toe Andreas en Johannes my dit alles vertel, want ek het met die jare vir my ‘n ander

beeld van die komende Messias geskep, dat Hy ‘n imposante militêre figuur sou wees wat korte mette van al Israel se vyande sou maak. Wat hulle my nou van hierdie Jesus van Nasaret vertel het, het nie met my opvattings gestrook nie. Maar ek wou hom graag ontmoet en daarom was ons drie vroeg die volgende oggend reeds op pad na Nasaret.

Dit kan tog nie ék wees nie

Onderwyl ons van Kapernaum af, al aan die westekant van die meer in die rigting van Tiberias gestap het, het Andreas vertel dat hy en Johannes in Nasaret verskeie van Jesus se familielede ontmoet het. Hy het in Nasaret groot geword en sy moeder woon ook nog daar. Jesus was by haar tuis. Sy pa was 'n skrynwerker, maar hy leef nie meer nie.

Toe ek dit alles hoor, het my geesdrif om die Man te gaan ontmoet wat hulle sê die Messias is, sommer baie verflou, want ons het al die jare nie veel van hierdie ou dorpie gedink nie. Sal die magtige Messias van Israel dan nou juis uit hierdie ou plekkie kom? Die Dawid-stad Jerusalem is tog seker die aangewese tuiste en troon van die grootste koning wat Jehova gaan stuur om oor sy volk te regeer.

Ek het my voorgeneem om hierdie Man, na ons ontmoeting, deeglik te ondervra, want ons het al ‘n paar vals alarms beleef met sogenaamde leiers wat voorgegee het dat hulle Israel sou verlos, maar die volk uiteindelik net bloed en trane besorg het. Maar toe ons in Nasaret aankom en ek uiteindelik voor Jesus staan, het al my voornemens vervaag toe ek in sy oë kyk. Dit was asof sy vriendelike stem met ‘n gerusstellende streling my ore bereik, terwyl ek oopmond na Hom bly staar: “Ja, Ek weet jy is Simon, maar jou naam sal van nouaf Petrus wees, die

mooi Aramese woord Cefas, want op die getuienis van hierdie rots gaan Ek my gemeente bou."

Ek weet nie of Hy nog iets meer gesê het nie, want ek kan niks meer as daardie woorde van Hom onthou nie. Toe ons die volgende dag weer op pad terug was na Kapernaum, het dit deur my gedagtes bly maal. Het Hy gesê ek is 'n rots? Hoe kon Hy dit van my sê, ek wat vir elke bakatel skrik, vandag só besluit en môre net andersom doen?

Andreas en Johannes was teleurgesteld omdat ek nie met dieselfde geesdrif as hulle aanvaar het dat Jesus die beloofde Messias van God was nie. Ek het erken dat Hy 'n besondere Persoon was, miskien 'n profeet wat die Here gestuur het om ons ou afgedwaalde volkie weer nader aan Hom te trek. Maar waarom wil Hy my naam na "Cefas" verander. Ek is mos nie 'n rots nie!

Die ouditorium op die water

Terug in Kapernaum het ek en Andreas ons visbedryf weer met mening aangepak. Ons het sommige dae nie veel gevang nie, maar gewoonlik was die nagskofte 'n groot sukses. Dan moes ons tyd afsonder om ons vis buite Kapernaum te gaan verkoop, want ons plaaslike mark was meesal oorlaai. Ons en ou Sebedeus en sy seuns was nie die enigste vissers wat hier op die noordelike waters van die Galilese See 'n bestaan probeer maak het nie.

'n Paar weke nadat ons van Nasaret af teruggekom het, merk ek een môre op dat daar 'n ongewone drang van mense in die stad se ou nou straatjies rondbeweeg. Ek en Andreas was in die hawe besig om ons skuit gereed te maak vir die vangs van

die dag. 'n Endjie van ons af was Jakobus en Johannes ook met hulle skuit besig. Ek sien 'n klomp mense na ons toe aankom. Toe die eerstes ons bereik, bestook hulle ons met vrae: "Waar is Jesus? Is Hy nie hier nie? Het julle Hom nie gesien nie?"

Ek was verbaas. Die gedrang het al hoe groter geword. Toe sien ek werklik die Nasarener tussen 'n groot groep mense langs die waterkant na my skuit toe aankom. Hy sukkel om deur die massa te kom, want elkeen van hulle wil vir Hom iets vra of sê of net aan Hom raak. Later het een van hulle my vertel dat Jesus nie meer in Nasaret bly nie, maar hierheen gekom het om vir die mense in die dorpe rondom die Galilese See te preek. Nou stroom almal na Hom toe en baie gaan sommer saam met Hom van die een plek na die ander.

Hy het uiteindelik ons skuit bereik. Toe sê Hy: "Petrus, Ek wil graag met die skare gesels, maar hulle verdring My. Neem My met julle skuit 'n endjie in die water in, sodat Ek daarvandaan met hulle kan praat."

Ons het dit dadelik met die grootste graagte gedoen. Ek en Andreas het net ver genoeg van die waterkant af weggeroei, om te sorg dat die oormoedigstes ons nie kan bereik en lastig val nie. Die mense het oral van die waterkant af, teen die rantjie op, plek ingeneem en stil geword om te hoor wat Jesus vir hulle wil sê. Toe het Hy met hulle begin praat.

Ek kon agterkom dat hulle elke woord hoor wat Hy sê, alhoewel hy nie danig hard gepraat het nie. Ons was in 'n natuurlike ouditorium, want die klankbord van die watervlak rondom ons het sy stem teen die rantjie uit weerkaats.

Ek het nooit vantevore in Kapernaum se sinagoge so'n

preek gehoor nie. Teen hierdie tyd het ek begin besef dat hierdie Jesus van Nasaret, wat my die naam Petrus gegee het, nie ‘n gewone mens is nie.

Toe Jesus klaar met die skare gepraat het, sê Hy vir my en Andreas: “Roei ‘n endjie in die diepsee in, dan gooi julle die nette uit om vis te vang.”

Ek sê toe: “Rabbi, ons sal so maak omdat U dit vra, maar ek wil net vooraf sê ons sal nie ‘n enkele vis vang nie. Hulle loop nie vandag nie. Ons was die heelnag uit. Daar het nie eers ‘n ou kurpertjie in ons nette ingeloop nie.”

Ek kry nou nog skaam oor my ongelowigheid van daardie môre. Al het ek Jesus nog skaars geken, het ek reeds al gehoor van die wonders wat besig was om in Galilea plaas te vind.

Hoe vang ‘n mens mense?

Ons was skaars tweehonderd tree die diepsee in, toe trek die werpnet agter die skuit só swaar dat ons skaars kon beweeg. Ek sien net visse krioel en wonder of ons hierdie vrag ooit aan wal gaan kry. Gelukkig gewaar ek vir Jakobus en Johannes in hulle skuit ‘n endjie agter ons en wink vir hulle om ons te kom help. Ons twee skuite was swaar belaai toe ons na die land toe roei.

Ek was verstom oor wat gebeur het. Wie is hierdie heilige Man wat sulke dinge kan doen? Toe ek in sy vriendelike gesig opkyk, kon ek van aandoening nog skaars ‘n woord uitstotter: “Here, ek is ‘n sondige man. Gaan asseblief tog maar weg van my af.”

Sy oë was vol medelye met my toe Hy saggies antwoord:

“Moenie so bang en bekommerd wees nie, Simon. Ek het mos vir jou gesê jy gaan van nou af Petrus wees, en soos jy hierdie visse gevang het, gaan jy van nou af mense vang.”

Onderwyl ons daardie dag besig was om die groot aantal visse wat ons gevang het, te bewerk, het daar baie vrae soos ‘n maalkolk deur my gemoed geklots. Wie is hierdie wonderlike Man werklik? Andreas en Johannes sê Hy is die Messias. As dit so is, hoe gaan Hy die Romeine uit ons land verdryf? Gaan Hy dit met ‘n wonderwerk doen soos dié een wat ek vandag met ons wonderlike visvangs gesien het?

Is Hy nie dalk God self nie?

Die dag daarna was ek en Andreas besig om ons nette uit te spoel. ‘n Klein endjie van ons af was Jakobus en Johannes ook daarmee besig. Ons het gepraat oor die wonderlike visvangs.
Andreas het oorgeloop van lof vir Jesus. By hom was daar geen twyfel dat Hy die beloofde Messias is nie. “Ouboet, toe ek en Johannes saam met Hom van die Jordaan na Nasaret gekom het, het Hy vir ons gesê Hy het gekom om te soek en te red wat verlore was. Beteken dit dan nie dat Hy ons arme Israel, wat so verlore leef onder die Romeine se verdrukking, gaan verlos nie?”

Dit het vir my goed geklink, want ek onthou dat Hy, toe Hy vanuit die skuit met die skare gepraat het, verskeie kere vir hulle gesê het hulle moet hul bekeer, want die koninkryk van God het naby gekom; sy nuwe wêreld is voor die deur. Dat Hy ‘n wonderlike mens is wat wonderwerke kan laat plaasvind, het ek nou self gesien, maar om die magtige Romeine uit Jerusalem en ons land te verdryf, sal nie één man se werk wees nie.

Onderwyl ons so praat, kom daar ‘n Man al langs die waterkant na ons toe aangestap. Toe Hy naderkom, sien ons dat dit die Nasarener is. Waarom staar ek Hom so spraakloos aan? Hy kom tot by ons en kyk ‘n paar oomblikke met belangstelling na wat ons doen. Dan sê Hy: “Petrus en Andreas, laat staan hierdie skuit van julle en kom saam met My. Ek gaan van julle vissers maak wat van nou af mense vang.”

‘n Onkeerbare mag het my gedwing om die spane en die nette in die skuit te pak. Toe sê ek, “Kom Andreas” en ons begin om agter Jesus aan te stap. Hy gaan staan ook by Jakobus en Johannes se skuit en sê vir hulle ook dat Hy hulle vissers van mense gaan maak. Hulle het ook alles net so laat staan en saam met ons geloop. Ek het geweet ons kan nie anders nie; dit is God wat ons roep. Is hierdie Man nie dalk God self nie?

(2)
WIE IS HY WERKLIK?

Nadat ons vier manne by Jesus aangesluit het, het ons meteens ‘n baie bedrywige tyd begin beleef. Waar ons bedags saam met Hom langs die meer geloop het, het al hoe meer mense ons knaend begin volg. Hulle het gehoor Hy kan hulle siektes genees en het sommer hulle kreupeles en lammes en selfs blindes en dowes saamgebring.
Ek het gewonder wat al hierdie mense van Jesus gedink het dat hulle so na Hom toe aangeswerm gekom het. Is dit net ter wille van die hoop om ‘n genesing of ander wonderwerk te sien, of hou hulle Hom vir ‘n profeet, of selfs vir die Messias? Ek self het nie geweet wat om te dink nie.

Daardie eerste aand, nadat Jesus ons vier van ons skuite af weggeroep het, het ek vir Andreas gesê ek dink ek het ‘n groot fout gemaak; ek dink ek gaan môre maar weer terug na my skuit toe. Wie gaan vir ons sorg as ek nie meer visvang nie?

Andreas wou nie daarvan hoor nie. Vir hom is Jesus die Messias, uit en gedaan
.
“Maar Andreas, die Messias moet ons tog van die Romeinse juk bevry. Lyk Jesus vir jou soos ‘n militêre aanvoerder? As Hy die Messias is, hoe dink jy, hoe gaan Hy dit doen?”

Maar Andreas het ook nie geweet nie. Ons het saamgestem dat Hy ‘n wonderlike Persoon is.

Na ‘n paar dae saam met Hom, het ek nie meer gedroom om my visbedryf te gaan hervat nie. Trouens, ek het reeds só

verkleef geraak aan hierdie Man van Nasaret, dat ek begeer het om dag en nag in sy teenwoordigheid deur te bring. Ek het vir Hom verblyf in my huis in Kapernaum aangebied, wat Hy geredelik aanvaar het.

Toe gaan hou ons bruilof

Daarna het Jesus se bediening in die dorpies aan die noordelike oewer van die Galilese See begin.

Op ‘n sekere dag sê Hy vir ons vier volgelinge van Hom, dat ons uitgenooi is om ‘n bruilof te gaan bywoon in die dorpie Kana, wat wes van die meer geleë is. Kana is nie baie ver van Nasaret af waar Hy grootgeword het nie en hulle het die paartjie wat gaan trou geken. By ons aankoms daar het ek Jesus se moeder, Maria, ontmoet, en ook vriende van Hom, Lasarus en sy twee susters, Martha en Maria, wat in Betanië gewoon het.

Daardie middag was die vrolike bruilofsfees net mooi lekker op dreef, toe die wyn wat die bruidegom aan sy gaste voorsien het, opraak. Ek het gesien Jesus se moeder het met Hom daaroor gaan praat. Hy het ses groot klipkanne vol water laat maak, waarna die water in wyn verander het. Dit was die lekkerste wyn wat ek nog ooit gedrink het.

Daarna het ek weer besef dat Jesus nie ‘n gewone mens kan wees nie. ‘n Profeet kan gewoonlik ook nie sulke wonderlike dinge doen nie. Hy moet seker maar die Messias wees. Maar hoe gaan Hy dit regkry om die Romeine in die see te jaag? Dis mos groot dinge daardie.

‘n Dissipel vir elke stam

Die aantal mense wat kom kyk het wat Jesus hier by die Galilese See doen, het elke dag meer geword. Naderhand was daar ‘n aantal wat Hom voortdurend gevolg het, net soos ons vier manne wat Hy eerste geroep het. Jesus het uit hulle geledere nog agt manne gekies om, niet soos ons vier, sy dissipels te wees. Die ander manne se name is Filippus, Bartholomeus, Matteus, Tomas, Jakobus (sy pa was Alfeus), Simon (hy is ook die Yweraar genoem), Judas (sy pa was Jakobus) en Judas Iskariot.

Nadat ek besluit het dat Jesus seker maar ons verwagte Messias moet wees, het ek gedink dat Hy ons twaalf dissipels uitgesoek het om ons as generaals op te lei vir die komende stryd teen die Romeine, en elkeen van ons daarna as ‘n minister te gebruik om oor een van die twaalf stamme van Israel te regeer. Hy het mos vir my en Andreas en Jakobus en Johannes gesê hy gaan ons gebruik om mense te vang. Maar as ék die twaalf moes kies, weet ek nie of ek vir Tomas sou kies nie. Hy betwyfel alles wat ‘n mens vir hom sê en glo net aan dinge wat gebeur wat hy self gesien het.

Dit het my ook baie ontstel toe ek sien Jesus kies vir Matteus. Hierdie man was as doanebeampte in diens van die Romeine, hier in Kapernaum. Hy kan geen skoon gewete hê oor die onregverdige mammon wat hy daar by die tolhek vir Israel se vyand gesit en insamel het nie. En dan was daar Judas Iskariot. Ek het niks van hierdie man gehou nie. Maar ek het gesien hy kan goed met geld werk en Jesus sal hom seker as minister van finansies aanstel.

Ek het gou geleer om met al die ander dissipels klaar te kom. Ek het naderhand nie meer gewonder hoe Jesus ons

vyand gaan oorwin nie, want ek het besluit dat Hy dit eenvoudig deur ‘n wonderwerk sal laat gebeur. Daarom was ek haastig dat ons in offensief moet begin om suidwaarts te beweeg in die rigting van Jerusalem, waar ons vir Jesus as koning gaan salf.

Maar intussen het hier in Kapernaum en in die omgewing van die Galilese See sulke merkwaardige dinge begin gebeur dat ek en almal wat dit ervaar het, meesal geheel en al verstom gestaan het oor die ongelooflike wonder daarvan. Dit het my laat besef dat ons nie gou hier van Galilea af gaan wegkom nie.

Toe ons een middag laat by die huis aankom, deel my vrou my met ontsteltenis mee dat haar ma skielik baie siek geword het met ‘n geweldige hoë koors. Jesus het na haar toe gegaan, haar aan die hand geneem en opgehelp. Die hoë temperatuur was weg en sy was dadelik heeltemal gesond en het ons ‘n rukkie daarna aan die eettafel kom bedien.

Wat kom al hierdie mense doen?

‘n Dag of wat later was ons van my huis af op pad na die hawe, toe ‘n melaatse man op ons afstorm en voor Jesus neerval en smeek om genees te word. Jesus het dit gedoen en hom na die priesters gestuur, wat hom moes ondersoek en sertifiseer dat hy volkome gesond is.

Die nuus dat Jesus hier in Kapernaum mense genees en wonders doen, het oor ons hele land, en selfs in die buiteland versprei. Die mense het in groot getalle vanaf Galilea en Judea en uit Jerusalem en vanaf Idumea en van oorkant die Jordaan en van rondom Tirus en Sidon af, hier na Kapernaum en die Galilese See gestroom. Dit het vir Jesus en ons dissipels ‘n

woelige tyd geword, want hulle was gedurig op soek na waar Jesus Hom bevind het en as hulle Hom kry, wou hulle nie weer weggaan nie. Hulle het ontdek dat Hy in my huis tuis was en van toe af was ons feitlik onder beleg, want jy kon jou letterlik nie draai sonder dat ‘n aantal van hulle jou nie omsingel en wil weet waar Jesus is nie.

Een middag kom ons van die hawe af aangestap na my huis toe. Ons was gou omring van ‘n hele skare wat ons gevolg het. Ek kon hulle nie uit my huis uithou toe ons binnegaan nie. Hulle het my hele huis volgeswerm, totdat daar naderhand niemand van buite af kon inkom nie. Ek het na Jesus gekyk waar Hy in die middel van ‘n oop ruimtetjie in my groot woonvertrek staan en kalm met die mense in die volgepakte plek begin praat. Toe het my ontsteltenis verdwyn. Jesus het van die ewige dinge gepraat en almal het stil geword en gretig begin luister.

Die gat in my huis se dak

Toe hoor ek ‘n geraas op die dak en na ‘n rukkie verskyn daar ‘n gat wat al hoe groter en groter word. Ek sou toe agterkom dat daar vier manne op my huis se dak is met ‘n draagbaar waarop ‘n man lê wat totaal verlam is. Hulle kon nie by een van die buitedeure van die huis binnekom nie, so dig versper het die mense daar gestaan. Toe het hulle maar op die dak geklim, hulle vriend saam opgetrek en toe die gat wat hulle maak groot genoeg was, hom met draagbaar en al laat afsak tot voor Jesus se voete, op die plekkie waar Hy gestaan het.

Ek was verstom en almal het groot oë getrek, maar Jesus het die verlamde doodluiters aangekyk en gesê: “Vriend, jou sondes is vergewe.”

Toe hoor ek ‘n gegrommel hier naby my waar ek staan: “Wat dink Hy, sê Hy daar? Dink Hy Hy kan mense se sonde vergewe? Net God alleen kan dit doen.”

Toe kom ek agter dat daar ook ‘n paar Fariseërs en skrifgeleerdes hier binne is. Hulle het ook van Jesus gehoor en het kom kyk wat Hy alles doen.

Jesus het hulle ook gehoor. Hy sê toe: “Dis maklik om te sê, ‘Jou sondes is vergewe.’ Dis net so maklik om te sê, ‘Staan op en loop.’ Maar Ek sal nou vir julle bewys dat Ek wel mag het om mense se sondes te vergewe.” Daarop sê Hy vir die verlamde man: “Staan op, vou jou draagbaar op, en gaan na jou huis toe.”

Almal se monde het omtrent oopgehang toe die man dit werklik doen. Jy moes gesien het hoe vinnig die mense wat die deur so toegestaan het dat hy nie kon binnekom nie, nou vir hom padmaak om uit te kom! Ek het gekyk of ek nie die geagte skrifgeleerdes kan raaksien nie, maar hulle het blykbaar vinnig die aftog geblaas.

Daar was nou gereeld van hierdie geleerde voorgangers van ons volk tussen die mense wat hier na die Galilese See gekom het om vir Jesus te sien en te hoor. Ek het agtergekom dat hulle niks van Hom hou nie, want dit begin duidelik word dat die volk wat so agter Jesus aangaan, Hom vereer. Dit het nie in die smaak van die Fariseërs, skrifgeleerdes en priesterhoofde geval nie, want hulle wou graag alle eer vir hulle self gehad het as sogenaamde leiers van die volk. Daarom was dit nie hoe lank nie, of hulle was bitter vyandiggesind teenoor Hom.

Wanneer jou kalf in die put val

Ons het elke sabbatdag na die sinagoge gegaan, wanneer ons in Kapernaum was. Toe ons een Saterdagmôre weer daar kom, sien ek ‘n man met ‘n gebreklike hand daar tussen die mense. Dit was vir my snaaks, want die kreupeles en blindes en lammes het gewoonlik nie die sinagoge besoek nie. Maar dit het gou duidelik geword waarom die man daar was. Die hovaardige volksleiers het hom self daar gebring en gehoop dat Jesus hom sou raaksien en hom gesond sal maak. Dit het toe ook so gebeur en toe het hulle tog so’n lekker klag teen Hom gehad, dat Hy dan die sabbat ontheilig deur op dié dag mense gesond te maak. Jesus het vir hulle gesê: “Ja, julle geveinsdes, nie een van julle sal ‘n dier wat op die sabbat in ‘n put val, daarin laat lê en doodgaan nie, maar Ek mag nie ‘n mens, wat veel meer werd is as ‘n dier, op die sabbat gesond maak nie? Die mens is nie vir die sabbat gemaak nie. Die sabbat is vir die mens gemaak om in sy behoeftes te voorsien.”

Op ‘n volgende keer was ons weer hier in Kapernaum se sinagoge saam met Jesus, toe daar ‘n duiwelbesetene opspring en hard begin skree: “Jesus van Nasaret, het U gekom om ons te verdelg? Ons wil niks met U te doen hê nie. Ek weet wie U is; U is die heilige van God!”

Jesus sê toe vir die bose gees: “Bly stil en gaan uit hom uit!” Die demoon het die arme man stuiptrekkings laat kry toe hy hom verlaat, maar daarna was hy gesond. Dis snaaks, die wetgeleerdes het toe nie weer hulle monde daaroor gerek nie.

Wanneer gaan ons na Jerusalem?

Nadat Jesus ons twaalf dissipels aangestel het en ek deur sy wonderwerke oortuig is dat Hy wel die beloofde Messias van God is wat gestuur is om ons volk te kom verlos, het ek haastig geword dat ons suidwaarts moet beweeg om in offensief teen die Romeine in Jerusalem op te trek. Maar Jesus het blykbaar gemeen dat die tyd daarvoor nog nie ryp was nie, want Hy het ons elke dag na die oewer van die meer geneem, om vir ons daar aan die waterkant meer van die koninkryk van God te leer. Soms het ons ‘n endjie teen die berg uitgeklim. Dan het ons dissipels onsself so in ‘n kring om Hom geskaar, waar Hy op ‘n klip gaan sit het om met ons te praat. Dan het ek gedink dat Jesus seker nie wil koning wees oor ons en oor ‘n volk wat so ver afgedwaal het van God en sy gebooie nie. Ons moet ons eers van ons sondige weë bekeer, voordat Hy sal toelaat dat ons Hom in Jerusalem as koning kroon. Ek het my met hierdie gedagte vergenoeg en besluit om te wag totdat Hy self aandui dat die tyd ryp is vir die groot gebeurtenis om plaas te vind.

Gee vir hulle iets om te eet

Een môre het ons uit Kapernaum se hawe met my skuit na die oorkant van die meer gevaar en op ‘n taamlike stil en eensame plekkie weer aan wal gestap. Dit was naby Tiberias. Jesus wou dat ons hiervandaan in die rigting van Dalmanuta stap. Ek het gesien Hy wil so’n bietjie wegkom van die gewoel af. Dit sou ‘n lekker geleentheid vir ons dissipels gewees het om Hom tog ‘n slag vir ons alleen te hê, maar ons het nie rekening gehou met die oplettendheid van die mense wat ons so knaend agtervolg het nie. Hulle het ons ontdek en hulle getalle het gaandeweg aangegroei. Ons kon nie verder loop nie, want hulle het ons omring.

Ek het gesorg dat Jesus ‘n gerieflike sitplekkie op ‘n boomstomp kry, naby die waterkant. Hy wou met die mense praat, maar het geen geleentheid daartoe gekry nie, want hulle het aanhoudend kreupeles, lammes, dowes, blindes en ander siekes na Hom gebring om genees te word. Ons dissipels het ons hande vol gehad om die verkeer te reël en te sorg dat hulle hom nie vertrap in hulle pogings om Hom heel eerste te bereik nie.

Jesus het hulle almal, een vir een gesond gemaak. Ek is seker daarvan dat Hy naderhand vermoeid geraak het weens die aanhoudende kragstroom wat uit Hom gevloei het, maar Hy het nie een van hulle weggewys nie, maar elkeen met goddelike deernis en meegevoel gehelp.

Toe sien ek ‘n vrou uit die gewoel tevoorskyn tree en oor die sand na Jesus aangestap kom. Sy het ‘n volgepakte mandjie in die hand. Ek loop haar voor om te vra wie sy is en wat sy van plan is om te doen. Sy kyk my vriendelik aan en sê: “Ek ken jou al, Simon Petrus. Ek is Maria Magdalena. Ek kom nou net van my huis af in Magdala, om vir Jesus hierdie kos te bring. Julle honger dissipels kan ook maar saam eet. Hier is genoeg vir al twaalf van julle.”

Net daar vertel sy my vlugtig dat sy ‘n duiwelbesetene was en dat Jesus nie minder nie as sewe demone uit haar gedryf het. Nou lê sy haar daarop toe om met die hulp van ‘n paar vroue in Jesus se stoflike behoeftetjies te voorsien, wanneer Hy Hom nie by my aan huis bevind nie. So sorg die Here vir ons.

Laat daardie middag was daar nie meer siekes om te genees nie. Die mense het rondgedwaal en het moeg en honger gelyk.

Ek het na Jesus toe gestap en gevra dat Hy hulle moet huis toe stuur. Dié wat ver vandaan gekom het, kan in die naaste dorpie vir hulle gaan kos koop. Jesus wou hulle nie wegstuur nie. Hy het tot my ontsteltenis gesê dat ons dissipels vir hulle moet kosgee. Filippus sê toe ons het nie geld nie, maar tweehonderd pennings sal ook nog te min wees om vir soveel mense brood te koop. My broer Andreas sê hy het 'n seuntjie met 'n mandjie gesien waarin vyf garsbroodjies en twee gaar vissies is.

"Ag Andreas, ons kan tog nie dié arme kind se ou padkossies annekseer, wat skaars genoeg vir een man sal wees nie. Wat van al die ander duisende?" sê ek.

Daarop vra Jesus dat ons die seuntjie na Hom toe moet bring. Hy was ewe gewillig om sy ou kossies vir Jesus aan te bied. Jesus het ons gevra om die mense nader te roep en hulle in groepe op die groen grassies te laat plaasneem.

Daarna het ek asemloos gestaan en kyk wat Jesus gaan doen. Hy het opgestaan en boontoe gekyk en vir Jehova dankie gesê. Daarna het Hy die broodjies geneem en dit in stukke begin breek en aan ons uitgedeel om aan die skare te gee. Hy het dieselfde met die vissies gedoen.

Ek het by tye gedink dat ek droom en dat dit nie die werklikheid is wat plaasvind nie, onderwyl ek die stukke brood en groot porsies vis uitdeel om geëet te word. Ons het ons hande vol gehad om te sorg dat almal daarvan kry, en die voorraad in Jesus se hande raak net nie op nie! Toe almal genoeg gehad het, het daar nog twaalf mandjies vol oorgebly. Jesus het met vyf broodjies en twee vissies vyfduisend mans en 'n aantal vrouens en kinders genoeg laat eet. Ek het gesien daardie ou seuntjie het later met baie meer in sy mandjie daar

weggestap as die vyf broodjies en twee vissies wat hy gehad het toe hy daar gekom het.

Ek was verstom oor wat ek daardie dag gesien het. Al die dissipels was feitlik spraakloos saam met my, onderwyl ons na die wonderlike maaltyd opruimingswerk op die terrein gedoen het. Jesus het vir die mense gevra om na hulle dorpe en huise te gaan, want die nag was op hande. Hulle het dit baie traag gedoen, want almal wou net by Hom wees en by Hom bly, na hierdie groot wonderwerk wat Hy gedoen het. Ek self het ook weer meteens haastig geword dat ons na Jerusalem moet gaan, want ek het geglo dat Jesus die Romeine sommer met een asemteug in die see gaan blaas. Waarom talm ons dan nog?

Kan 'n mens op die water loop?

Nadat al die mense uiteindelik die terrein verlaat het en na hulle tuistes vertrek het, was dit reeds sterk skemer. Jesus het toe vir ons gesê dat ons in die skuit moet oorvaar na die dorpie Gennesaret, maar dat Hy self eers 'n endjie hier teen die berg op wil stap, om in die stilte en eensaamheid te gaan bid. Ek wou eers daarteen protesteer, want hoe gaan Hy weer by ons uitkom as ons nou sonder Hom met die skuit wegry? Maar toe dink ek daaraan dat alle dinge vir Hom moontlik is. Toe het ons maar gedoen wat Hy gevra het.

Die Galilese See kan by tye baie bedrieglik wees. Daar kan meteens sommer 'n kwaai wind opsteek wat hoë golwe opjaag en dit lewensgevaarlik maak vir skuite wat hulle dan op see bevind. So 'n wind het daardie nag ons oorvaart na Gennesaret bemoeilik. Ons het die heel nag teen die sterk wind en die golwe geworstel, totdat dit lig geword het.

Toe sien ons iets wat ons asems skoon wegslaan. ‘n Man het al op die bruisende waters na ons aangestap gekom! Ons kon nie glo wat ons sien nie en ‘n paar van ons skree, “Help, dit is ‘n spook!” Maar dit was Jesus wat so op die water na ons aangestap kom. Toe Hy naby die skuit kom en sien hoe verskrik ons almal is, roep Hy uit: “Moet tog nie so bang wees nie; dit is Ek!”

Toe hou ek my skielik baie kordaat en ek roep: “Here, beveel my om daar na U toe te kom!”

Jesus wink met sy hand en roep: “Nou toe kom!”

Sonder om twee keer te dink, is ek oor die kant van die skuit en daar stap ek op die water na Hom toe. Die wind loei en die golwe dein op en af. Daar kom ‘n grote aangerol en maak dat ek Jesus ‘n oomblik lank gladnie kan sien nie. Ek skrik en hoor die dissipels in die skuit agter my gil: “Petrus, wat maak jy!” Toe sink ek. Voordat die skuimende kouwater my insluk, kry ek dit uit.: “Here help!” Meteens is ek weer uit, bokant die watervlak, aan Jesus se sterk hand geklem, saam met Hom op pad na die skuit. Ek hoor die deernis in sy stem, bokant die geraas van die wind toe Hy sê: “Petrus, jy het só mooi begin. Waarom het jy dan getwyfel, ou kleingelowige?”

Toe ons in die skuit oorklim, was my mede-dissipels se oë so groot soos pierings van verstomming. Niemand het gepraat nie. Die wind het gaan lê. Ek het my gesig in my hande verberg van skaamte en teleurstelling, omdat ek met my voortvarendheid hierdie ding veroorsaak het en met my kleingelowigheid vir Jesus so teleurgestel het. Toe ek uiteindelik opkyk, sien ek Andreas en die twee broers Jacobus en Johannes sit aldrie met so’n meewarige uitdrukking op hulle

gesigte my en aanstaar, asof hulle wil sê: “Wat het die arme kêrel probeer doen?”

My broer Andreas het eenmaal vir my gesê: “Ouboet Simon, jy doen dinge partykeer sommer impulsief en halsoorkop, sonder om vooraf eers te dink of dit die regte ding sal wees om te doen.” Ek het my toe vir hom vererg, maar vanmôre het ek regtig ‘n ding probeer doen, sonder om te dink. Maar Jesus het dan gesê ek het so mooi begin. Dit was net my vrees en kleingeloof wat my laat sink het. Ek sal Hom nie weer teleurstel nie!

‘n Rukkie later het ons by Gennesaret aan wal gestap. Ek kom toe agter dat die dorpie se inwoners geweet het van ons koms, want daar was reeds honderde mense op die strand. Hulle het hul siekes gebring om deur Jesus genees te word. et waar ons die volgende paar dae gegaan het, is ons deur ‘n groot gedrang van mense omring. So het dit gegaan by elke dorp waar ons gekom het. Ons is daarvandaan oor land na Kapernaum en toe oor die Jordaan na Betsaida en toe nog verder noord tot by Gorasin.

Op elke plek waar ons gekom het, wou die mense vir Jesus net met geweld koning van Israel maak, wanneer Hy met hulle oor die koninkryk van God praat en hulle die wonderwerke sien wat Hy doen. Gelukkig het Jesus hulle telkens gekeer om dit te doen, want dit was nie die aangewese tyd of plek daarvoor nie. Dit moet in Jerusalem gebeur, wanneer die hele volk gereed is en die Romeine oorwin is.

U is die Christus

By Gorasin het Jesus vir die mense in die sinagoge gepreek. Daarna het ons tot so ver noord as Sesarea-Filippi gegaan. Selfs hier in die buiteland het die mense al van Jesus geweet en saamgestroom om Hom te sien en aan te hoor. Hier het ek die eerste keer gehoor dat Jesus Homself die Seun van die mens begin noem het. Ek het nie heeltemal verstaan wat Hy daarmee bedoel nie.

Toe ons gereedmaak om weer na Kapernaum terug te keer, roep Jesus ons twaalf dissipels bymekaar en sê: "Ek wil baie graag weet wat die mense van My sê. Hoe dink hulle wie is Ek?"

Johannes antwoord toe: "Here, die meeste mense wat ek teëkom, is vas oortuig dat U Elia is wat weer na die aarde gekom het."

Jakobus, sy broer, sê toe: "Ja, maar ek het ook gehoor hulle dink Johannes die Doper se gees het weer in U herleef."

Daarop sê my broer Andreas dat baie mense al vir hom gesê het Jesus is niemand anders nie as Jeremia, of een van die ander profete.

"Maar júlle, wie sê júlle is Ek?" vra Jesus.

Ek het onmiddellik geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

"Ja Simon, my Vader in die hemel het dit aan jou openbaar. Jy is Petrus. Ek gaan op hierdie rots my gemeente bou. Niks sal dit ooit kan oorweldig nie. Ek gaan vir jou die

koninkryk van die hemel se sleutels gee. Wat jy op die aarde vasbind, sal in die hemel vas wees. Wat jy op die aarde losmaak, sal in die hemel los wees."

My kop het geduisel toe ek dit alles hoor. Ek? Vergelyk die Here my weer met 'n rots? Ek, met my voortvarende mislukkings? Maar toe begin daar 'n sterk selfvertroue in my groei. Jesus dink ek is in staat om 'n groot en verantwoordelike werk te doen. Ek sal hom nie teleurstel nie!

Daardie middag het Jesus vir ons gesê dat ons een van die dae vanaf Kapernaum en die Galilese See suidwaarts na Jerusalem toe moet gaan. Hy sal daar nog baie moet ly onder die vyandigheid van die volksleiers. Die ouderlinge, priesterhoofde en skrifgeleerdes sal Hom daar laat doodmaak, maar Hy sal op die derde dag daarna weer uit die dood opstaan.

Ek dink sy mededeling het my van al die dissipels die meeste geskok. Dis tog onmoontlik! Ons gaan Jerusalem toe om Hom as koning uit te roep. Waarom sê Hy sulke dinge? Ek het Hom aan die hand geneem en 'n endjie van die ander dissipels af weggelei. Toe het ek vir Hom gesê: "Here, U moenie sulke dinge sê nie. Dit sal nooit gebeur nie. Daarvoor sal ék sorg."

Jesus het na my gekyk. Dit het gelyk of sy oë van toorn vlam. "Gaan weg van My af, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok en jy staan in my pad. Jy dink nie aan die dinge wat God wil hê nie, maar wat die mense wil hê."

Daardie woorde van Jesus het my heeltemal lamgeslaan. Ek het van Hom af weggestrompel en uiteindelik onder 'n boom gaan sit en probeer om my verwarde gewaarwordinge te

orden, maar ek kon nie verstaan waarom Jesus my so hard geslaan het nie. Daardie aand het ek probeer lig en troos soek by Andreas en by Jakobus en Johannes, maar hulle kon ook nie vir my verklaar waarom Jesus sê dat Hy sy dood in Jerusalem tegemoet gaan nie. Dit mag mos nie gebeur nie! Is Hy dan nie die Messias wat gekom het om ons volk te verlos nie? Vanmiddag, toe ek vir Hom gesê het Hy is die Christus, die Seun van die lewende God, het Hy dit erken. Hy het mos nie na die aarde gekom om vermoor te word nie. Ag Here, ek weet nie watter dinge nog verder gaan plaasvind nie. Help my asseblief om dit te verstaan wanneer dit begin gebeur.

(3)
VOORBEREIDINGS VIR DIE AANSLAG

Die aangename somerdae wat ons die afgelope paar maande hier langs die See van Galilea beleef het, was besig om verby te gly.. Saans, wanneer ons saam met Jesus vanaf die hawe in die rigting van my huis gestap het, het ‘n koue luggie onmiskenbaar reeds sy byt laat voel. Ek het só gehoop dat ons voor die winter reeds in Jerusalem sal wees. Ek het nie die vrymoedigheid gehad om Jesus daarna uit te vra nie, want ek het nog sleg gevoel dat Hy my so bestraf het, omdat ek nie wil hê dat hulle Hom moet doodmaak nie.

Wat is gelykenisse?

Volgens my oordeel kon ons lankal in Jerusalem gewees het, al moes Jesus hier in die omgewing van Kapernaum en die Galilese See so baie mense van hulle siektes en kwale genees. Hy het ook nie ‘n geleentheid laat verbygaan om met die skare oor die ewige lewe te gesels nie. Aan die begin het ek gedink dis onnodig dat Jesus urelank met hulle praat, want dit hou ons langer van Jerusalem af weg. Maar later het ek besef dat Jesus nie kan koning wees oor ‘n volk wat só vol sonde en ongeregtigheid is nie. Jehova word skaars nog gedien. Daarom leer Jesus hulle elke dag meer van God se koninkryk, sodat hulle hul moet bekeer, voordat ons Jerusalem toe gaan.

Jesus het ons dissipels ook spesiaal voorberei vir die koms van sy koninkryk. Hy wou hê dat ons ons lewens moet regmaak en verander en verbeter, want ons moet almal leiers in sy koninkryk wees na wie die volk kan opsien en begeer om ook soos ons te leef. Hy het ons een môre ‘n endjie teen die

berg uit geneem. Ons het almal in ‘n kring om Hom gaan sit en ‘n paar uur lank sy kosbare woorde ingedrink.

Ek het daardie môre besef hoe baie dinge ek in my ruwe en selfsugtige lewe sal moet regmaak, om vir Hom aanneemlik te wees. Hy het gesê: “As jou regterhand jou laat struikel, kap dit af, sodat jou hele liggaam nie in die hel gewerp word nie….As iemand jou dwing om ‘n kilometer ver saam met hom te loop, moet jy tweemaal so ver saamgaan….Julle moet jul vyande liefhê, sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is….As jy liefdadigheid bewys, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie….Julle Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra….Maak vir julle skatte bymekaar in die hemel waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie….Kyk hoe voed julle hemelse Vader die voëls van die hemel. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Moet julle nie kwel oor wat julle moet eet of drink of aantrek nie, want julle Vader weet dat julle dit alles nodig het. Soek eers die koninkryk van God en daarna sal julle al hierdie dinge ontvang….Bid en vir julle sal gegee word; klop, en vir julle sal oopgemaak word….Elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word...”

Jesus het baie keer ook vir ons ‘n verhaal vertel om vir ons te verduidelik hoe dit in die koninkryk van die hemele gaan. Hy het gesê Hy doen dit omdat baie van ons nie sien wat ons sien nie en nie hoor wat ons hoor nie, want soms het ons nie eers die storie in die gelykenis wat Hy vertel het, verstaan nie.

Een keer het Hy vir ons ‘n gelykenis van ‘n saaier vertel. Die saad wat hy gesaai het, het op verskillende plekke geval, op harde grond, op klipbanke, tussen die onkruid en in goeie,

bewerkte grond. Die saad wat in die pad op harde grond geval het, is deur die voëls opgepik. Dié op die klipbanke het ontkiem, maar kon nie wortelskiet nie. Die saad tussen die onkruid het opgekom, maar is verstik. Dié wat in goeie grond geval het, het gegroei en goeie vrugte gedra.

Toe ons Hom daarna vra, het Hy gesê die saad is die Woord van God. As mense dit hoor en nie verstaan nie, val die saad in hulle op harde grond. As mense die Woord hoor en aanvaar en weer afvallig word, val die saad op die klipbanke, waar dit wel ontkiem, maar nie kan wortelskiet nie. As iemand die Woord in sy hart deur bekommernisse en verleidelikhede van die lewe laat verstik, val die saad in die dorings en die onkruid. Maar as iemand die Woord hoor en verstaan en dit aanvaar en daarvolgens leef, val die saad in goeie grond, wat goeie vrug sal dra.

Jesus het nog baie ander gelykenisse vir ons dissipels vertel en vir die skare van mense wat Hom so agtervolg het, want Hy wou hê dat ons sy Vader in die hemel se liefde en genade beter moes leer ken. Daar was die verhaal van die verlore seun, die verlore skaap, die goeie herder, die tien jong meisies, die talente en nog baie ander.

Met die pragtige verhaal van die verlore seun het Jesus vir ons sy Vader se barmhartigheid, vergewensgesindheid en liefde vir sondaars wonderlik beskryf. Hy het vertel dat ‘n goeie pa twee seuns gehad het. Op ‘n dag het die wanderlus die jongste een gepak Hy het vir sy pa gevra om tog asseblief al die besittings en geld wat hy sou erf, aan hom te oorhandig, want hy wil die wye wêreld ingaan en selfstandig gaan lewe. Sy pa het dit gedoen en hy is daar weg. Die oudste seun was darem nog beskikbaar om sy pa by te staan.

Die jongste seun het ‘n weelderige en genotvolle en uitspattige lewe in ‘n vreemde land gaan voer. Hy het baie vriende gehad wat gehelp het om sy erfenis te verkwis, maar toe hy kaalgestroop raak, het almal hom verlaat. Al uitkoms was om hom aan een van die rykes van daardie land te verhuur en sy varke op te pas. Dit was ‘n vreeslike vernedering vir hierdie jong Joodse seun, wat nooit aan ‘n vark geraak het nie. Die honger het hom verteer, want hy kon nie die varke se kos eet nie.

Toe hierdie verlore seun uiteindelik met groot berou in sy hart daaraan dink dat selfs die dagloners op sy pa se plaas daar baie beter aan af is as hy en volop het om te eet, het hy besluit om terug te gaan en sy skuld te gaan bely. Sy pa, wat nog al die tyd gehoop het dat hierdie verlore seun van hom sou terugkeer, was oorstelp van blydskap en het hom met nuwe guns oorlaai.

Onderwyl die hele huishouding besig was om oor sy terugkeer fees te vier, het die oudste seun daar aangekom en met bitterheid in sy hart sy pa verwyt dat hy nog nooit vir hom wat al die jare aan hom getrou was, so’n feesmaal gegee het nie.

Sy pa se antwoord was: “Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het is ook joue. Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry.”

Kom ons bou drie hutte

Nadat Jesus daar by Sesarea-Filippi vir my gesê het my naam moet Sefas wees en dat Hy op hierdie rots gaan bou, het

ek begin dagdroom en my sommer gou al gesien as sy eerste minister in sy koninkryk wat sal kom. Maar ek was weer half platgeslaan toe Hy vir my gesê het ek wil hê dinge moet gebeur soos die mense dit wil hê en nie soos God wil nie. Toe Jesus naderhand vir Jakobus en Johannes vra om Hom saam met my te vergesel wanneer Hy spesiale plekke sonder die ander dissipels besoek het, het ek begin jaloers voel en gedink dat Hy naderhand een van hulle in my plek gaan stel.

Een middag roep Jesus ons drie bymekaar en vra dat ons saam met Hom teen die berg moet uitklim; Hy wil graag daar in die stilte van die rustige natuur se gewyde atmosfeer gaan bid, sonder die steurende teenwoordigheid van honderde mense wat Hom maar gedurig omring het, waar ons ook al heen beweeg het.

Net voordat ons die kruin bereik het, het Jesus gevra dat ons drie daar ‘n rukkie moet wag; Hy wil alleen ‘n endjie verder gaan. Jakobus en Johannes het met mekaar gesit en praat oor twee gelykenisse wat Hy vir ons saam met die gelykenis van die verlore seun vertel het, van ‘n penning en ‘n skaap wat weggeraak het en ook weer gekry is.

Ek het maar met ‘n halwe oor geluister en gesit en kyk hoe Jesus ‘n endjie van ons af op die kruin in ‘n biddende houding staan. Ek het geweet Hy verkeer op daardie oomblik in gesprek met sy hemelse Vader.

Na ‘n rukkie hoor ek nie meer vir Jakobus en Johannes praat nie en sien hulle het altwee aan die slaap geraak. Ek wou myself ook net lekker op die groen gras neervly, toe ek sien dat Jesus heeltemal verander het. ‘n Helder lig het Hom omstraal en sy klere het skitterend wit geword.

Ek het ‘n paar oomblikke spraakloos na Hom bly staar. Toe verskyn daar skielik twee mans weerskante van Hom. Dit het gelyk asof hulle klere deurskynend was, net of ‘n mens dwardeur hulle kan sien.

Ek het vir Jakobus en Johannes wakker gemaak. Ons het verdwaas na hierdie wonderlike toneel bly staar. Jesus het in sy blinkende wit klere met die twee mans gestaan en praat. Wie sou hulle tog wees? Naderhand fluister Johannes: “Dit is Moses en Elia.”

Ek het geweet hy is reg. Toe spring ek op en hardloop ‘n paar tree nader. Die woorde borrel sommer uit my mond: “Here! Here! Dis wonderlik om hier te wees! Kom ons bou drie lekker hutte, sommer net hier, een vir U, een vir Moses en een vir Elia!”

Toe ek tot my sinne kom, besef ek dat ek al weer ‘n dwaashed kwytgeraak het. Gelukkig lyk dit of Jesus my gladnie gehoor het nie. Daar kom ‘n mooi wit wolk aangesweef en gooi sy skaduwee oor ons. ‘n Paar oomlikke later sluit die wolk ons almal met ‘n swaar mistigheid in en ons hoor ‘n stem: “Dit is my geliefde Seun, oor wie Ek My verheug. Luister na Hom!”

Die almagtige teenwoordigheid van God in hierdie wolk, het ons drie dissipels van ons voete af geruk en op die grond neergeslinger. Toe ons na ‘n paar oomblikke weer bewend op ons voete kom, was die wolk weg. Moses en Elia was ook nie meer sigbaar nie.. Net Jesus het voor ons gestaan.

“Moenie so bang wees nie,” het Hy gesê. “Hierdie verheerliking van My deur my Vader moes plaasvind in

teenwoordigheid van Moses en Elia. Ons het gepraat oor wat binnekort met My in Jerusalem gaan gebeur. Julle moet vir niemand vertel wat julle vandag gesien het nie.”

In my dwaasheid het ek vir myself gesê, ja natuurlik moet ons nie praat nie. Jesus wil nie hê dat dit rugbaar moet word dat ons Hom een van die dae in Jerusalem tot koning gaan uitroep nie. Maar toe Hy ‘n paar dae later vir ons die gelykenis van die goeie herder vertel en sê dat Hy die goeie Herder is wat sy lewe aflê vir sy skape, het dit weer verwarring en onsekerheid by my veroorsaak. Waarom praat Hy die afgelope tyd so dikwels van sy dood? Here, stuur vuur om hulle te verteer!

Jesus het vir ons gesê Hy wil graag saam met ons die Huttefees in Jerusalem gaan bywoon. Ek het geweet die groot gebeurtenis van sy kroning sal nie by hierdie geleentheid plaasvind nie, maar by die meer geskikte volgende groot gebeurtenis van die Paasfees, wanneer daar duisende pelgrims in Jerusalem saamgetrek is.

Toe ons met ons suidwaartse reis na Jerusalem in die omstreke van Samaria kom, stuur Jesus vir my en my broer Andreas na een van die Samaritaanse dorpe om daar vir ons huisvesting te gaan reël. Jesus wou graag daar ‘n paar dae oorbly voordat ons die vermoeiende reis verder suidwaarts voortsit. Maar die Samaritane was ons gladnie goedgesind nie. Toe hulle hoor ons is op pad na Jerusalem om daar te gaan aanbid, weier hulle volstrek om enge gasvryheid aan ons te betoon.

Ek en Andreas het teruggegaan en vir Jesus en die dissipels van die Samaritane se vyandiggesindheid vertel.

Jakobus en Johannes het toe baie kwaad geword en wou hê dat Jesus hulle moes toelaat om vuur uit die hemel af te bid, sodat dit die Samaritane kon verteer. Maar Jesus het hulle baie skerp tereggewys. Toe het ek verstaan waarom Jesus hulle "boanerges" genoem het, seuns van die donder. Later het hierdie twee broers hul vinnige humeure en kortgebondenheid heeltemal kwytgeraak. Ons het vir Johannes die dissipel van die liefde begin noem, toe ons opmerk dat hy 'n spesiale plekkie in Jesus se hart inneem.

Julle is kinders van die duiwel

Jesus se optrede in Galilea was gedurig onder die aandag van die skrifgeleerdes en Fariseërs. Die Sadduseërs het hulle nie veel aan Hom gesteur nie, maar die ander het Hom voortdurend dopgehou om te kyk of hulle nie met Hom kon foutvind nie, want hulle het niks daarvan gehou dat die hele volk feitlik besig was om agter Hom aan te gaan en Hom te eer en Hom meer as een keer al wou koning maak nie. Hulle was bang dat hulle dan nie meer die volk se godsdienstige en politieke leiers sou wees nie, maar hulle het ook gevrees dat die Romeine dan sal kom en ons land verpletter. Daarom het hulle al hoe meer vyandiggesind teenoor Jesus geword.

Toe ons nou Jerusalem binnekom en Jesus die paar dae voor die fees gebruik om die mense in die tempel te leer, het die Fariseërs voortdurend probeer om Hom met slim vrae uit te vang, in 'n hoekie te dryf en te verkleineer. Maar hulle het elke keer die onderspit gedelf en besluit om Hom dood te maak. Jesus het eenkeer vir hulle gesê: "Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader en julle wil doen wat julle vader wil hê wat julle moet doen."

Wie sal die eerste klip gooi?

Ek was baie bekommerd oor Jesus se veiligheid. Ek het vir Jakobus en Johannes gesê ons drie moet Hom nie 'n oomblik alleen laat nie, nie eers daar in die tempel nie. Toe het ons drie maar altyd onopsigtelik in die voorhof tussen die mense rondgedwaal, wanneer Jesus, omring van die massa, besig was om vir hulle te preek.

Die tweede dag wat ons daar was, sien ek tot my ontsteltenis weer 'n stuk of tien Fariseërs tussen die mense, op pad na Jesus toe. Hulle het 'n vrou by hulle gehad wat hulle feitlik gesleep-dra het tot voor Hom. Toe skree hulle sodat almal in die omgewing dit moet hoor: "Hierdie vrou is op heterdaad betrap waar sy egbreek pleeg! Die wet van Moses sê sy moet gestenig word. Maar jy, rabbi, wat sê jy?" Hulle het Hom boos aangegluur.

Ek en Jakobus en Johannes het nadergeskuif en 'n endjie agter Jesus gestaan. Ek het vir hulle gefluister: "Laat hulle vandag net aan Hom vat…" Die twee seuns van die donder het instemmend geknik. Ons was geharde vissermanne met staalspiere en het vir al tien die sagte menere kans gesien.

Ek het gewonder wat Jesus gaan antwoord. Toe fluister Johannes: "As Hy sê sy moenie gestraf word nie, gaan hulle sê Hy is teen die wet en as Hy sê hulle moet haar stenig, gaan hulle sê Hy kom in opstand teen die Romeine, want net hulle kan die doodstraf toepas."

Maar daar het 'n wonderlike ding gebeur. Jesus het neergebuk en iets op die grond geskrywe. Die tien aanhitsers

het nie daarvan gehou nie en weer geskree: "Toe rabbi! Wat sê jy? Moet sy gestenig word?"

Almal in die omgewing het meteens doodstil geword toe Jesus stadig regop kom en sy oë oor die groep Fariseërs laat gaan. Toe breek sy sagte stem die stilte met net hierdie paar woorde: "Laat dié een wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi." Hy het weer neergebuk en verder geskryf.

Ons drie dissipels het die spulletjie dopgehou. Hulle was eers doodstil en toe het daar 'n gefluister en gemompel onder hulle ontstaan. Een het omgedraai en stadig begin wegstap. Daarna het sommer twee-drie die hasepad gekies. Dit was nie lank nie of almal was weg. Net die arme vrou het nog bewende voor Jesus gestaan.

"Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het daar nie een oorgebly nie?" het Hy gevra.

"Nie een nie, Here. Hulle is almal weg," het sy deur haar trane heen geantwoord.

"Ek veroordeel jou ook nie. Gaan nou huis toe en moenie weer daardie sonde doen nie."

Sy het voor sy voete neergeval en onderwyl haar trane onbeheerst vloei, vir Jesus aanhoudend bedank. Toe het sy die Here begin loof en prys vir sy groot genade en liefde wat Hy aan haar bewys het.

Ek kan sien! Ek kan sien!

Na hierdie voorval in die tempel het ek my nie meer baie bekommer oor die skrifgeleerdes en Fariseërs se aanvalle op Jesus nie. Ek was oortuig daarvan dat hulle nie kan verhoed dat ons Jesus as koning salf tydens die Paasfees nie. Goewerneur Pilatus se handjievol Romeine in Jerusalem sal ook baie vinnig op die vlug slaan as ons duisende volksgenote wat die fees kom bywoon, hulle daardie dag verdryf. Ek was vol moed, maar Jesus het só min van sy eie planne aan ons meegedeel. As ons Hom vra of Hy Israel se koningskap weer gaan oprig, dan sê Hy dit kom ons nie toe om te weet wat die Vader in sy mag bepaal het om te gebeur nie. Hy het ook al 'n paar keer vir ons gesê dat Hy nog baie onder die skrifgeleerdes en Fariseërs en ander slegte mense moet ly. Elke keer wanneer Hy dit gesê het, het my moed in my skoene gesak, maar ek het dit nie weer gewaag om met Hoim daaroor te praat nadat Hy my daar by Sesarea-Filippi so afgeransel het nie.

Die Fariseërs het nie opgehou om Jesus te treiter nie. Daar was gedurig 'n paar agter Hom aan om te kyk of Hy nie miskien iets wil doen of sê waaroor hulle Hom kon aankla nie.

Een middag, toe ek en Jakobus en Johannes saam met Jesus van die tempel af wegstap, sien ons 'n man wat sit en bedel, omdat hy blindgebore was en nie kon werk nie. Jesus het hom jammer gekry, klei aangemaak, dit aan sy oë gesmeer en gesê dat hy hom in die Siloambad moet gaan was. Toe hy terugkom, kon hy sien. Sy bure was verbaas en baie mense wou nie glo da hy die blinde bedelaar was wat altyd daar by die tempel gesit het nie. Hy moes oor en oor vertel hoe dit gekom het dat hy nou kon sien. Dit was vir hulle só snaaks dat hulle hom na die Fariseërs gneem het, sodat hulle ook sy storie kon

hoor. Toe hulle hoor Jesus het dit op die sabbatdag gedoen, het hulle gesê Jesus kom nie van God af nie, want kyk hoe het Hy die sabbat verontheilig!

Hulle het nie geglo dat die man blind was nie en roep toe sy ouers. Hulle wou nie praat nie, want hulle was bang vir die Fariseërs en sê: "Vra vir homself. Hy is oud genoeg om vir homself te praat."

Daarna het hulle die arme man weer opnuut gepak en vir hom gesê Jesus is 'n sondaar, wat hy natuurlik betwis het, want hy het gesê Jesus is 'n profeet. Toe hulle weer wou weet hoe Jesus hom genees het, sê hy vir hulle:

"Ek het dit al vir julle gesê en julle glo my nie! Waarom moet ek dit weer doen? Dit lyk vir my julle wil ook dissipels word van hierdie Man."

Ag aarde, toe moes jy gehoor het hoe skel hulle hom uit. "Jy is seker sy dissipel. Ons is dissipels van Moses!"

Maar die sienende blinde het voet by stuk gehou en onomwonde vir hulle vertel dat Jesus van God af kom en daarom hierdie wonderwerke kan doen. Hulle skel hom toe weer uit en sê: "Ag toe nou, jou onnosel ding! Wil jy wat van kop tot tone met sonde besmet is, nou vir óns kom leer?" Hulle het hom toe belet om ooit weer sy voet in hulle sinagoge te sit.

Hou moed; Hy roep jou

Toe die Huttefees verby is en Jesus sien hoe vyandiggesind die skrifgeleerdes, Fariseërs en priesterhoofde is, het Hy vir my gesê ons moet maar liewer na Galilea terugkeer, want daar is nog baie werk om te doen. Ons kan dan later vir die

Paasfeesvierings weer na Jerusalem kom. Ek het Hom ondersteun, want dit was vir my duidelik dat die tyd nog nie ryp was om Israel te bevry nie.

Ons het die pad na die Jordaan gevolg. So ver as wat ons geloop het, het mense by ons aangesluit en saamgestap. Naderhand het ons geselskap al weer tot etlike honderde aangegroei. Ek het 'n hele end voor die ander geloop om te sorg dat die pad vir Jesus hulle veilig is. Ek het vir Jakobus en Johannes gevra om altyd weerskante van Jesus te loop vir onmiddellike beskerming en vir die ander dissipels om te volg en ons agterhoede te dek.

Maar al die mense wat by ons aangesluit en saamgestap het, was ons goedgesind, maar hulle was by tye regtig lastig. Ons moes hulle dikwels van Jesus se lyf weghou, want elkeen wou met Hom praat en aan Hom raak. Dit het ons gang vertraag.

Toe ons naby Jerigo kom, sit daar 'n blinde bedelaar langs die pad. Hy wou van my weet wie dit is wat agter my aan die kom is. Toe hy hoor dit is Jesus, skreeu hy net so hard as wat hy kon: "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!" Ek sê vir hom: "Moenie so skree en Hom lastig val nie. Ons is haastig, anders kom ons nooit vanaand in Jerigo nie!"

Hy steur hom nie aan my nie en bulder dit nog harder uit. Jesus hulle is toe al naby ons en ek hoor sy stem bokant die geroesemoes van geluide rondom Hom: "Petrus, bring hom hier na My toe." Ek lei die arme ou skepsel aan die hand na Jesus toe. Hy vra vir hom: "Wat is jou naam?"

"Bartimeus."

"Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?"

"Rabboeni, dat ek kan sien."

Toe die mooiste woorde wat die ou bedelaar nog ooit gehoor het, in sy ore weerklink, kry ek so skaam dat ek hom van Jesus af probeer weghou het: "Jy kan nou maar gaan, Bartimeus, want jou geloof het jou gered."

Hy kon onmiddellik sien, en hy sien nog steeds. Hy is al juigende saam met die mense agter Jesus aan.

Haai jy, klim uit die boom!

Ek was weer die voorhoede van hierdie groot optog na Jerigo. Ek gewaar 'n groot wildevyeboom langs die pad waar ons moes verbygaan en sien sy blare onnatuurlik roer, terwyl dit 'n windstille dag is. Gedagtig aan Jesus se veiligheid, loop ek tot onder die boom en kyk op. Daar sit 'n kleinerige ou mannetjie hoog in die takke, en hy lyk vir my heeltemal onskadelik.

Voordat ek hom kon vra wie hy is en wat hy daar doen, was Jesus hulle ook al by ons. Hy kyk op en sê: "Saggeus, klim af uit die boom en kom saam, want ek moet vandag in jou huis tuisgaan."

Ek en die ander dissipels was verbaas, nie net omdat Jesus hierdie ou klein mannetjie se naam geken het nie, maar dat ons by hom moes tuisgaan. Die mense wat daar saam met ons rondgestaan het, het met my en die ander dissipels begin praat en gesê hierdie kêreltjie is die hoof van die tollenaars in Jerigo.

Hy is skatryk, want die tolgeld wat hy en die ander by die hekke eis, is baie meer as wat hy aan die Romeinse owerheid moet oorbetaal.

Maar daardie aand het Saggeus vir ons 'n heerlike maaltyd voorgesit en vir Jesus beloof om al die geld wat hy geroof het, viervoudig terug te gee. Toe het Jesus gesê daar het vandag redding gekom vir hom en sy huis.

(4)
ONS MOBOLISEER!

Ek was haastig dat ons weer in Galilea moes kom. Jesus het gesê dat daar nog baie werk gedoen moet word. Die duisende mense wat Hom elke dag in die omgewing van die Galilese See gevolg het, moet gereed wees vir die koms van die koninkryk van die Here en daar was nog net ‘n paar maande oor voor die Paasfees sou plaasvind en almal na Jerusalem sou stroom en getuie te wees van die groot gebeurtenis wat ons verwag.

Maar oënskynlik was Jesus nie haastig om weer in Kapernaum te kom nie. Ons het fluks gevorder tot by Sigar, ‘n dorp in die provinsie van Samaria. Ons het hier ‘n bietjie uitgespan om te rus.

Kom ons gaan saam met Hom sterf

‘n Boodskapper uit Betanië het ons hier ingehaal. Martha en Maria het vir Jesus laat weet: “Here, hy vir wie U liefhet, is siek.”

Lasarus het siek gelê en die twee susters het gehoop dat wanneer Jesus hierdie boodskap ontvang, Hy sou terugdraai en hulle broer sou kom genees. Dit het egter gelyk of Jesus Hom nie daaraan steur nie. Hy het vir ons gesê dat Lasarus se siekte nie tot die dood sou lei nie, maar tot die openbaring van die mag van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.

Ek het dit nie verstaan nie, veral ook nie toe Hy na twee dae daar in Sigar vir ons sê: “Kom ons gaan terug na Judea toe.”

Ons wou nie daarvan hoor nie. Ek sê toe: “Maar Here,

verlede week toe ons daar was, wou die Fariseërs U stenig. U kan mos nie nou weer soontoe gaan nie.” Weet jy wat antwoord Hy toe?: “Dit is nog dag en tyd om te werk. Die nag kom aan wanneer daar nie meer gewerk sal word nie. Lasarus slaap, maar Ek sal gaan om hom wakker te maak.”

Ons het almal saam sterk beswaar aangeteken en gesê as Lasarus slaap, is dit mos ‘n goeie teken dat hy gesond sal word.

Toe sê Jesus vir ons: “Lasarus is dood, en om julle ontwil is Ek bly dat Ek nie daar was nie, sodat julle in My kan glo. Kom ons maak nou gereed om na hom toe te gaan.”

My liewe ou mede-dissipel, Tomas, sê toe ‘n ding wat ons almal ook gevoel het: “Kom ons gaan tog maar almal saam met Jesus, sodat ons almal saam met Hom kan sterf!”

Wie in My glo, sal lewe

Toe ons in Betanië aankom, was Lasarus al vier dae in die graf. Ek was verbaas om soveel mense daar te sien. Die broer en twee susters was gesiene en geliefde mense in die omgewing en het selfs baie vriende in Jerusalem gehad, wat almal gekom het om saam met die twee susters hul broer se dood te beklaag en te beween.

Toe Martha en Maria verneem dat Jesus in aantog was, het hulle Hom om die beurt tegemoet gegaan met die woorde: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie.” Ek het daar naby gestaan en gehoor Jesus sê vir elkeen van hulle: “Wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe.” Ek weet

nie of hulle dit daardie dag reg verstaan het nie. Ek het dit toe nog nie mooi begryp nie.

Hulle wou nie hê dat Jesus na die graf toe gaan nie, want die dooie se liggaam was al besig om te ontbind en het sleg geruik. Maar Jesus het die steen voor die graf laat wegneem en nadat Hy gebid het, uitgeroep, "Lasarus kom uit!" en die groot wonder het gebeur! Hy het met grafdoeke en al uit die graf gestap gekom en is deur sy jubelende twee susters omhels en op Jesus se versoek na hulle huis geneem om verder versorg te word.

Is U die Christus ?

Daarna het ons maar weer die lang pad na Galilea aangepak. Jesus het verkies dat ons weer die westelike roete volg wat deur die landstreek van die Filistyne, naby Samaria verbyloop. Uiteindelik het ons weer by Sigar aangekom, die dorpie waar ons die tyding van Lasarus se siekte ontvang het.

Voordat 'n mens die dorpie binnegaan, loop die pad langs 'n waterput verby, wat volgens oorlewering, ons voorvader Jakob daar laat grawe het. Jesus het daar by die put gaan sit om 'n bietjie te rus, terwyl ons dissipels na die dorp toe was om kos te koop.

Toe ons terugkom, was ek verbaas om Hom in ernstige gesprek met 'n Samaritaanse vrou te sien. Ons Jode het mos nie met die Samaritane gepraat nie en 'n man het ook nie sommer 'n vrou in die openbaar aangespreek nie.

Na 'n rukkie het die vrou al jubelende na die dorp gehardloop en 'n uur later weer teruggekeer met 'n aantal mense by haar. Hulle het ons dissipels skoon verdring en vir

Jesus feitlik toegepak onderwyl Hy met hulle gepraat het. Een van hulle het vir my gesê Jesus het vir die vrou lewende water gegee om te drink. Hulle het almal saam met haar gekom om te hoor of Hy nie die Messias is wat verwag word nie. Toe het ek gewonder of Jesus dan ook gekom het om ander volke te red en vry te maak.

Wie het aan My geraak ?

Ek het naderhand vir Jakobus en Johannes en vir die ander dissipels gesê dit help nou ten enemale nie om haastig en ongeduldig te raak omdat die mense ons so toepak om by Jesus uit te kom nie. Ons wil graag weer by Kapernaum kom om dinge daar af te handel, voordat ons vir die belangrikste Paasfees van alle tye weer na Jerusalem vertrek. Maar die Galilese See was skaars in sig, toe stroom die mense ons al weer tegemoet. Naderhand het ek dit moeilik gevind om vir Jesus pad te maak, toe ons in die buitewyke van die stad kom.

Meteens druk 'n man by my verby en sak op sy knieë voor Jesus neer. Hy begin onmiddellik pleit dat Jesus tog asseblief na sy huis toe moet kom, waar sy ou dogtertjie baie ernstig siek lê. Sy naam was Jaïrus. Hy het 'n belangrike amp beklee in die sinagoge hier in Kapernaum

.

Toe ek my omdraai, knik Jesus vir my en ek sê vir Jaïrus hy moet my help om die pad tussen die verdringende mense oop te maak na sy huis toe. Jakobus en Johannes het ook vorentoe beweeg om ons te help.

Nadat ons so'n endjie gevorder het, hoor ek Jesus vra: "Wie het nou net hier aan My gevat?"

Ek draai om en kyk rond en sê vir Hom: "Here, kyk hoe versmoor die klomp mense ons; ons kry nie eers geloop nie. Hoe sal ons nou weet wie van hulle aan U gevat het?"

Ek sien 'n klein, verkrimpte ou vroutjie tussen die mense uitbeur en bewende voor Jesus neerval. Sy het jarelank aan 'n uitmergelende bloedkwaal gely en toe sy nou daarin slaag om net aan Hom te raak en daar krag uit Hom vloei, is sy oombliklik genees.

Dogtertjie, staan op !

Daar het 'n boodskapper uit Jaïrus se huis ons bereik en vir hom gesê hy moenie vir Jesus langer lastigval nie, want sy dogtertjie het intussen gesterf. Arme Jaïrus was platgeslaan, maar Jesus sê vir hom: "Hou moed, Jaïrus; glo net en alles sal regkom."

Uiteindelik kom ons met 'n gesukkel by sy huis aan. Jesus sê vir my en Jakobus en Johannes ons moet saam met Hom en Jaïrus ingaan. In die vertrek waar die ou dogtertjie gelê het, was daar 'n vreeslike gedoente aan die gang. 'n Paar rouklaers en familielede het luidkeels gehuil en verskriklik te kere gegaan. Jesus het vir hulle gesê: "Waarom raas julle so? Die kind is nie dood nie; sy slaap net."

Ek het my sommer vervies toe hulle ophou kerm en vir Jesus begin uitlag. Wie dink hulle is hulle om die Here te bespot? Maar Jesus het Hom nie verder aan hulle gesteur nie en na die ou lykie geloop en net gesê: "Dogtertjie, staan op!"

Jy moet hulle verbaasde gesigte gesien het toe die kind

lewendig word en regop gaan sit. Haar pa en ma se oorstelpende blydskap om hulle kind uit die dood terug te kry, het ons, wat dit gesien het, se harte geroer.

Die vis se bek is vol geld !

Ons was pas in Kapernaum toe ek in die straat een van die tempelbeamptes raakloop wat smalend vir my vra: "Betaal julle en julle Rabbi dan nie soos al die ander mense ook tempelbelasting nie? Ek het maar gesê, ja natuurlik, maar ek het nie geweet of ons dit al ooit vantevore betaal het nie. Ek het na Jesus toe gegaan om te hoor wat Hy daarvan sê, maar voordat ek nog daarvan kon praat, vra Hy vir my om met 'n hoek by die see 'n vis te gaan vang, net een, want in sy bek sal die geld wees waarmee ons die belasting moet betaal.

Ek was nou al, jy kan maar sê, redelik gewoond aan die verbasende wonderwerke wat Jesus doen. Ek het lammes en kreupeles weer sien loop, dowes hoor weer, blindes sien weer en dooies word weer lewendig op sy woord, maar daardie vis met die geld in sy bek wat ek gevang het, was vir my 'n ongelooflike wonder. Dit was net genoeg om die regte bedrag belasting te betaal.

Hulle sal hulle wat verbeel !

Ons het begin klaarmaak om weer die lang pad na Jerusalem aan te pak. Dit was asof ons almal 'n stille verwagting gekoester het dat daar groot dinge aan die kom was. 'n Paar dae voor ons vertrek, kom Jakobus en Johannes saam met hulle ma by my huis aan, waar Jesus was. Sy vra toe vir Hom of hierdie twee boanerges-seuns van haar maar in die

koninkryk wat Hy gaan oprig, een aan sy regterkant en een aan sy linkerkant mag sit.

Begryp jou dit aan! Die een moet dan seker eerste minister wees en die ander een sy adjunk! Hulle sal hulle wat verbeel as Jesus dit toelaat. Daardie bevoorregte pos het Hy tog vir my belowe toe Hy gesê het ek is die rots waarop Hy sy gemeente gaan bou.

Maar Jesus het vir hulle gesê hulle weet nie wat hulle vra nie. Hy besluit nie daaroor nie, maar sy Vader in die hemel bepaal wie aan sy regter- en linkerkant sal sit.

Ek gaan toe na Jesus toe en vra vir Hom of dit genoeg is om iemand sewe maal te vergewe as hy my 'n ding aangedoen het, want ek het gedink ek sal maar vir Jakobus en Johannes vergewe omdat hulle my uit Jesus se koninkryk wou uitskuif. Toe slaan Jesus my weer 'n slaggie plat. Hy sê vir my, nie net sewe keer nie, maar sewentig maal sewe keer!

Sy geld is sy god

Kort voor ons vertrek klop daar een aand 'n jong man aan my deur en sê hy wil baie graag 'n bietjie met Jesus kom gesels. Ek het geweet van hom, want die mense van Kapernaum het baie van hom gepraat omdat hy so skatryk was. Hy het vir Jesus kom vertel dat hy die Here se wet nougeset nakom, maar is daar tog nie darem nog iets wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe nie? Toe Jesus vir hom sê hy moet al sy goed verkoop, die geld vir die armes gee en Hom volg, het hy 'n lang gesig getrek en maar geloop.

"Ja Petrus, 'n ryk man wat 'n afgod van sy besittings maak,

sal maar moeilik in die koninkryk van die hemel ingaan," sê Jesus toe vir my.

"Maar Here, wat van ons twaalf dissipels wat alles verlaat het en U getrou volg? Wat sal ons daarvoor in u koninkryk ontvang?"

Toe sê Jesus iets wat my amper laat opspring het van vreugde. Hy sê, as alles nuut gemaak word en Hy op sy heerlike troon sit, sal ons wat Hom gevolg het, op twaalf trone sit en oor die twaalf stamme van Israel regeer!

Dit het my haastig gemaak om in Jerusalem te kom. Ek het die ander dissipels aangedryf om tog klaar te kry met die noodsaaklike voorbereidingswerk vir ons tog na die suide. Jakobus het gevra: "Petrus, wat gaan met jou aan? Wat byt jou?" Ek het gesê: "Wag tot ons in Jerusalem kom, dan sal jy sien!"

Hulle gaan My doodmaak

Maar ons lang reis na die suide deur al die bekende en mooi ou plekkies waar ons vorige kere langs gegaan het, was nie end-uit vir my en die ander dissipels so 'n heerlike opwindende ervaring as vorige kere nie. Toe ons twee dae lank op pad was, het Jesus ons in 'n kring om Hom laat plaasneem in die skadu van 'n groot ou seder en weer vir ons gesê dat Hy baie gaan ly onder die heidene, wat Hom gaan bespot, Hom beledig en op Hom spoeg, Hom gésel en Hom doodmaak, maar dat Hy na drie dae uit die dood sal opstaan.

Ek moet eerlik sê ek het niks daarvan geglo nie en dit het vir my gelyk die ander dissipels verstaan nie eers wat Hy sê

nie. Maar dit het tog ons opgewondenheid oor die groot dinge wat voorlê, gedemp.

Die ondankbare nege

Ons het met ons reis al op die grens tussen Galilea en Samaria langs gegaan. By een van die dorpies het tien melaatse manne langs die pad gestaan en hard geroep dat Jesus Hom tog oor hulle moet ontferm. Hulle het op pad na die priester waarheen Hy hulle gestuur het, gesond geword. Net een van hulle, 'n Samaritaan, was dankbaar genoeg om terug te draai en dit vir Jesus te kom sê.

Ons wil so graag sien

Uiteindelik was Jerigo se mure in sig. Met ons aankoms aldaar, het die mense ons gewaar en net soos by vorige kere, by ons aangesluit. Langs die pad het twee blinde mans gesit wat aanhoudend begin uitroep het: "Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor ons!" Niemand kon hulle stilkry nie. Jesus hét Hom oor hulle ontferm. Hy het hul oë aangeraak en hulle kon weer sien.

Jou Koning kom !

Die volgende dag het ons Betfage aan die Olyfberg bereik. Daar het toe al 'n groot aantal mense saam met ons gestap. Dinge het vir my baie rooskleurig begin lyk. Ek was seker daarvan dat hul getal tot duisende sou aangroei sodra ons Jerusalem binnegaan. Die groot plegtigheid waar ons Jesus tot koning gaan uitroep, sal natuurlik die groot plein voor die tempel wees.

Later het ons langs die Olyfberg so 'n bietjie halt geroep om 'n wyle te rus, onderwyl die mense wat ons vergesel het, oral in die omgewing rondluier. Na 'n rukkie kom Tomas en Filippus uit die rigting van die stad by ons aangestap met 'n donkie wat hulle aan die halterriem lei. Hulle bring hom tot by Jesus en help Hom om op te klim. Toe kom ons weer in beweging.

Die mense het weer begin saamstap. Hoe nader ons aan die stad gekom het, hoe uitbundiger het hulle geword. Dit was duidelik dat hulle Jesus as koning wou hê. Hulle het die pad versier met palmtakke en blomme en het selfs hulle klere voor Jesus en sy rydier oopgesprei. Almal het spontaan begin sing: "Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die naam van die Here kom! Eer aan God in die hoogste hemel!"

Ek het my so vererg vir 'n paar Fariseërs wat met hulle vroom gesigte langs die pad gestaan het. Toe Jesus by hulle verbygaan, skree hulle vir Hom: "Maak stil jou volgelinge wat so raas!" Jesus het net vir hulle gesê: "As hulle stilbly, sal die klippe begin praat,"en Hom nie verder aan hulle gesteur nie.

So is ons die stad in, in die rigting van die tempel. Ek het baie teleurgestel gevoel toe die groot massa mense begin uitrafel en wegdwaal. Maar 'n aantal het ons tog bly volg en het gesien hoe Jesus die spul geldwolwe uit die tempel se binnehof verdryf.

'n Aantal kinders het saam met ons en hierdie mense die tempel binnegegaan en tot groot ergernis van die Fariseërs, aanhoudend vir Jesus gesing: "Prys die Seun van Dawid!"

Na 'n rukkie het Jesus met dosyne blindes, dowes,

kreupeles en lammes besig geraak. Dit het tot laatmiddag geduur voordat ek en Jakobus en Johannes Hom na Betanië geneem het, waar die ander dissipels toe al ‘n geruime tyd besig was om in die rustige atmosfeer van Lasarus hulle se ruim tuin te ontspan.

Ek het so teleurgestel gevoel. Ek het gedink dat ons vir Jesus met die intrapslag in Jerusalem sou koning maak, maar daar het niks van gekom nie. Maar ek het nog gehoop dat dit op een van die volgende dae voor die fees gaan gebeur, want Jesus is tog by magte om dit enige tyd deur ‘n groot wonderwerk te laat plaasvind. Die ander dissipels het met my saamgestem. Toe het ons maar met die nodige hoop geduldig gewag.

(5)
WAAROM VERG ONS NIE?

Die Maandagmôre het Jesus vanaf Betanië na die tempel toe gegaan. Ek en Jakobus en Johannes het Hom gevolg, want ons wou nie hê dat Hy hier in Jerusalem alleen sonder ons dissipels moes wees nie. Ek het begryp dat Hy graag die volk - en hier was nou baie pelgrims in Jerusalem - meer wou leer van die ewige dinge van die koninkryk van God, net soos Hy dit in Galilea vir die skares gedoen het. Hy sal seker ook nie voordat die fees verby is, toelaat dat ons Hom as koning kroon nie.

Waarom haat hulle Hom so ?

Maar ek was weer baie bekommerd oor Jesus se veiligheid, want ek het gehoor die owerpriesters en skrifgeleerdes het glo gesê hulle slyp hulle tande vir Jesus, as Hy met die Paasfees Jerusalem toe kom. Hy moenie dink Hy ken die skrifte beter as hulle nie, want wie het Hom dit ooit geleer? Hulle wil sommer daardie Lasarus wat Hy lewendig gemaak het, ook bykom, want dit is deur hom dat almal nou skielik agter Jesus aanloop en dink Hy is wat wonders.

Hierdie houding van hulle het ek nie verstaan nie. Waarom haat hulle Hom so? As die hele volk agter Jesus aangaan, sal dit mos maklik wees om Hom koning te maak. Wil hulle dan nie ook vry van Romeinse oorheersing wees nie? Ek het een middag van die tempel af weggeglip en vir my by ‘n ruilwinkel ‘n kort swaard gaan koop. ‘n Mens kan nooit weet nie.

Die Dinsdagoggend het Jesus met sy bediening in die tempel voortgegaan. Ek en Jakobus en Johannes het maar altyd in die agtergrond tussen die mense rondbeweeg. Ek het ‘n paar

van die slim menere na Jesus toe sien beweeg en nadergestaan om te hoor wat hulle in die mou voer. Hulle het hulle pad hardhandig oopgebeur tot voor Hom en smalend gevra wie vir Hom die reg gegee het om die mense hier in die tempel te leer. Hulle wou weet op watter gesag Hy dit doen.

Toe stel Jesus vir hulle ‘n weervraag: Is die doop van Johannes uit God, of deur mense ingegee? Hulle was te bang om Hom te antwoord en daarom het Jesus ook geweier om hulle vraag te antwoord.

Onderwyl ek so tussen die mense beweeg, sien ek vir Maria Magdalena en die ander twee goeie vroue, Johanna en Maria, wat daar in Galilea ons so goed versorg het. Maria Magdalena sê hulle kon onmoontlik in Magdala agterbly en het ‘n dag na ons ook in die pad geval hier na Jerusalem toe, net om naby Jesus te kan wees en ons te help as dit nodig is. Hulle is tuis by ‘n familielid wat hier in die stad woon. Sy is ‘n weduwee en haar naam is ook Maria. Sy woon saam met haar seun, ‘n jongman met die naam Markus Johannes, in ‘n baie groot huis. Sy het gevra of Jesus en die dissipels nie ook maar daar wil tuisgaan nie; daar is baie plek. Ek het vir Maria Magdalena gesê ek sal dit vir Jesus noem, maar Martha en Maria van Betanië voel baie gelukkig om ons daar by hulle te hê.

Jaloesie wek haat

Daardie selfde Dinsdagmiddag kom steur ‘n groep Fariseërs weer vir Jesus waar Hy besig is om met baie mense oor die ewigheid te praat. Onderwyl ek naderstaan, hoor ek hulle vra vir Hom of dit reg is om aan Rome belasting te betaal. Hy vra toe vir hulle wie se kop verskyn op elke

geldstuk, waarop hulle moes erken dat dit die keiser s’n is. Hulle het baie kwaad van Jesus af weggestap toe hy vir hulle sê hulle moet aan die keiser betaal wat hulle aan hom verskuldig is, maar hulle moet ook aan God betaal wat hulle aan Hom verskuldig is.

Daardie Woensdagmôre het hulle hul aanvalle teen Jesus verskerp. Hulle het in groter getalle in die tempel opgedaag en aanmekaar probeer om Hom met hulle slimmighede vas te trek. Jesus het hulle naderhand ‘n klomp huigelaars en blinde dwase genoem wat die buitekant van die beker en die skottel skoonmaak, terwyl dit aan die binnekant vol hebsug en roof is. Hulle is soos witgeverfde grafte, wat van buite mooi lyk, maar binneïn vol doodsbeendere en gruwelikhede is. Ek het amper geskrik toe Hy vir hulle sê hulle lyk vir die mense vroom, maar van binne is hulle vol huigelary en minagting van die wet.

Ek kon sien hulle is briesend kwaad toe hulle daar uitstap, maar hulle het nie gewaag om hulle hande aan Hom te slaan nie. Maria Magdalena sê hulle het in die rigting van die paleis van die hoëpriester Kajafas geloop. Aan hulle gepraat het sy uitgemaak dat al die lede van die Raad daarheen op pad was, want Kajafas wou hê hulle moes besluit wat hulle met Jesus gaan doen, omdat hulle dit nie meer langer kan verdra dat feitlik die hele volk agter Hom aangaan en Hom as ‘n groot profeet vereer nie.

‘n Rukkie nadat hulle die tempel verlaat het, het Jesus my geroep en gevra dat ek en Johannes na ‘n sekere adres in die stad moet gaan. Ons sal ‘n groot huis daar aantref en ons moet vir die inwoners daarvan sê dat Jesus ons gestuur het om te vra of Hy en sy dissipels nie die volgende aand - dit is die

Donderdagaand - die Pasga daar kan kom eet om die Paasfees te vier nie.

Toe ons daar aankom, ontdek ek tot my verbasing dat dit die huis is van die Maria waar Maria Magdalena en die ander twee vroue ook tuis is. Ek het gedink Maria Magdalena het vir Jesus van die huis gesê, maar sy sê, o nee, Jesus weet alles.

Dit was die Woensdagaand. Onderwyl ons drie dissipels saam met Jesus vanaf die tempel na Betanië terugstap, neem ek my voor om die volgende oggend die ander nege manne te vra om saam met ons stad toe te kom, want ek het die vrede nie meer vertrou weens die verskriklike vyandige houding van die Fariseërs en skrifgeleerdes nie.

Judas, waar was jy ?

Daardie aand sê my broer Andreas vir my: "Ouboet Simon, 'n rukkie nadat julle vanmôre stad toe is, het Judas Iskariot sy reismantel oor sy skouer gegooi en in die rigting van die Olyfberg gestap. Toe ek agter hom aan roep en vra waar hy heen gaan, het hy gemaak of hy my nie hoor nie en maar aangestap en oor die bult verdwyn. Hy het laat vanmiddag eers teruggekom. Hy wil nie vir ons sê waar hy was nie en wat hy gaan doen het nie."

Ek het dadelik gevoel daar is fout. Ek het hom deeglik onder hande gaan neem, maar kon niks uit hom kry nie en hom toe maar gelos. Ek het nooit van Judas gehou nie.

Waarom sê Hy so ?

Die Donderdagoggend was Jesus nie haastig om weer na die tempel te gaan nie. Hy het baie met ons gepraat voordat

ons almal saam stad toe gegaan het. Hy het weer vir ons gesê dat Hy van ons af weggaan en dat ons nie nou saam met Hom daarheen kan gaan nie. Ek het dit nie verstaan nie. Ek het vir Hom gevra, na watter plek toe gaan Hy en waarom kan ons Hom nie daarheen vergesel nie. Toe het Hy net gesê: "Nee, nie nou nie, maar later sal dit wel gebeur."

Hy het ons beveel om mekaar lief te hê, om in God en ook in Hom te glo en nie ontsteld te wees omdat Hy weggaan nie. Hy sal vir ons 'n Trooster stuur; dit is die Heilige Gees wat by ons sal bly en ons versterk.

Dit was alles baie duidelike woorde, en tog het ek dit nie verstaan nie en die ander elf beslis ook nie.

Waarom doen Hy dit ?

Ons het daardie middag laat almal saam met Hom stad toe gegaan en 'n rukkie voor sononder by Maria se huis gekom waar ons die Paasfeesmaal sou geniet. Maria Magdalena en die ander vroue het dit vir ons voorberei in die ruim bovertrek waar ons almal gaan aansit het.

Toe gebeur daar 'n buitengewone snaakse ding wat my baie ontstel het. Jesus het opgestaan, 'n handdoek om sy lyf gebind, 'n skottel water geneem, by elkeen van ons kom kniel, ons voete gewas en met die handdoek afgedroë. Toe Hy by my kom, protesteer ek luidkeels: "Asseblief Here, ek sal dit so nooit as te nimmer toelaat nie!"

"Maar Petrus, dan het jy geen deel hoegenaamd aan My nie."

Toe ek dit hoor, was ek soos gewoonlik maar weer voor op die wa. "Ag Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en gesig!" Maar Jesus wou ons net 'n les in nederigheid leer en toe Hy dit vir ons sê, het ek dit darem begryp, want Hy het gesê dit moet ons ook aan ons minderes doen.

Judas, Judas !

Dit was 'n besondere aand. Ek het gevoel dinge is nie soos altyd nie. Jesus was swaarmoedig. Ons het Hom nooit so geken nie. Hy het gesê Hy wou so graag hierdie maaltyd saam met ons geniet, want daar sal nie weer vir Hom so'n geleentheid wees voordat Hy in sy heerlike koninkryk kom nie, maar Hy voel bedroef omdat een van ons twaalf Hom vannag gaan verraai.

Die skok van hierdie mededeling was op elkeen se gesig te lees. Ek het vir Johannes, wat die naaste aan Jesus was, gefluister om vir Hom te vra wie dit is, en toe dit blyk dat dit Judas is, het ek geweet dat sy verdwyning die vorige dag daar iets mee te doen het.

Nog voor die haan sal kraai

Nadat Jesus hom uitgestuur het om sy vuilwerk te gaan doen, was ons almal verslae, ek die meeste van almal. Waarom moet soiets plaasvind? Jesus kan dit mos verhoed. Hoe gaan hy Hom verraai? Waarom het Jesus die afgelope tyd so baie van sy dood gepraat?

Nadat Judas uit is, het Jesus ons een vir een aangekyk. Ek het die droefheid in sy oë gelees toe Hy sê: "Julle sal almal nog

vannag vir My in die steek laat en wegvlug wanneer die dinge begin gebeur wat moet plaasvind."

Sonder dat ek twee keer dink, rol die woorde toe weer uit my mond: "Ag, nooit nie, Here! Dit sal ék nooit doen nie! Ek sal U nooit in die steek laat nie!"

Is dit 'n gevoel van jammerte vir my wat ek in sy oë lees? Hy kyk my aan en sê: "Moenie so seker wees nie, Petrus. Voordat die haan vannag gaan kraai, sal jy My al drie keer verloën het en maak of jy My nie ken nie."

Dit was vir my amper te veel. "Nooit nie, Here! Ek sal liewers saam met U sterf as om dit aan U te doen. Ek sal U nooit verloën nie, nooit in der ewigheid nie!"

Die ander dissipels het ons oopmond aangestaar. Toe val almal in 'n koor weg om Jesus te verseker dat nie een van ons Hom ooit sal verloën nie.

Dis my liggaam, dis my bloed

Jesus het ons nie weer geantwoord nie. Hy het brood geneem, dit gebreek en aan elkeen van ons 'n stukkie gegee om te eet en gesê dis sy liggaam wat vir ons gebreek word. Daarna moes ons elkeen 'n slukkie wyn uit die beker neem. Hy het gesê dat dit sy bloed is wat vir ons vergiet word, tot vergewing van al ons sondes.

Ek sê nou eerlik vir jou, ek het daardie aand nie verstaan wat Jesus hiermee bedoel het nie. Maar één ding het vir my duidelik begin word: As Jesus so herhaaldelik van sy dood

praat, vervaag alle hoop om Hom hierdie Paasfees koning van Israel te maak.

Nie my wil nie

Ons was vroeg-aand klaar met die Paasfeesmaal. Jesus het weer, asof ingedagte in die flouerige lamplig na elkeen van ons dissipels bly staar. Ek het my verbeel daar is ‘n sweem van veroordeling in sy blik toe Hy na my kyk, maar toe sê Hy skielik: “My tyd het gekom. Kom saam met My.”

Onderwyl ons in die straat afgestap het in die rigting van die westelike poort, waarlangs ons die stad verlaat het, het ek gewonder waarheen ons op pad is. Na ‘n uur of meer se loop, het die Olyfberg in die flou maanlig voor ons opgedoen.

Jesus het ons na die mooi tuine van Getsémané gelei wat aan die voet van die berg lê. ‘n Endjie tussen die bome in het Hy halt geroep en vir ons gevra om daar vir Hom te wag; Hy wil graag nog ‘n endjie verder gaan om daar alleen tot sy hemelse Vader te gaan bid. Maar Hy het vir my en Jakobus en Johannes gevra om saam met Hom te gaan. Ons het in stilte verder saam met Hom gestap. Toe gaan Hy weer staan en sê ons drie moet daar vir Hom wag; Hy wil graag alleen verder gaan.

Onderwyl ons daar sit en wag, het Johannes gesê hy is baie bekommerd oor Jesus se veiligheid. Waar sou Judas wees en waarom het Jesus gesê dat hy Hom gaan verraai?

Ek het meteens vreeslik vaak geword en kon nie my oë oophou nie en toe sommer net daar waar ons gesit het, omgekeer en aan die slaap geraak. Dit het met Jakobus ook

gebeur, maar Johannes het blykbaar daarin geslaag om die vaak wat hom wou oorweldig, te trotseer. Hy het nader gekruip aan die plek waarheen Jesus gegaan het, totdat hy Hom kon sien om ‘n oog oor Hom te kan hou. Jesus het onder ‘n boom gekniel, in vurige gebed tot sy hemelse Vader en Hom by tye gesmeek om die beker wat voor Hom lê, weg te neem, maar dan het Hy weer berus en gebid dat sy Vader se wil moet geskied.

Johannes sê hy het saggies nog nader gekruip en ademloos geluister en gesien hoe ernstig Jesus met sy Vader worstel. Sy sweet wat op die grond geval het, het soos bloeddruppels geword. Toe sien Johannes ‘n engel wat by Jesus verskyn om Hom te ondersteun. Johannes het saggies teruggekruip tot by ons en toe ook aan die slaap geraak.

‘n Rukkie daarna het Jesus by ons gekom en ons wakker gemaak en gevra of ons dan nie eers een ou uurtjie saam met Hom kan wakkerbly nie. Ek het so skaam gekry.

Ons is terug na die ander dissipels toe en hulle ook aan die slaap gekry. Jesus het hulle ook wakker gemaak en gesê: “Kom ons loop. Die man wat My verraai, is hier naby.”

Waarom moes dit gebeur ?

Ek wil nie graag vertel wat daarna plaasgevind het nie, maar ek moet. Die herinnering aan wat hulle aan Jesus gedoen het en wat met my persoonlik gebeur het, wil nie as skrikbeeld uit my geheue vervaag nie.

Daar het ‘n klomp lawaaierige mense, wat met stokke en swaarde gewapen was, na ons toe aangestap gekom, met Judas

Iskariot op die voorpunt. Toe het ek eers besef dat die dinge waarvan Jesus gepraat het, werklik gaan plaasvind.

Judas het Hom met ‘n verraaiersoen vir hulle aangewys en toe hulle op Hom begin toesak, het ek net gedink, dis nou of nooit en my kort swaard uitgepluk. Die eerste ou wat ek bygekom het, was Malgus, die Hoëpriester se slaaf. My sleggemikte hou het sy oor afgekap en toe ek weer my arm lig om te slaan, hou ‘n ongekende krag my vas en ek hoor Jesus se stem: "Nee Petrus, dit mag nie gebeur nie!”

Snaaks, almal het skielik tot stilstand gekom en in die lig van hulle brandende fakkels gestaan en kyk hoe Jesus Malgus se oor optel en weer aan sy kop heg, onderwyl Hy sê: “As Ek my Vader nou bid, sal Hy twaalf legioene engele stuur om My te red, maar wat nou gaan gebeur, móét gebeur sodat die skrifte vervul kan word.”

Toe het ek stomgeslaan gestaan en kyk hoe hulle Jesus boei en van ons af wegneem. Ek kon nie glo wat ek sien nie en ‘n rukkie lank het dit gevoel of ek my bewussyn verloor. Toe ek tot verhaal kom, kon ek skaars nog die rumoer van die spul tempelwagte hoor, onderwyl hulle besig was om vir Jesus soos ‘n misdadiger na die stad aan te jaag. Johannes het ‘n endjie van my af hulle met betraande oë gestaan en agternakyk. Die ander dissipels was almal skoonveld. Tot Jakobus wat altyd saam met my en Johannes die driemanskap gevorm het om Jesus te vergesel en te ondersteun, het saam met die ander gevlug.

Johannes het gesê: “Kom ons gaan kyk wat hulle met Hom wil doen.” Ons het die bende op ‘n draffie agternagesit en hulle ingehaal toe hulle met Jesus by die paleis van die hoëpriester Kajafas aankom. Johannes het die plek geken en saam met

hulle na binne geglip, maar ek kon nie verder as die binneplein kom nie en het toe maar probeer om ongemerk by ‘n groepie aan te sluit wat by ‘n vuurtjie gesit het. Ek kon hiervandaan deur die oop deur van die vergadersaal vir Jesus geboeid sien staan, onderwyl hulle allerhande valse beskuldiginge teen Hom slinger.

Toe kraai die haan

‘n Diensmeisie wat by ons vuurtjie verbygeloop het, het na my gekyk en gesê dat ek een van Jesus se dissipels is. Ek het dit heftig ontken. ‘n Rukkie later het nog een so gesê. Ek het gesê sy weet nie waarvan sy praat nie, maar toe ‘n man hier by ons vuurtjie sê ek is maar seker een van Jesus se dissipels, want die Aramees wat ek praat, verraai dat ek ‘n Galileër is, het ek opgespring en begin vloek en hoog en laag gesweer dat ek Hom gladnie ken nie. Toe hoor ons duidelik die skril gekraai van ‘n haan bo die geroesemoes van stemme opklink. Ek het in my spore vasgesteek. Jesus het omgedraai en na my gekyk, voordat ek die binneplaas uitgestorm het. Petrus, voordat die haan vannag sal kraai, sal jy My driemaal verloën…

Sy woorde het soos vuur in my gebrand en my trane kon dit nie uitwis nie. Ek het die nag ingevaar en later nie geweet waar ek my bevind nie. Maar die goeie Johannes het blykbaar gesien wat met my gebeur en watter koers ek inslaan. Hy het later na my kom soek en my in die tuin van Getsémané gekry, waar ek in ‘n geskokte toestand onder dieselfde boom gesit het waar Jesus vroegaand in gebed geworstel het. Ook ek was besig om in my verdriet te worstel met my skuldgevoel. Ek het besef dat hulle op daardie oomblik miskien al besig is om Hom dood te maak en dat ek nooit geleentheid gaan kry om vir Hom

te sê hoe jammer en spyt ek is dat ek Hom so in die steek gelaat het nie.

Wat het ek gedoen, ag wat het ek gedoen? Hoe sal ek ooit met hierdie wroeging in die hart kan bly voortleef?

(6)
TELEURSTELLING EN SELFVERWYT

Toe ek en Johannes ure later op die Vrydagmôre weer by Kajafas se paleis aankom, was alles daar verlate, maar voor die stadhouer se vesting het ‘n tierende menigte rondgemaal. Een van die soldate van die garnisoen wat probeer om hulle in toom te hou, het gesê hulle het Jesus hier na Pilatus gebring, maar hy het Hom na Herodus gestuur en toe het Herodus Hom weer teruggestuur en nou staan die spul en skree dat Pilatus Hom moet laat kruisig

.

‘n Rukkie later het ons gesien hoe hulle Jesus wegneem, onderwyl ‘n swetterjoel haatlike spotters om Hom te kere gaan, op pad na Golgota.

Wat het ek gedoen ?

Johannes het gesê ons moet nader gaan, maar ek het nie kans gesien nie. Ek het onder ‘n boom op ‘n klip gaan sit onderwyl hy verder gestap het. Ek wou nie sien hoe hulle die Here kruisig nie. Die weemoed en jammer in sy oë, toe die haan vannag gekraai het en Hy omdraai en ‘n oomblik na my kyk, brand my met ‘n gewetenspyn wat ek amper nie kan verduur nie.

Waar was al my selfversekerdheid en moed toe dit verlede nag so nodig was? Die een oomblik verseker ek die Here dat ek hom nooit in die steek sal laat nie en ‘n paar uur daarna skrik ek my morsdood toe ‘n ou diensmeisietjie sê ek is ook een van Jesus se dissipels. Ag, die swaarste van alles is om te erken dat ek ‘n ou groot lafaard is. Ek is altyd voor op die wa en vol bravade en wil dinge sommer holderstebolder aanpak en doen,

en dan sê ek in my impulsiwiteit ook nog dinge wat kon gebly het.

Wat dink Hy van my ?

Ek weet Jesus het van al hierdie swakhede in my geweet. Waarom het Hy so'n man soos ek as een van sy dissipels aangestel? Daardie dag toe ek Hom die eerste keer gesien het met die groot visvangs langs die Galilese See, het ek vir Hom gesê Hy moet my uitlos, want ek is 'n sondige man. Maar toe het Hy vir my gesê ek gaan nog mense vang. Wat het nou daarvan geword? Daar is hulle nou besig om Hom te kruisig. Hy het gesê dit gaan gebeur. Waarom moet dit gebeur?

Ek verag myself

Ek glo nog dat Hy die Messias is, die heilige Seun van God. Maar wat hulle nou daar met Hom doen, kan die almagtige Vader tog nie toelaat nie! Waarvoor moet Hy sterf? Kan God dan sterf? Maar Hy het vir ons gesê Hy gaan na drie dae weer opstaan. Nie een van ons dissipels glo dit nie. Tot op daardie oomblik wat Judas Hom met 'n soen verraai het en hulle Hom gevange geneem het, het ons ook nie geglo dat hulle Hom om die lewe gaan bring nie. En nou gebeur dit.

Hoe verag ek nie myself nie! Ek het 'n aandeel aan sy dood. Waarom het ek verlede nag na Hom geluister en nie verder geveg nie? Die ander dissipels het ook almal soos 'n klomp lafaards weggehardloop en my in die steek gelaat. Maar toe ek ou Malgus bykom, toe keer Jesus my. Waarom het Hy

nie toe sy Vader gebid om engele te stuur om Hom en vir ons te kom beskerm nie?

My hoop vlam weer op

Hoe lank ek daar op die klip in my ontredderde toestand gesit het, weet ek nie. Toe ek uiteindelik my betraande oë opslaan en in die rigting van die kopbeenkoppie kyk, sien ek teen die laatmiddaglig drie kruise op die horison, maar ek het weer my kop laat sak, want ek wou nie die beeld van daardie middelste kruis in my geheue ingrif en altyd saam met my dra om my te herinner aan my lae verloëningsdaad toe Hy my nodig gehad het nie. Maar tog het daar in my gefolterde gemoed die vae wete in my bewussyn begin groei dat daardie kruis op die heuwel nie die finale gordyn gaan laat sak op al die gebeurtenisse wat ons alreeds saam met Jesus beleef het nie. Wat gaan gebeur as Hy werklik opstaan? Dan kan Hy mos weer die koninkryk in Israel oprig!

Aan die kruis

'n Rukkie later het Johannes weer by my aangekom waar ek soveel ure lank onder die boom gesit het. Hy het my vertel dat Jesus 'n rukkie vantevore gesterf het. Onderwyl ons albei se trane vrylik vloei, het ek van hom te wete gekom wat daar alles by die kruis gebeur het. Hy sê toe hy daar aankom vanmôre, het Jesus hom raakgesien en hom na die kruis geroep en hom gevra om voortaan sy moeder Maria in sy huis te neem en haar as sy eie moeder te versorg. Moeder Maria het nie ver van die kruis af gestaan nie. Maria Magdalena en die ander vroue het haar ondersteun, onderwyl sy moes toekyk hoe haar

heilige, onskuldige Seun besig was om aan ‘n Romeinse vloekhout te sterf.

Johannes sê toe hulle vanmôre vir Jesus aan die kruis gespyker het, het Hy gebid dat sy Vader hulle dit moet vergewe, want hulle weet nie wat hulle doen nie. Later in die dag het Hy uitgeroep dat Hy dors is en nadat die donker wat toegesak het, weer opgeklaar het, het Hy gevra waarom sy Vader Hom verlaat het.

“Petrus, dis hartverskeurend om daar naby die kruis te staan en te sien hoe Hy ly. Maar ek kon nie weggaan nie. Jy weet hoe lief ek Hom het. Ek staan daar en besef deur my trane heen dat al ons ideale besig is om saam met Hom te sterf. Maar toe die donker so om ons toesak, het ek weer gedink dit is miskien die teken dat Jesus van die kruis gaan afkom, maar ag, toe dit lig word, het Hy nog daar gehang. Ek het Hom gehoor prewel: “Dit is volbring.” Nie lank daarna nie het Hy uitgeroep: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor!” Toe het Hy gesterf.

In sy dood was Hy by ‘n ryke

Ek en Johannes het mekaar aangekyk. In albei se gemoed het die onuitgesproke vraag geleef: Wat staan ons nou te doen?

Ek gewaar ‘n man wat oor die rantjie na ons twee aangestap kom. Johannes het hom ook gesien en fluister vir my: “Dis Josef wat in die dorpie Arimatea bly. Hulle sê hy is skatryk, maar hy is ‘n baie goeie man.”

Toe hy by ons kom, stel hy homself voor en sê: “Ek weet

dat julle twee van Jesus se dissipels is. Ek kom nou net van die kruis af, waar ek vir Maria Magdalena en die ander vroue gekry het. Hulle het vir my beduie waar ek julle twee sal kry. Al die ander dissipels het gevlug en is nêrens te sien nie.

“Ek dink nie julle sal baie daarvan hou dat julle goeie Meester se liggaam soos dié van die misdadigers vir die aasvoëls gegooi gaan word nie; ek ook nie. Ek het vanmiddag na Pilatus gegaan en vir hom Jesus se liggaam gevra. Ek het ‘n mooi stukkie grond hier langs die Olyfberg, waar ek ‘n tuin aangelê het. Aan die kant van die sandsteenrantjie het ek vir my ‘n ruim graf laat uitkap. Ek wil hê ons moet Jesus se liggaam in hierdie graf gaan neerlê.

“Maar ek wil julle eers nog dít vertel: Toe ek vanmiddag by die Goewerneur was, toe bars daar ‘n paar priesterhoofde en Fariseërs onaangemeld en ongevraagd by hom in en sê vir hom daardie kennisgewing wat hy bokant Jesus se kruis in drie tale laat aanbring het, is verkeerd. Hy moenie geskryf het Jesus, die koning van die Jode nie, maar Hy het gesê hy is die koning van die Jode. Pilatus het hom vir hulle vererg en gesê: ‘Kyk hier, wat ek geskryf het is finaal en klaar. Ek is nou moeg vir julle klomp Jode se gesanik. As julle maar ‘n koning gehad het soos daardie Man, maar julle is dit nie werd nie!’”

“Dankie oom Josef, dat jy dit vir ons vertel. Maar waarom het hy toegelaat dat Jesus gekruisig word, as hy dan so baie van Hom gedink het?”

“Ja, hulle sê hy was onder groot druk. Sy vrou het ‘n briefie na hom gestuur en hom gewaarsku om tog niks met die regverdige Man te doen te hê nie; sy het die vorige nag in ‘n droom oor Hom swaar gely. Maar toe gaan staan hy mos voor

die ginnegapende menigte en al die haatspuende spul valse vromes en sogenaamde geleerdes sy hande in ‘n skotteltjie water en was en sê hy is onskuldig aan die bloed van Jesus, en tog laat hy Hom kruisig!

“Maar hy het my vriendelik behandel toe ek Jesus se liggaam vir hom vra om te gaan begrawe, want ek wil nie hê dat Hy môre tydens die fees nog aan die kruis moet bly hang nie. Sal julle my help?”

“Natuurlik, oom Josef!”

Ons is saam met hom na die kruis. Die vroue het intussen die nodige doeke en speserye gaan kry en ons gehelp om Jesus se liggaam af te haal en na Josef se nuwe graf te neem.

‘n Paar van die skynheilige Fariseërs wat hulle so verlekker het om Jesus aan die kruis te sien hang, het nog daar rondgedwaal en ons op ‘n afstand gevolg. Nadat die vroue sy liggaam met teerheid versorg het, het ons Hom in die graf gelê. Die swaar sluitsteen het ons drie manne byna baasgeraak, maar ons het daarin geslaag om dit voor die deur van die graf te rol om sodoende die ingang te verseël.

Toe ons omdraai, sien ons ‘n paar van die Fariseërs wat ons gevolg het, tussen die bome verdwyn, in die rigting van die stad. Josef van Arimatea het hulle gestaan en agternakyk. Toe sê hy:

“Jesus het hulle skynheilig en oneerlik en agterbaks genoem, maar ek sê hulle is van die duiwel besete, vanaf die Hoëpriester tot by elke sogenaamde skrifgeleerde en Fariseër van die Sanhedrin. Daar is net één man onder hulle wat eerlik

en opreg is en die wet ken en weet hoe om dit in jou eie lewe reg toe te pas. Dit is Gamaliël. Hy is ‘n getroue vriend van my, by wie ek al baie geleer het.”

Josef het nie verniet die groepie Fariseërs wat daar by Jesus se graf op ons kom spioeneer het, van nog meer onheilige dinge verdink nie. Ons het later gehoor dat hulle sommer weer pylreguit na Pilatus toe is en ewe vroom vir hom gaan sê het:

“Geagte Goewerneur, ons herinner ons dat toe daardie bedrieër nog geleef het, het hy meer as eenmaal vertel dat as hy doodgemaak word, hy na drie dae weer lewendig sal opstaan. Sy dissipels weet goed dat hy so gesê het en ons is seker hulle gaan probeer om sy liggaam te steel, om dan rond te vertel dat hy opgestaan het. Dink net daaraan watter groot bedrog dit dan nie sal wees nie. Ons vra asseblief dat u die graf moet laat verseël en dit drie dae lank deur wagte moet laat bewaak.”

Pilatus het sowaar aan hulle versoek voldoen. Die graf is verseël en word toe deur ‘n paar soldate bewaak.

Dis bloedgeld !

Voordat ek en Johannes daardie droewige Vrydag van oom Simon afskeid geneem het en hy weer na Arimatea vertrek het, het hy ons nog ‘n ding vertel wat my baie geskok het. Hy sê hy het voordat hy na die Goewerneur toe gegaan het, eers by die vergadersaal van die Sanhedrin aangedoen.. Hy wou graag met professor Gamaliël gesels oor die vreeslike dinge wat besig was om plaas te vind. Maar hy was nie daar nie – net ‘n aantal skrifgeleerdes en ‘n paar Fariseërs.

Toe storm Judas Iskariot die vertrek binne en roep snikkend uit: "Ek het 'n onskuldige Man verraai! Laat Hom los, asseblief, laat Hom los! Hier is julle geld terug!"

Maar hulle het hom toegesnou: "Ag siestog! Hoor net hier! Die verraaier het spyt gekry. Maak dat jy wegkom onder ons oë uit!"

Judas het die geld net daar neergesmyt en homself in die veld gaan ophang. Toe ek dit hoor, het my hart weer in my gekrimp. Is ek beter as Judas? Sê nou Jesus staan werklik weer op, sal Hy dan ooit my lae verloëningsdaad vergewe?

Toe ek en Johannes weer by die huis van Maria, Markus se moeder, aankom, kry ons darem vir Jakobus en Andreas daar. Waar die ander dissipels was, kon hulle ons nie sê nie. Die volgende dag het Filippus en Natanael daar aangekom en voor donker daardie aand het Tomas, Matteus, Jakobus Alfeus, Judas Taddeus en Simon Kananites ook opgedaaag, sodat ons elf darem weer bymekaar was.

Ons kon mekaar van skaamte nie in die oë kyk nie. Ons het mos almal, asof uit één mond vir Jesus verseker dat ons Hom nooit sal verloën of verraai nie, en kyk wat het ons gedoen; toe Hy ons die nodigste gehad het, het ons Hom almal in die steek gelaat en soos 'n klomp lafaards weggevlug vir die klompie tempelwagte wat Jesus kom arresteer het.

Jesus is dood, en wat gaan nou verder van ons word?

(7)
OP DIE KRUIN VAN OORWINNING

Daardie Saterdagnag, nadat die sabbat verby is, het ons elf dissipels maar min geslaap. Die goeie Maria wat haar huis so gasvry aan ons beskikbaar gestel het, het ons in die ruim bovertrek gehuisves, waar ons 'n paar dae vantevore die Paasmaal saam met Jesus geëet het. Ek het amper die heelnag gelê en rondrol, geteister deur my skuldgevoel teenoor Jesus en oor die onsekere omstandighede wat ons nou met sy dood binnegegaan het.

Soek julle die Lewende by die dooies ?

Ek het maar naderhand teen dagbreek die Sondagmôre opgestaan en in die tuin gaan rondstap . Toe kom Maria Magdalena en Maria en Salóme uit die huis. Ek het vir hulle gevra wat hulle op so'n ongewone uur van die dag buite kom doen. Maria het 'n hoeveelheid welriekende olie by haar gehad en dit blyk toe dat hulle op pad is na die graf toe om Jesus se liggaam daarmee te gaan balsem.

"Maar sal julle die swaar klip voor die graf kan wegrol?"

"Nee Petrus, maar ek het daaraan gedink dat as ons dit nie regkry nie, gaan ek hulp by die tuinopsigter soek. Ek het gister gesien hy werk daar naby in die tuin met 'n paar slawe," sê Maria Magdalena.

Hulle is daar weg. ‘n Bietjie later het Johannes ook uit die huis gekom en by my op ‘n bankie in die tuin kom sit. Ons het maar weer ons gedagtes oor die skokkende gebeurtenisse van die afgelope paar dae met mekaar gedeel. Johannes het gesê ek moenie so sleg voel omdat ek gemaak het of ek Jesus nie ken nie. Hy het my lankal vergewe.

“Maar hoe moet ek dit weet? Hy is dan nou dood.”

“Ja Petrus, en ek het Hom só lief gehad.”

Toe sien ek die drie vroue wat in die straat aangehardloop kom. Hulle gewaar ons en pyl reg op ons af. Maria Magdalena is heel voor en toe sy by ons aankom, is sy só opgewonde en uitasem, dat dit ‘n rukkie neem voordat sy ‘n woord kan uitkry. Maar toe hou sy net aan stotter en uitroep: “Jesus…het opgestaan! Hy’t opgestaan…Hy leef, Hy leef, Hy leef!”

Ek en Johannes het haar verstom aangestaar. Toe sy daarmee aanhou, het ek naderhand uitgeroep: “Dis onmoontlik! Bedaar tog! Wat het gebeur?”

Wat Maria Magdalena, toe nog steeds stotterend, vir ons begin vertel, het my laat voel of ek sweef, letterlik vasgevang en heen en weer geslinger tussen geloof en ongeloof, maar daar het ‘n ongekende blydskap in my begin opborrel onderwyl ons opgewonde luister na wat sy vertel.

Toe hulle naby die graf kom, hoor hulle ‘n harde donderslag en die grond onder hulle skud soos wanneer daar ‘n aardbewing plaasvind. Toe kom die vier wagte wat die graf moes oppas in doodsangs by hulle verbygestorm en verdwyn in die rigting van die stad. Hulle het self daar verskrik gestaan en wou omdraai, maar Maria Magdalena besluit toe dat sy wil sien

wat daar gebeur het. Sy het voor die ander uit na die graf geloop.

Wat hulle gesien het, het hulle aldrie meteens versteend laat staan. Die groot ronde klip was voor die ingang van die graf weggerol en bo-op hom het ‘n engel in blinkende gewaad gesit. Hy het na hulle gekyk en gesê: “Moenie bang wees nie. Moenie die Lewende by die dooies soek nie. Jesus is nie hier nie. Hy het opgestaan. Gaan sê vir sy dissipels hulle moet bymekaar bly, sodat Hy aan hulle kan verskyn.”

Hulle was nog besig om van hulle verstomming te herstel, toe die engel verdwyn. Hulle het net daar omgespring en teruggehardloop hier na ons toe.

Ek het nie ‘n oomblik langer gewag nie. Ek het weggespring en begin hardloop. Toe ek deur die stadspoort trek en die wagte op my skree omdat hulle dink ek vlug, was Johannes nog kort agter my, maar toe gaan hy verby, want ek het begin moeg word. Hy was eerste by die graf. Toe ek daar aankom, het ek dadelik ingegaan. Jesus was nie daar nie. Ek het die doeke sien lê. Die een wat om Jesus se kop gedraai was, het netjies eenkant opgerol gelê. Toe het Johannes ook ingegaan en dit alles gesien.

Sê dit vir Petrus

Ek was teleurgesteld en het nie geweet wat om te dink nie. Ons het maar weer teruggegaan en toe ons by die groot huis kom, sê die vroue vir ons dat Maria Magdalena ‘n rukkie na ek en Johannes ook weer na die graf gegaan het. Toe sy uiteindelik terugkom, was sy nog meer opgewonde as die eerste keer. Sy sê sy het gedink iemand het Jesus se liggaam

weggeneem en op ‘n ander plek gaan neerlê. Sy het in die tuin ingestap, toe daar skielik ‘n man voor haar staan. Sy wou by hom weet of hy nie miskien Jesus se liggaam weggeneem het nie. Sy enigste antwoord was: “Maria!” Dit was Jesus!

Hy het vir haar gesê sy moet Hom nie aanraak nie, want Hy het nog nie opgevaar na sy Vader nie. Sy moet dit asseblief vir die dissipels kom vertel, en ook vir my. Ons moenie weggaan nie en bymekaar bly, want Hy wil graag aan ons verskyn.

Kan jy dink wat daardie woorde, “*en sê dit ook vir Petrus,”* vir my beteken het? As Hy werklik opgestaan het, is Hy nie vir my kwaad nie, want Hy noem my naam spesiaal! Kan ons vir Maria Magdalena glo? Die ander dissipels het nie, maar ek het begin glo.

Ons het daardie dag verder in groot opgewondenheid verkeer. Ek en Johannes het vir die ander vertel wat ons gesien het. Ons het oor die engel se verskyning gepraat. Ons het vir Maria Magdalena en die ander twee vroue oor en oor uitgevra oor wat hulle gesien het. So het die dag vir ons traag omgegaan, onderwyl ons gewag het dat Jesus, as Hy werklik opgestaan het, sy belofte moet nakom om ons te kom besoek.

Die enigste vreemdeling in Jerusalem

Maar laat daardie middag het daar nog ‘n merkwaardige gebeurtenis plaasgevind, waarvan ons eers teen die aand se kant gehoor het. Twee pelgrims, wat ook volgelinge van Jesus was, was ook hier in Maria se groot huis tuis tydens die

Paasfeesverrigtinge. Die een se naam is Kleopas. Hulle twee het vanmiddag weer in die pad geval na hulle tuisdorpie Emmaus, wat sowat 20 kilometer wes van Jerusalem lê. Hulle was net soos ons dissipels, bitter teleurgestel oor wat met Jesus gebeur het en het so ver as wat hulle gestap het, daaroor geloop en praat.

Hulle was nog nie ver uit die stad nie, toe hulle ‘n vreemdeling gewaar wat met hulle begin saamstap. Die Man wou by hulle weet waaroor hulle so ernstig met mekaar gesprek voer en waarom hulle so droewig lyk. Kleopas vra toe vir Hom of Hy dan die enigste vreemdeling in Jerusalem is omdat Hy nie weet van al die dinge wat die afgelope dae in die stad gebeur het nie. Hulle twee het toe vir Hom vertel dat hier ‘n groot profeet in die stad was, Jesus van Nasaret, wat kragtig in werk en woord voor God en die hele volk was, maar die priesterhoofde en ander owerstes het Hom só gehaat dat hulle gesorg het dat Hy tot die doodstraf oorgelewer is en ‘n kruisdood gesterf het.

“Ons het vuriglik gehoop en ook vas geglo dat Hy Israel van die Romeine gaan verlos, maar al ons hoop en verwagting het drie dae gelede saam met Hom gesterf. Maar nou het daar vanmôre weer dinge gebeur wat ons nog verder in die war bring. ‘n Paar vroue het sy graf gaan besoek, maar dit is leeg. Hulle sê daar was ‘n engel by die graf, wat vir hulle gesê het dat Hy lewe. ‘n Paar van ons het toe na die graf gegaan en gesien dat dit leeg is, maar Hy self was nie daar nie. Nou weet ons ook nie meer wat om te glo nie.”

Die Man het toe met hulle begin praat oor alles wat daar in die skrifte oor die Messias opgeteken staan en dat dit so bepaal is dat die Christus met sy koms na die aarde veel moes ly,

voordat Hy in sy heerlikheid sou ingaan. Hulle was verbaas dat hierdie Man dit alles weet.

Toe hulle naby Emmaus kom, het Hy gemaak of Hy verder wou gaan, maar Kleopas het Hom uitgenooi om in sy huis te kom oornag, aangesien dit al laat was. Aan tafel die aand het hierdie vreemdeling die brood geneem en toe Hy dit breek, het Kleopas hulle eers ontdek dat hulle die hele middag al die tyd saam met Jesus gestap het! Toe hulle Hom herken, het Hy uit hulle gesig verdwyn.

In hulle groot verbasing en blydskap, het hulle alles net so aan tafel gelos en die twintig kilometer na Jerusalem terug gehardloop. Hulle het laat die aand uitasem by ons aangekom en die trap opgestorm na die bokamer, waar ons nie kon ophou praat oor die wonderlike dinge wat gebeur het nie. Toe Kleopas klaar vertel het van hulle wonderlike ontmoeting met Jesus, het ons almal saam gejuig in die wete dat daar nou geen twyfel meer bestaan dat Jesus werklik uit die dood opgestaan het nie.

Die merk van die spykers

Die volgende oomblik het Jesus daar in die bovertrrek voor ons verskyn! Ons was nog besig om oor Hom te praat, toe staan Hy daar by ons. Ons was almal half verskrik en het net na Hom bly staar. Toe sê Hy: "Vrede vir julle! Moet tog nie so bang wees nie. Dit is nie 'n spook wat julle sien nie. 'n Spook het nie vlees en bene soos ek nie. Kom vat aan my en voel self."

Ek wou my nie deur die ander laat voorspring nie en was eerste by Hom op my knieë, onderwyl ek prewel: "My Here en my God!"

Die ander dissipels het moed geskep en skoorvoetend nadergekom om aan Hom te raak. Toe die vroue 'n loflied aanhef, het ons spontaan ingeval en begin om die Here te loof dat Hy sy Seun uit die dood vir ons opgewek het om verder met sy seënende teenwoordigheid by ons te wees.

'n Hele rukkie lank was ons eintlik sku vir Jesus. Ons was half bang en half skaam om met Hom te praat. Hy het daar voor ons gestaan, maar Hy het nie meer presies gelyk soos altyd nie. Sy verheerlikte liggaam was anders. Maar dit was Hy. Sy vriendelike oë het ons toegelag en toe het Hy met ons begin praat.

Oorwinnaar, Redder, Verlosser, Middelaar

Uiteindelik het ek verstaan waarom Hy so onder die priesterhoofde en volksleiers moes ly. God het Hom na die aarde gestuur om sy koninkryk in die harte van mense te kom vestig. Hy moes aan 'n kruis sterf om vir die sondeskuld van die ganse mensdom te betaal, want God laat nie die sonde ongestraf bly nie. Hy het nie gekom as 'n politieke koning om Israel se vyand, die Romeine, te verdryf nie, maar om die veel groter mag van die duisternis wat die aarde teister, te verbreek en te oorwin. Dit het Hy met sy kruisdood en sy opstanding gedoen. Hy gaan nog 'n klein rukkie by ons bly en dan gaan Hy terug na sy Vader en ons Vader, om vir sy oorwinning oor die bose verheerlik te word. Aan Hom is alle mag in die hemel en op die aarde gegee. Niemand kan na die Vader gaan sonder Hom nie, want Hy is ons Middelaar. Elkeen van ons wat ons

sonde bely en Hom aanneem as Redder en Verlosser uit die mag van die sonde, ontvang vergifnis vir al sy ongeregtigheid. Daarom is sy gebod dat ons mekaar moet liefhê en so die wet van God vervul.

Ek sal nooit glo nie

Toe ek daar so na Hom staan en kyk, waar Hy in die flou lamplig voor ons almal staan, terwyl ‘n stralekrans van lig om Hom skyn, het ek met ‘n jubeling in my hart finaal geweet dat dit werklik God is wat hier voor ons staan. Ek het ook geweet dat ek Hom nooit weer gaan verloën nie en dat my lewe voortaan in nederige diens aan Hom gewy gaan word.

Jesus se verskyning aan ons klompie dissipels daardie aand van die eerste dag van sy opstanding, het ons onwillekeurig bymekaar gehou. Niemand wou weggaan en afwesig wees in geval Jesus weer aan ons sou verskyn nie. ‘n Week later het die wonderlike gebeurtenis toe weer plaasgevind. Tydens die vorige geleentheid was Tomas nie saam met ons nie. Toe ons Hom later vertel dat Jesus by ons was, het hy gesê hy glo dit nie. Hy sal eers glo as hy sy hande oor Jesus se wonde kan laat gaan, maar anders, nooit nie.

Met Jesus se tweede verskyning aan ons, het Jesus hom geroep en gesê hy moet aan die merke van die spykers kom voel. Toe eers het Tomas uitgeroep, “My Here en my God!” en voor Hom neergeval en Hom aanbid.

Ek gaan visvang

By hierdie tweede verskyning van Jesus aan ons, het Hy weer gesê dat Hy nog ‘n rukkie by ons gaan bly. Ek het nie geweet hoe lank dit nog sal wees nie. Ek wou nie graag so onbepaald misbruik maak van die goeie vrou Maria se gasvryheid aan ons dissipels nie. Toe het ek en my broer Andreas, Johannes en Jakobus, Tomas, Filippus en Natanael besluit om weer na ons tuisomgewing by die Galilese See terug te gaan. Ons is almal vissers en kan ons ou beroep dalk weer daar voortsit wanneer Jesus nie meer by ons is nie. Daarom het ons sewe weer die lang pad na die noorde aangedurf en behoue in Kapernaum aangekom.

Die volgende dag het ek eenvoudig net gebrand om weer te voel hoe spartel die visse in die net as jy hom intrek en ek sê vir die ander: “Ek gaan visvang!” Hulle sê: “Ons kom ook.”

Dit was ‘n stil aand, en waarom ons die hele nag lank niks gevang het nie, weet ek nou nog nie. Toe dit lig word en ons besig was om met die skuit kant toe te roei, sien ons ‘n Man op die strand staan. Hy het vir ons gevra of ons nie iets gevang het om te eet nie, maar ons het niks gehad nie. Ons is toe al in die vlakwater, ongeveer ‘n honderd tree van die strand af, toe Hy ons weer toeroep en sê ons moet die net aan die regterkant van die skuit uitgooi, dan sal ons iets kry.

Toe het ek geweet! Ons maak so, en meteens is dit net soos die wonderlike visvangs van drie jaar gelede toe ek die Here Jesus die eerste keer ontmoet het. Die net is só swaar van visse dat ons hom skaars kan sleep. Johannes kyk na die Man op die strand en sê: “Dit is die Here! Ek gryp my hemp en trek dit haastig aan en spring in die vlakwater en beur so vinnig as wat ek kan na die strand toe, na Jesus toe!

Johannes hulle het die skuit kant toe gebring en die net uitgesleep met honderd drie en vyftig mooi visse daarin.

Op die strand het ‘n vuurtjie gebrand. Jesus sê ons moet van die vis wat ons gevang het, bring om gaar te maak. Toe ons sewe saam met Hom om die vuur plaasneem, heers daar meteens weer die gewyde atmosfeer wat ons altyd in sy teenwoordigheid ervaar het.

Jesus het aan ons brood uitgedeel, en die vis. Onderwyl ons saam met Hom aan hierdie maaltyd deelgeneem het, het nie een van ons sewe eintlik ‘n woord gesê, of vir Hom gevra wie Hy is nie, want ons het almal geweet dis Jesus, die Here.

Het jy My baie lief ?

Toe die ander dissipels begin doenig raak met die versorging van die vis wat ons gevang het, het net ek en Jesus by die vuurtjie bly sit. Hoe baie keer was ek en Hy die afgelope paar jaar nie saam alleen in mekaar se geselskap nie! Nadat ek daardie keer vir Hom gesê het, “Gaan asseblief weg van my af, Here, want ek is ‘n sondige man,” wou ek net altyd by Hom wees. Ek weet Hy het my sonde vergewe toe ek Hom so verloën het en nou sit ek my net en verlustig in sy heilige teenwoordigheid.

Toe sê Jesus: “Petrus, het jy My lief? Het jy My liewer as hierdie ander dissipels?”

“Ja Here, U weet dat ek U liefhet.”

“Dan moet jy my lammers laat wei.”

Daarna vra Hy weer vir my: “Petrus, het jy My baie lief?”

Ek kon weer met ‘n eerlike gemoed antwoord: “Ja Here, U weet dat ek U liefhet.”

Jesus se enigste antwoord op my belydenis was dat ek sy skape tog mooi moet oppas, maar toe vra Hy ‘n derde keer vir my of ek Hom liefhet. Ek het Hom weer uit my hart verseker dat ek Hom liefhet en dat Hy dit weet, want Hy weet alles. Daarop het Hy my weer beveel om sy skape te laat wei. Hy het ook vir my gesê dat ek in my jonkheid gegaan en gedoen het wat ek wil, maar dat ek in my ouderdom deur iemand anders gebring sal word waar ek nie wil wees nie.

Al wat ek toe daarvan verstaan het, was dat Jesus my vra om as ‘n herder en leraar die blye boodskap van sy liefde, genade, redding en verlossing uit die mag van die sonde, uit te dra aan die wagtende wêreld. Hoe ek, die arme ou ongeleerde visser van Kapernaum dit ooit sal kan doen, het ek gladnie geweet nie. Maar ek het onthou dat Jesus gesê het Hy gaan van my en Johannes hulle vissers van mense maak en later het Hy vir my gesê ek is die rots waarop Hy sy gemeente gaan bou. Hy het groot planne met ons en veral met my. Ek het besluit om geduldig te wag.

Ek kom weer

Voordat Jesus daardie môre van sy derde verskyning aan ons by die Galilese See weer uit ons gesig verdwyn het, het Hy vir my gesê dat ek al die dissipels moet vra om weer in Jerusalem bymekaar te kom, waar Hy van ons afskeid wil neem voordat Hy na sy Vader gaan. Daarom het ons sewe daarheen teruggegaan en die ander dissipels en getroue volgelinge van

Hom gevra om saam met ons na die Olyfberg te gaan waar Hy afgespreek het om by ons aan te sluit.

Toe ons daar aankom, was Jesus weer by ons. Ek het so gewens dat Hy maar altyd by ons kon bly, maar Hy het gesê dat dit noodsaaklik is dat Hy weggaan, anders kan die Gees van Waarheid, die Heilige Gees, nie as Trooster na ons toe kom nie. Ons moenie van mekaar af weggaan voordat die Gees nie gekom het nie. Daarna moet ons sy getuies wees in Jerusalem en Judea en Samaria tot in die uithoeke van die wêreld en gaan verkondig dat God die wêreld só lief het dat Hy sy eniggebore Seun na die aarde gestuur het om aan ‘n kruis te kom sterf en so vir die sondes van die ganse mensdom te betaal, sodat elkeen wat in Hom glo as Verlosser en Saligmaker, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Toe het Hy sy hande seënend oor ons uitgestrek en voor ons oë in die lug begin opgaan, totdat ‘n wolk Hom naderhand heeltemal bedek het. Ons groepie kon maar nie ophou om in die ruimte in te staar waar Hy verdwyn het nie, maar toe staan daar skielik twee engele by ons wat sê Jesus sal, net soos wat Hy van ons af opgevaar het, weer na ons toe kom.

Hierdie verskyning van die engele het ons almal se droefheid oor Jesus se weggaan in blydskap verander, ook omdat Hy beloof het om aan ons die Heilige Gees as Trooster te stuur, om altyd by ons te bly. Daarom het ons almal saam na Jerusalem teruggegaan om met blymoedigheid op die koms van die Gees te wag.

(8)
DIE WÊRELD MOET DIT WEET

Toe ons op daardie gedenkwaardige oggend nadat Jesus na sy Vader opgevaar het, weer na die stad terugstap, sê Maria - Markus se moeder - vir my: “Petrus, al kan ek nie almal wat vandag op die berg die wonder van Jesus se hemelvaart gesien het, snags by my huis van slaapplek voorsien nie, moet jy vir almal sê dat hulle bedags welkom is om saam met julle dissipels in my tuin bymekaar te kom. Almal is tog seker begerig om die Trooster te ontvang wat Jesus beloof het en Hy het gesê ons moet bymekaar bly.”

“Die Here seën jou, Maria. Ek sal vir hulle sê. Dankie dat jou huis vir ons ‘n veilige hawe en toevlugsoord geword het.”

Voordat ons daar aangeland het, het almal wat saam met ons was, dit geweet. Johannes en Jakobus het my gehelp om die goeie boodskap te versprei.

Ons word weer twaalf

Die volgende dag sit ons almal in Maria se groot tuin onder die koeltebome en gesels. Buiten ons elf dissipels en ‘n aantal ander mense wat ook in Jesus geglo het, was Maria Magdalena en die ander vroue ook daar, ook Jesus se moeder Maria en ook sy broers.

Ek sê toe dat ek gehoor het dat Judas Iskariot, toe hy homself opgehang het, oopgebars het en dat die owerstes met die geld wat hy in hulle gesigte teruggegooi het, ‘n stuk grond gaan koop het wat nou “Bloedgrond” genoem sal word. En nou is ons net elf. Ons moet weer ‘n twaalfde persoon bykies. Dit moet iemand wees wat van die begin af saam met ons was en nou gesien het hoe Jesus in die hemel opgeneem is.

Almal het met my saamgestem. Omdat daar toe twee manne voorgestel is, moes ons die lot werp. Nadat ons gebid het, het die loting vir Mattias aangewys.

Nou was ons weer twaalf, nie meer dissipels nie, maar apostels van Jesus Christus, wat gereed sit om die Heilige Gees te ontvang, sodat ons toegerus die wêreld kan ingaan om in opdrag van die Here Jesus, die blye boodskap van liefde, genade en redding in sy Naam, aan die wagtende wêreld te bring.

As ek toe maar geweet het

Onderwyl ons bedags daar in die rustige atmosfeer van Maria se tuin die tyd met mekaar sit en verwyl het, het ons gedagtes onwillekeurig gedraai om die kosbare driejaarlange tydperk van ons saamwees met die Here Jesus.

Een middag hoor ek Natanael sê vir die ander: "Ek het van die begin af, toe Filippus my na Jesus toe gebring het, geweet dat Hy die Seun van God is." Jakobus van Alfeus vra toe vir hom hoe dit moontlik kan wees dat hy dit toe al geweet het. Natanael sê Jesus het hom in die oë gekyk en gesê hy is 'n Israeliet waarin daar nie 'n greintjie bedrog skuil nie. Toe hy vir Jesus vra hoe dit dan moontlik is dat Hy hom ken, het Jesus gesê dat Hy hom die vorige dag al onder 'n vyeboom gesien het.

Tomas het na Natanael se gesprek gesit en luister. Ek het gesien hy kry 'n weemoedige trek op sy gesig toe hy sê: "Ja Natanael, geseënd is jy omdat jy van die begin af geweet het

wie Hy is. Maar wat dink jy van my? Ek het soos 'n onkundige heiden nie eers geglo dat Hy uit die dood opgestaan het nie. Eers toe Hy vir my sê ek moet die wonde aan sy hande en voete en sy sy kom ondersoek, het ek eers geglo dat Hy opgestaan het. Toe het ek ook die eerste keer besef dat Hy nie 'n mens is nie, maar dat dit God self is wat hier voor my staan."

Matteus het toe begin praat: "Julle weet almal dat ek, voordat Jesus my geroep het, daar in Galilea by die tolhek gesit het. Almal het my gehaat. My naam was eers Levi, maar Jesus het dit verander. Ek het ons volk gruwelik uitgebuit en meer by die tolhek geëis as wat ek aan die Romeine verskuldig was om oor te betaal. Julle almal sê julle het eers na Jesus se opstanding besef dat Hy werklik die Messias van God is. Ek het egter oombliklik geweet toe Hy daar in die tolhek by my kom staan het waar ek besig was om geld te tel, dat dit nie 'n gewone mens is wat my so dringend aankyk nie. Sy oë het in my ingebrand toe Hy vir my sê: 'Laat staan hierdie dinge en volg My.' Julle weet self dat ek dit onmiddellik gedoen het en vir Hom en vir julle en vir al my tollenaarsvriende 'n groot feesmaal gegee het, waaroor die Fariseërs so kwaad was. Ek dink sterk daaraan om binnekort, nadat die Trooster wat Jesus vir ons belowe het, gekom het, om te gaan sit en alles neer te skryf wat ons van Jesus weet. Ek wil vir hierdie geleerde volksleiers wat Hom so haat en Hom gekruisig het, bewys dat Hy die ware, gestuurde Messias van God is wat ook deur hulle verwag word. Maar hulle is te blind om Hom te herken toe Hy gekom het."

Ek het die hele tyd rustig tussen die bome op en af gestap. Toe ek Matteus se laaste woorde hoor, het ek ook aan die gesprek kom deelneem: "Ek dink die priester- en familiehoofde en Fariseërs weet baie goed Wie hulle gekruisig het, maar sal dit nooit erken nie. Ek het kort nadat Jesus

opgestaan het, gehoor dat een van die wagte wat Jesus se graf moes oppas, vir ‘n soldaat by Antonia vertel het wat daar gebeur het. Hy het glo gesê hulle het hul lam geskrik vir die donderslag en aardbewing en vir die blinkende gedaante wat die swaar klip wegrol asof dit geen gewig het nie, maar toe die Man wat gekruisig is by die graf uitgestap kom, het hulle gevlug en dit hier in die stad kom rondvertel. Maar nadat die Fariseërs hulle omgekoop het, het hulle die storie versprei dat ons Jesus se liggaam in die nag gaan steel het en Hom op ‘n ander plek begrawe het.”

Ek het die behoefte gevoel om so ‘n bietjie voor my mede-apostels oor die dinge van die verlede te bieg en sê toe vir hulle: “Ek weet ek is altyd met alles so voor op die wa en begaan die een na die ander mistrap, maar ek weet Jesus het dit alles vergewe en daarom kan ek aangaan. Dink net wat sou gebeur het as Hy nie daardie aand op die meer, toe Hy op die water geloop het en ek begin sink het, my hand gegryp en my in die skuit gehelp het nie! Julle onthou seker ook van die ander gevalle waar ek so onbedagsaam was, soos toe Jesus ons voete gewas het en ek dit eers geweier het. Toe Jesus op die berg van verheerliking was en Moses en Elia daar by Hom verskyn het, wou ek mos sommer hê dat ons vir elkeen daar ‘n hut moes bou! Maar toe ek vir Jesus gesê het dat ek Hom nooit sal verloën nie en dit toe sommer driemaal agtermekaar gedoen het, het dit my groot wroeging besorg en as dit nie was dat Hy my daarvoor volkome vergewe het nie en vir my gesê het dat Hy my nog gaan gebruik om vir Hom voor baie mense te getuig nie, sou ek dalk dieselfde pad as Judas Iskariot geloop het.”

Johannes was nie by ons toe ons klompie so met mekaar sit en praat het nie. Toe hy uit die huis gestap kom, sê ek vir hom: “Johannes , jy was nooit so impulsief en voortvarend soos ek

nie. Ek weet Jesus het vir jou en jou broer Jakobus die ‘seuns van die donder’ genoem, omdat julle altwee so vurig van aard is, nes ek. Maar ek weet dat jy Jesus baie lief het. Ons ander het soms jaloers gevoel om te sien dat Hy jou ook baie lief het. Jy het ook voortdurend probeer om altyd naby Hom te wees. Hy het vir jou, saam met my en Jakobus, altyd gevra om saam met Hom te gaan wanneer ernstige dinge gebeur het, soos toe Hy op die berg verheerlik is en toe Hy in Getsémané gaan bid het.”

“Ja Petrus, dis waar, maar ek het ook maar net soos jy die herinnering aan ‘n paar dinge wat liewers nie moes plaasgevind het nie. Ek en Jakobus het vir ons moeder, Salóme, gevra om saam met ons na Jesus te gaan en te vra dat Hy ons twee as sy vernaamste ministers moet aanstel wanneer Hy hier in Jerusalem koning word. Dit wys vir julle hoe min ons toe nog verstaan het wie Jesus werklik is. Ek moet ook voor julle bely dat ek daardie Vrydag toe Hy gekruisig is, bly glo het dat Hy deur ‘n wonderwerk Homself sou red en van die kruis sou afkom. Ek het eers besef dat Hy gaan sterf toe Hy my naderroep en vra dat ek in sy plek ‘n seun vir sy moeder moet wees en haar moet versorg. Ek is so dankbaar dat Hy hierdie verantwoordelikheid op my gelê het. Miskien het Hy dit gedoen omdat ons familie van mekaar is, want my moeder Salóme, en sy moeder Maria, is susters. Matteus het netnou gesê dat hy graag later alles oor Jesus vir die nageslag wil opskryf. Dit is baie goed. Ek wil dit ook graag doen, want miskien onthou ek van dinge waaraan hy nie dink nie en so kan ons mekaar dan aanvul.”

Vuurtonge

Die dae het verbygegly. Ons het nie ‘n vervelige oomblik beleef nie, want daar is soveel herinneringe aan ons saamwees met die Here Jesus, dat ons, onderwyl ons gewag het, nie uitgepraat kon kom nie. Toe breek Pinksterfees aan.

Die strate het gewemel van mense. Dit was veral besoekers wat die fees kom bywoon het. Baie van hulle het van Galilea af gekom, waar Jesus so lank saam met ons gewerk het.

Om nege uur het ons ‘n suising gehoor, soos die geluid van ‘n stormwind wat opsteek en al harder word. Daar het ‘n menigte vlammetjies, wat soos vuurtonge gelyk het, op ons neergedaal en op elkeen van ons gaan sit. Die geluid het stadigaan weer stil geraak en die vlammetjies het ook verdof en naderhand verdwyn.

Ons is nie dronk nie !

Toe het ek eensklaps verander. Ek het om my heen gekyk en gesien daar is ook dinge met my mededissipels aan die gebeur en ook met die ander gelowiges wat saam met ons daar in die tuin bymekaar was. Ons was nie meer dieselfde mense as wat ons was nie. Ons het begin praat, maar nie met mekaar nie. Ons het die Here begin loof in tale wat ons voorheen nie geken het nie. Dit was nie net meer ons eie Aramees nie, maar Hebreeus en Grieks en Latyn en ‘n hele paar ander tale wat in die lande rondom die groot Middellandse See gepraat word. Uit al daardie lande was daar van ons volksgenote wat hier na die Pinksterfees in Jerusalem gekom het.

Toe die mense wat in die straat langs die tuin verbyloop, elkeen in sy eie taal hoor hoe God geprys word, het hulle vasgesteek om te luister. Baie van hulle het nadergestap. Die getal het aangegroei en die gedrang het al groter geword.

Meteens skree ‘n paar van hulle daar van die straat af: “Ag, los hulle uit! Die hele ou spul is dronk! Kom ons loop!”

Dit was net een te veel vir my. Toe ek uit die tuin in die straat instap, was Johannes en Jakobus agter my, en die ander dissipels was besig om ook te kom.

“Luister hier, julle almal! Hierdie mense makeer niks. Niemand lê om nege uur in die môre al dronk in die strate rond nie. Dit is God wat hier aan die werk is.”

Toe het ek tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê dat as hulle die skrifte van die profete ken, hulle almal behoort te weet dat God beloof het om sy Messias na die aarde te stuur om ons te red. Dit is Jesus van Nasaret. “God het Hom kragtige dade en wonders en tekens onder julle laat doen. God het Hom aan julle uitgelewer en julle het Hom aan ‘n kruis laat spyker en Hom doodgemaak. Maar God het Hom uit die dood laat opstaan. Daarvan is ons almal getuies. Met sy hemelvaart het Hy beloof om aan ons sy Heilige Gees te stuur, sodat ons in die krag van sy Gees kan verkondig dat hierdie Jesus wat julle gekruisig het, deur God aan sy regterhand verhoog is en Hom Here en Christus gemaak het.”

Ek kon sien my woorde vind groot inslag, want hulle het opgewonde om my en Johannes hulle begin saamdrom en uitgeroep: “Maar is ons dan verlore? Wat moet ons doen?”

Toe roep ek uit, en die ander dissipels saam met my: "Bekeer julle en laat julle in die Naam van Jesus Christus doop, want deur sy Naam alleen kan ons gered word. Dan sal God julle sondes vergewe en julle die gawe van die Heilige Gees ontvang."

Allawêreld, maar toe moes ons apostels bontstaan! Ons het voor 'n groot optog mense uit die stad beweeg na die Kedronspruit waar water was en hulle begin doop, mans, vroue en kinders. Weet jy, dit het een stryk deur aangehou tot na sononder. Hoe wonderlik was dit nie! God het nie net aan ons die geeslike krag gegee om vol te hou nie, maar ons het nie eers moeg geword nie.

Toe ons met groot dankbaarheid die aand terugkeer, sê Maria Magdalena vir my: "Petrus, onderwyl jy en al die ander apostels so hard besig was om die mense te doop, het ek vir die ander vroue gesê hulle moet my help tel hoeveel gedoop word. Julle het meer as drie duisend mense vandag in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop." Ons het net daar op ons knieë geval en begin om die Here te loof en te dank dat Hy ons so voorspoedig gebruik het om vir Hom sy eerste gemeente te stig.

Cefas die rots, is dit ek ?

Wanneer ek aan daardie eerste goue dae dink wat gevolg het op die uitstorting van die Heilige Gees, dan staan ek weer opnuut verslae in verwondering voor die almag van God en die kragtige werking van sy Gees deur 'n feilbare mens soos ek. Die Here het wonders deur ons apostels gewerk in die totstandkoming en groei van sy eerste gemeente hier in Jerusalem.

Die getal gelowiges wat daardie eerste dag al oor die drie duisend getel het, het gaandeweg aangegroei tot meer as vyf duisend. Die mooiste vir my was dat almal so eensgesind was en hartlik met ons saamgewerk het in hulle gemeenskaplike belang. Ons het baie kere in groot groepe saamgeëet, voedsel en ander besittings met mekaar gedeel en baie mense het selfs hulle grond verkoop en die geld vir ons apostels gebring om dit vir die behoeftes van die arm mense aan te wend.

Ons apostels se hande was só vol om al hierdie dinge by te bring, dat ons naderhand nie meer genoeg tyd gehad het om aan die begerige gemeente die Woord van die Here te bring nie. Daarom het ons toe sewe diakens gekies wat vir ons moes help met die versorging van die armes en veral van die Griekse weduwees.

Daarna het ons meer tyd gehad vir die verkondiging van Jesus se reddende evangelie. Die Here het baie tekens en wonders deur ons laat plaasvind. Al die gelowiges het gereeld in die tempel bymekaar gekom waar ons in die Pilaargang van Salomo met hulle gepraat het oor Jesus se opstanding uit die dood en sy hemelvaart en die koms van die Heilige Gees.

Die getal gelowiges het bly groei. Daar het ook baie mense vanaf die dorpe naby Jerusalem, na die tempel gekom. Hulle het hulle siekes saamgebring en ook mense wat onder bose geeste gely het. Die Heilige Gees het ons gebruik om hulle almal gesond te maak Die mense het naderhand hulle siekes op straat uitgedra en daar op draagbare en beddens neergesit, sodat as ek daar verbykom en my skaduwee op hulle val, hulle gesond kan word. En dit het gebeur!

Ek het gejubel en die Here geloof en geprys en gedank, want Hy was besig om vir my, Simon, te gebruik as Cefas,

Petrus die rots, waarop Hy reeds besig was om sy heel eerste gemeente te bou, want Hy het sy belofte nagekom om van my ‘n visser van mense te maak.

(9)
SLAAGS MET DIE VYAND

Ons groepie apostels het na die uitstorting van die Heilige Gees ondervind dat ou satan niks daarvan hou dat ons vir mense van die reddende genade en liefde van die Here Jesus vertel nie. Hy het voortdurend probeer om almal wat hom gehoorsaam, teen ons in die harnas te jaag, om ons te verhinder en te belet om enigiets in die Naam van Jesus te doen.

Wat ek het, gee ek vir jou

Ek en Johannes was een middag op pad na die tempel toe om te gaan bid. Net toe ons die gebou deur die Mooipoort binnegaan, steek ‘n ou bedelaar sy hand na ons uit on iets te vra. Hy was verlam en is elke dag daarheen gebring om daar te sit en bedel. Ek sê toe vir hom ons het nie geld nie, maar wat ek het, gee ek vir hom en beveel hom om in die Naam van Jesus Christus op te staan en te loop. Ek het hom aan die hand gegryp en opgehelp en toe hy staan, ontdek hy dat sy bene skielik sterk geword het en dat hy kon loop. Hy is al juigende en springende saam met ons die tempel in tot by die Pilaargang van Salomo, waar daar ‘n groot samedromming van mense was. Hulle het ons aangegaap en skoon verstom bly staar na ons juigende metgesel wat nog steeds al singende die Here gedank het dat hy weer kon loop.

Ek het vir Johannes gesê dis ‘n baie goeie geleentheid om die Woord van die Here aan hierdie klomp mense te verkondig. Toe het ek uitgeroep: “Israeliete, waarom is julle so verbaas om hierdie man wat so verlam was weer te sien loop? Hy doen dit deur die krag wat Jesus Christus aan hom gee om sy bene weer sterk te maak. Julle het mos gevra dat Jesus gekruisig moet word en ‘n misdadiger losgelaat moet word. So het julle

die Leidsman na die lewe vermoor. Maar ek weet julle het dit uit onkunde gedoen. Maar as julle jul bekeer en tot inkeer kom, sal God julle sondes vergewe en aan julle verlossing skenk."

Voordat ek die pad van saligheid deur geloof in ons Here Jesus verder vir hulle kon verduidelik, het daar 'n klompie tempelwagte op my en Johannes afgestorm en ons gevange geneem. By hulle was 'n paar priesters en 'n aantal Sadduseërs wat kwaad was dat ons die mense vertel dat Jesus se opstanding, ons opstanding uit die dood moontlik gemaak het. Sien, die Sadduseërs glo mos in geen opstanding hoegenaamd nie.

Hulle wou ons direk voor die Sanhedrin laat verskyn, maar omdat dit al 'n bietjie laat was, stop hulle ons toe sommer in die tronk.

Hou op om oor Jesus te praat !

Die volgende môre het hulle ons sommer vroeg-vroeg na die vergadersaal van die Sanhedrin gebring. Ek het vir Johannes gesê dit lyk of ons twee baie belangrik is, want al die raadslede, familiehoofde en skrifgeleerdes was daar, ook die hoëpriester Annas en Kajafas, Johannes, Aleksander en al die lede van die hoëpriesterlike familie.

Hulle wou weet wie se krag en wie se naam het ons gebruik om die lam man gesond te maak. Ek sê toe vir hulle hy staan hier gesond voor hulle in die Naam van Jesus van Nasaret, wat deur hulle gekruisig is, maar deur God uit die dood opgewek is. Ek neem toe sommer my kans waar en sê vir hulle dat ons en hulle net deur Jesus se Naam van ons sondes verlos kan word.

Jy moes gesien het hoe verander hulle onvriendelike gesigte toe in boosaardigheid. Johannes sê 'n paar van hulle het vir hom skoon vreesbevange gelyk. Het hulle gewetens hulle aangekla? Hulle kon nie betwis dat daar 'n wonderwerk plaasgevind het nie, want die gewese ou lamme het intussen weer die saal ingehuppel gekom en langs ons kom staan. Almal het hom in sy vroeëre toestand geken en die volk daar buite was besig om die Here te loof oor die wonder wat Hy deur ons gedoen het.

Die Raad was radeloos. Hulle wou ons nie straf nie uit vrees vir die volk en besluit toe om ons die dood voor oë te stel indien ons dit weer waag om vir die volk van Jesus te vertel. Ek was nie meer Simon, met die lafhartige vrees vir mense en trawante van die satan wat my bedreig het nie. Cefas die rots sê toe vir hulle: "Dit is onmoontlik om oor Jesus stil te bly. Ons kan julle nie gehoorsaam nie. Daarom sal ons praat oor alles wat ons by Hom gesien en gehoor en geleer het, want ons moet aan God gehoorsaam wees."

Na nog 'n klomp dreigemente het hulle ons laat loop. Toe ons by ons medegelowiges kom, het ons die Here gedank en gebid dat ons almal altyd met vrymoedigheid en onbevrees sy Woord sal verkondig en dat daar verdere genesings en tekens en wonders in Jesus se Naam sal plaasvind. Die gebou waar ons was, het geskud en die Here het ons almal met sy Gees vervul. Ons het voortgegaan om elke dag kragdadiglik te verkondig en te getuig dat Jesus uit die dood opgestaan het en dat ons deur sy Naam alleen vergiffenis vir ons sondes kan ontvang.

Moenie vir God lieg nie !

Toe die sielevyand sien hy kan nie ons monde snoer en ons belet om oor die Here Jesus in die openbaar te getuig nie, het hy ‘n baie geslepe plan gesmee in ‘n poging om die hart van die Here se gemeente aan te tas en te besoedel. Ons lidmate was so gelukkig om mekaar te leer ken en mekaar te help en vir die Here te getuig en by ons gesamentlike byeenkomste Hom te dien en met ons lofsange te prys. Ons het dinge saam gedoen, baie kere saam geëet en ons voedsel en van ons ander lewensmiddele gedeel met gelowiges wat nie veel gehad het nie.

Daar was lidmate wat selfs hulle grond verkoop het en die volle koopsom daarvan vir ons apostels gebring het, om vir die behoeftes van die gemeente te gebruik. Ons sewe diakens het dan hierdie geld hanteer om veral in die behoeftes van die weduwees te voorsien.

Op ‘n dag bring een van ons lidmate by ‘n byeenkoms ‘n sakkie met geld en sit dit op die tafel voor my neer. Hy sê hy het ‘n stuk grond wat aan hom behoort het, verkoop en bring net die volle opbrengs daarvan vir die kerk om te gebruik. Die Heilige Gees het vir my gesê dat hierdie man, Ananias, ‘n leuen vertel; hy het ‘n groot deel van die geld vir homself, vir eie gebruik, agtergehou. Ek het vir hom gesê die Here het nie verwag dat hy alles moet gee nie, maar waarom het hy vir God gelieg? Hy het net daar neergeval en gesterf. ‘n Rukkie later het sy vrou, Saffira, daar aangekom en vir my dieselfde storie vertel. Ook sy het gesterf.

Julle sal hulle nie kan keer nie

Die ou sielevyand was met groot woede vervul toe hy waarneem hoeveel mense tot geloof kom by ons prediking oor die nuwe lewe deur die genade en liefde wat Jesus, as God se Gesalfde, Redder en Middelaar aan elke berouvolle sondaar aanbied. Toe het hy hom maar weer tot geweld as wapen gewend en die Joodse Raad aangesê om ‘n klompie tempelwagte te gebruik om ‘n paar van ons apostels te arresteer. Ons was dié middag weer besig om in die Pilaargang van Salomo met die mense wat daar saamgedrom het, te praat. Baie van hulle was reeds gelowig en gedoop, maar ‘n groot klomp het uit nuuskierigheid saamgekom om te hoor wat ons te sê het en te kyk of daar nie weer wonderwerke gaan plaasvind nie.

Die tempelwagte het sommer daar op ons afgestorm, ons geboei en feitlik hardhandig weggesleep en ons in die tronk gaan stop. Om middernag het ek nog wakkergelê, toe ek die ligglans van ‘n engel by ons gewaar. Ek het geweet Jesus het weer redding gestuur en sommer gou die ander apostels wakker gemaak. Toe sê die engel vir ons: “Jesus het my gestuur om julle uit die tronk uit te lei. Hy het gesê julle moet reguit na die tempel toe teruggaan en aan die volk wat vroeg vanmôre weer daar bymekaar kom, die volle boodskap van die nuwe lewe gaan verkondig.”

Die lieflike hemelse gesant is voor ons uit deur die gange en deure wat almal oopstaan, tot buite, voordat hy ons verlaat het. En ons is almal reguit terug tempel toe!

Die volgende môre het die hoëpriester en al sy ondersteuners die volle Raad bymekaar geroep om ons te veroordeel en tot verantwoording te roep. Hulle het wagte na

die tronk gestuur om ons te laat haal en natuurlik ontdek dat ons nie daar was nie. Die onthutste Raad was dronkgeslaan totdat iemand vir hulle kom vertel het dat ons almal besig was om in die tempel vir die volk te preek. Hulle het toe weer wagte na ons gestuur wat met ons kom mooipraat het en gevra het ons moet tog asseblief saam met hulle na die raadsaal gaan; die hoëpriester wil graag met ons praat. Toe kom ek agter hierdie wagte is bang dat as hulle ons weer, soos die vorige keer, met geweld hier wegsleep, sal die volk vir wie ons hier preek, ons verdedig en hulle onder die klippe steek.

Met ons aankoms by die saal, het alle vriendelikheid verdwyn. Die ou hoëpriester het byna buite homself van woede teen ons getier: "Het ek julle nie uitdruklik belet om die mense in hierdie Naam te leer nie? Die hele Jerusalem lê al vol van al julle stories! En dan bly julle sê ons het daardie Man vermoor! Toe jy, hier heelvoor, Galilese visser, ek hoor jy is die leier van hierdie spul. Wat het jy te sê voor ons julle straf?"

Ek sê toe vir hom: "'n Mens moet aan God gehoorsaam wees en nie aan mense nie. God het vir Jesus uit die dood opgewek nadat julle Hom vermoor het. Hy is Leidsman en Verlosser. Net Hy kan Israel tot bekering bring en hulle sondes vergewe. Ons is getuies van sy opstanding en van die Heilige Gees wat Hy gegee het aan dié wat Hom gehoorsaam is."

Dit het min geskeel of hulle het ons, na die verwoede uitbarsting wat gevolg het, na buite gesleep en êrens gaan stenig, maar toe het die geëerde Gamaliël, Fariseër en leermeester oor die wette van Moses, hulle tot orde geroep en gevra dat ons apostels 'n bietjie uitgestuur moet word. In ons afwesigheid het hy die Raad gewaarsku om versigtig met ons te werk te gaan. As die dinge wat ons verkondig deur mense uitgedink is, sal dit tot niet gaan, maar as dit van God af kom,

sal hulle ons nie kan keer nie. Is hulle nie dalk besig om teen God self te stry nie?

Dit het hulle in 'n mate tot besinning gebring. Hulle het ons weer ingeroep en weer belet om in die Naam van Jesus te preek en ons laat slaan. Ag, ek het hulle jammer gekry, hierdie klomp moordenaars van Jesus, met hulle skuldige gewetens. Sou hulle werklik gedink het dat hulle Hom en die Heilige Gees uit ons kan uitslaan?

Tekens en wonders

Ons sou ons nie laat stuit nie. Die ander elf apostels het saam met my onverskrokke voortgegaan om die reddende evangelie van die Here Jesus te verkondig. Ons sewe diakens het ons hierin trou bygestaan., nie net in die fisiese versorging van die armes nie, maar ook in die verkondiging van die Woord. Stefanus was een van hulle. Die Here het aan hom baie genade en krag gegee. Hy het saam met ons groot wonders en tekens in die Naam van die Here verrig.

Ou Satan sien altyd baie gou wie hom in die Naam van die Here weerstaan en hom verhinder om sy planne uit te voer. Hy het vir Stefanus raakgesien en besluit dat hy vernietig moet word en sy beproefde metodes van haat en leuens teen hom ingespan.

Hier in Jerusalem was daar 'n groep wat die Sinagoge van die Vrygemaakte Slawe genoem is. Hulle het met Stefanus oor die ewige dinge begin redeneer, saam met Jode van Silisië en Asië. Toe hulle sien hulle is nie opgewasse teen die kennis en wysheid en waarheid wat hy van die Heilige Gees ontvang nie, het hulle boewe omgekoop om te sê hy het teen Moses en God

gelaster. Hulle het die volk en die familiehoofde en die skrifgeleerdes opgesweep. Hulle het op Stefanus afgestorm, hom gegryp en voor die Joodse Raad gebring.

Julle is doof vir die Woord van God

Na nog ‘n klomp vals beskuldigings dat hy sou gesê het dat Jesus van Nasaret die tempel sou afbreek en Moses se wette verander, het Stefanus daar voor hulle gestaan terwyl sy gesig met die glans van ‘n engel straal. Hy het vir hulle die hele geskiedenis van Israel vertel vanaf Abraham tot by Moses en Dawid verby, om aan te toon dat hulle halsstarrige voorvaders die Here gedurig weerstaan het en selfs sy profete wat Hy na hulle gestuur het, doodgemaak het. Hy het vir hulle gesê: “Julle is net so hardkoppig soos julle voorvaders. Julle is heidens in julle harte. Julle is doof vir die Woord van God. Julle weerstaan altyd die Heilige Gees. Julle het die Regverdige, wie se koms deur God se boodskappers aangekondig is, verraai en vermoor!”

Here Jesus, ontvang my gees

Die hele Joodse Raad wat hom gesit en aangluur het, het letterlik op hulle tande gekners van woede, toe hy hulle so beskuldig. Maar Stefanus was só gevul met die Heilige Gees dat hy hulle skaars raakgesien het. Hy het opgekyk en uitgeroep: “Ek sien die hemel geopen! Daar staan die Here Jesus in sy heerlikheid aan die regterhand van God!”

Toe het hulle skreeuend op hom afgestorm en hom buitekant die stad gaan stenig. Hy het gebid dat die Here hulle tog nie hierdie sonde moet toereken nie en toe hy sterf, kon hy nog uitroep: “Here Jesus, ontvang my gees!”

Waarom vervolg jy My ?

Nadat my volksleiers vir Stefanus vermoor het, omdat hulle nie kon verdra dat hy hulle valsheid so aan die kaak stel nie, het hulle begin om ons gelowiges te vervolg. By sy teregstelling was daar ‘n jongman teenwoordig wat nou wel nie klippe na hom gegooi het nie, maar baie tevrede gesit en kyk het hoe Sefanus sterf. Sy naam was Saulus. Hy was een van die jong Fariseërs wat onder professor Gamaliël studeer het. Hy het ons verskriklik gehaat, want hy het net soos al die ander van hulle, geglo dat ‘n mens alleen in die koninkryk van God kan ingaan as jy elke jota en tittel van Moses se wette wat hy so goed geken het, gehoorsaam en nakom. En nou kom ons en vertel vir die volk dat ‘n mens nooit die ewige lewe kan beërwe deur wette na te kom nie, maar deur in Jesus Christus te glo as jou Verlosser en Saligmaker, wat met sy kruisdood ons sondeskuld voor God betaal het.

Saulus was die voorperd in die vervolging van ons gelowiges. Dit het die goedkeuring van die Sanhedrin ten volle weggedra. Hy het met hulle wagte en ander trawante wat hom gehelp het, sommer in huise ingebars waar gelowiges gewoon het, hulle oorrompel en in die tronk gaan smyt. Baie van ons mense het begin vlug, eers na die stede in ander provinsies soos Samaria en Galilea, maar later tot selfs in die buiteland.

Saulus het vasgestel dat baie gelowiges hulle in Damaskus gevestig het en hy het van die hoëpriester toestemming en ondersteuning gekry om met ‘n klompie tempelwagte wat hom vergesel het, daarheen te gaan en hulle te gaan vang en na Jerusalem terug te bring en hulle in die tronk te sit. Maar Jesus het op pad daarheen aan hom verskyn en vir hom gevra waarom

hy Hom vervolg. Saulus se lewe het daar en in Damaskus totaal omgekeer. Ons was eers bang vir hom en wou nie glo dat hy tot bekering gekom het nie, maar toe hy later na Jerusalem toe kom en aan my voorgestel is, het ek geweet dat die Here hom geroep het om as ‘n mede-apostel sy Woord te verkondig. Hy het Paulus geword. Die Heilige Gees het hom gestuur om in verre lande die Woord aan die heidene te bring.

Tot in die uithoeke

Die Heilige Gees het die aanvalle van satan en sy trawante gebruik om die evangelie vanaf Jerusalem verder uitwaarts deur middel van vlugtende gelowiges te versprei tot in die buiteland. Ons apostels was getrou aan Jesus se laaste opdrag wat Hy daar op die Olyfberg voor sy hemelvaart aan ons gegee het, toe Hy gesê het: “Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

My mede-apostels het ons een-een verlaat om Jesus se opdrag in verre lande te gaan volbring. Naderhand was nog net ek en Johannes en sy broer Jakobus in Jerusalem oor om vir die gemeente te sorg, maar ons is kragtig bygestaan deur Jakobus, die Here Jesus se broer.

Die vyand het nou uit ‘n ander oord op ons toegesak. Herodus Antipas se seun, Herodus Agrippa I, is deur die Romeine aangestel om oor Judea en Samaria te regeer. Die satan het vir hom gesê hy moet ons haat. Daarom het hy vir Jakobus, Johannes se broer, laat vang en onthoof. So het ons driemanskap in diens van Jesus geëindig.

Agrippa het sy tande geslyp om ons paar wat oorgebly het, ook te vermoor, maar kon nie voor sy dood, ‘n paar jaar later daarin slaag nie. Ons het vir Jakobus, Jesus se broer, aangestel as hoof van die gemeente hier in Jerusalem, omdat ek graag soos die ander apostels geleentheid wou vind om as visser van mense vir Jesus te gaan sendingwerk doen.

(10)
SOEK WAT VERLORE WAS

Nadat Stefanus deur ‘n aantal lede van die Sanhedrin vermoor is, het die oorblywende ses diakens onverskrokke en getrou met hulle werk voortgegaan, want daar was maar baie armes in die gemeente. Filippus, een van die ses, het egter begeer om evangelisasiewerk te doen en ons het hom laat gaan. Hy het Jerusalem verlaat en noordwaarts gegaan en by ‘n stad in Samaria gekom en ‘n tyd lank daar vertoef om die evangelie te verkondig. Die Here het hom daar wonderbaarlik geseën. Die mense van die stad het na hom gestroom toe hulle die tekens en wonders sien wat deur hom plaasvind en hoor wat hy van Christus vertel. Hy het baie bose geeste uit mense uitgedryf, wat hulle slagoffers met groot geskreeu verlaat het. Die mense het baie lammes en kreupeles na Filippus gebring. Hulle is almal genees

---

Jy kan nie die Heilige Gees koop nie !

Een van die inwoners van die stad, wat gereeld na Filippus kom luister het en gesien het wat hy doen, was ‘n towenaar. Sy naam was Simon Magnus. Voor Filippus se besoek aan die stad, het hierdie Simon die inwoners gereeld verstom met asemrowende toertjies en towerkunsies, waarmee hy klein en groot vermaak het. Hulle het hom bewonder en hom die “Groot Krag van God” genoem, maar toe Filippus daar kom en hulle die wonders en tekens aanskou wat plaasvind deur die krag van die Heilige Gees en hy die evangelie van Jesus Christus aan hulle verkondig, het hulle gelowig geword. Hulle is gedoop.

Simon, wat dit alles aanskou het, het ook gelowig geword. Nadat Filippus hom gedoop het, het hy hom oral, nes ‘n waghondjie, vergesel.

Ons het in Jerusalem gehoor van die geseënde verspreiding van die evangelie in Samaria. Die apostels vaardig toe vir my en Johannes af om daar besoek te gaan aflê en moontlik hulp aan Filippus te verleen by die verkondiging van die Woord. Die Here het ons daar weer uitermate geseën. Daardie mense is deur Filippus in die Naam van Jesus gedoop, maar het nog nie die Heilige Gees ontvang nie. Ons het hulle die hande opgelê en gebid, waarna dit gebeur het.

Toe Simon die towenaar sien wat gebeur, bied hy vir my en Johannes geld aan om tog ook vir hom die vermoë te gee om mense die Heilige Gees te laat ontvang, as hy hulle die hande oplê. Ek het vir hom gesê hy moet na die verderf gaan met sy geld en al; ‘n mens kan nie die gawe van God met geld koop nie. Sy gesindheid teenoor God is verkeerd. Hy moet hom van sy dwaling bekeer en bid dat die Here hom vergewe, want die sonde het hom met al sy afguns nog stewig in sy mag.

Dit het Simon hard geslaan. Hy het gevra ons moet tog vir hom bid, sodat die dinge wat ek gesê het, hom nie tref nie.

Ek en Johannes het nog ‘n ruk lank saam met Filippus daar gewerk en die evangelie verkondig aan mense wat begerig was om dit te hoor en te aanvaar en hulle eie te maak. Daarna het ons drie die stad verlaat en begin om na Jerusalem terug te keer, maar op pad het ons by baie dorpe van die Samaritane aangegaan en die evangelie aan hulle inwoners verkondig.

Ek verstaan niks daarvan nie

Kort nadat ons weer in Jerusalem terug was, het die Here vir Filippus geroep en aan hom ‘n unieke opdrag gegee.’n Engel het aan hom verskyn en vir hom gesê hy moet na die eensame pad toe loop wat van Jerusalem af, suidweswaarts na Gasa gaan. Daar aangekom, gewaar hy ‘n wa wat met die pad afry uit Jerusalem. Die Gees het vir hom gesê hy moet saam met daardie wa gaan loop. Op die wa was net twee persone, die drywer van die perde en ‘n baie vername amptenaar van die koningin van Etiopië. Hierdie man het daarvandaan na Jerusalem gekom om hier te aanbid en was nou op pad terug na sy verre land. Hy het op die wa gesit met die groot boekrol van Jesaja voor hom oopgeslaan en was besig om hardop daaruit te lees. Dit was die gedeelte in die drie en vyftigste hoofstuk, waar die profeet die lyding van die Here Jesus voorspel.

Filippus het nadergestap en vir hom gevra of hy verstaan wat hy lees. “Nee, ek verstaan dit gladnie. Hier is niemand wat dit aan my kan verduidelik nie. Praat die profeet hier van homself?”

Filippus het op die wa geklim en onderwyl hulle verder gery het, vir hom die evangelie van die Here Jesus verduidelik. Die Etiopiër het tot geloof gekom en gevra of hy maar gedoop kon word toe hulle by ‘n spruitjie kom waar water was. Hy het sy reis daarna blymoedig en gelukkig as ‘n geredde kind van die Here voortgesit, om die blye boodskap ook in sy land te gaan verkondig.

Die Gees het vir Filippus daarvandaan na Asdod geneem. Hy het al met die kusstrook noordwaarts tot by Sesarea die evangelie verkondig.

Kyk hy kan weer loop

Nadat ek en Johannes uit Samaria na Jerusalem teruggekeer het, het daar ‘n relatiewe kort tydperk van vrede en voorspoed vir die gemeente aangebreek. Ek het gewonder of die vyand moeg geword het om ons aan te val omdat hy ons nie tot stilswye kon bring nie. Jakobus en die ander apostels en die vyf diakens wat hulle bygestaan het, het geseënde werk gedoen. Die gemeente het weer begin groei nadat so baie gelowiges weggevlug het van die vervolging wat die Sanhedrin deur middel van Paulus op tou gesit het, toe hy nog Saulus was.

Ek wou graag die Woord van ons Here Jesus wyer en verder uitdra as die grense van Jerusalem, soos ek en Johannes dit alreeds saam met Filippus gedoen het in Samaria. Ons gemeente in Jerusalem was in goeie hande. Ek het die pad gevat in ‘n noordwestelike rigting en na ‘n dag of wat in die dorpie Lidda uitgekom, waar die mense sommer spontaan begin saamstroom het om die Woord te hoor. By een van die byeenkomste het hulle ‘n lam man saamgebring wat al agt jaar lank bedlêend was. Sy naam was Eneas. Ek het vir hom gesê: “Ek sien jy wil graag gesond word, anders sou jou mense jou nie hiernatoe gebring het nie. Nouja Eneas, die Here Jesus Christus maak jou gesond. Staan op en maak jou bed op.” Hy het dit dadelik gedoen.

Daar was baie mense van die Saronvlakte teenwoordig wat dit almal gesien het en deur die wonder daarvan oortuig is dat die Here deur my met hulle praat. Hulle het deur Eneas se herstel tot geloof gekom.

Kyk, sy word lewendig !

Wes van hierdie dorpie Lidda, lê daar ‘n groter dorp, Joppe, aan die kus van die Groot See. Hier in Joppe het ‘n baie gelowige vrou met die naam Tabita gewoon. Haar Griekse naam was Dorkas. Sy was ‘n besondere mens met ‘n oop hart en ‘n helpende hand vir die ander weduwees van die dorp, vir wie sy met haar vaardige hande gereeld klere gemaak en geskenk het en aan almal om haar heen goed gedoen het.

Net voordat ek Lidda sou verlaat, het sy in Joppe skielik siek geword en gesterf. Die mense daar het van my geweet en stuur toe twee mans na Lidda om te vra dat ek tog asseblief so gou as moontlik na Joppe moet kom. Daar aangekom, het hulle my na ‘n bokamer geneem waar haar liggaam gelê het. Die vertrek was vol huilende weduwees wat vir my die klere gewys het wat Dorkas vir hulle gemaak het. Hulle het ook vir my vertel hoe ‘n wonderlike, goeie mens sy was.

Ek het almal uitgestuur, gekniel en gebid, na haar gedraai en gesê: “Tabita, staan op!” Sy het haar oë oopgemaak en toe sy my sien, het sy regop gaan sit. Ek het haar opgehelp en die ander mense geroep. Sy was weer lewendig en gesond soos voorheen. Baie mense in Joppe het daarvan gehoor. Die Here het hierdie wonderwerk wat Hy deur my gedoen het, gebruik om ‘n groot aantal mense tot geloof in Hom te laat kom.

Toe Petrus, slag en eet !

Hier in Joppe was ek tuis by Simon die leerlooier. Watter lieflike, gelowige mense was hy en sy huisgesin nie! Ek het hulle gasvryheid baie geniet en waardeer, onderwyl ek my

voorberei het om verder noordwaarts te gaan om die evangelie in al die kusdorpe langs die Middellandse See te gaan verkondig.

Een middag het ek so teen twaalfuur na Simon hulle se dakstoep opgeklim om daar te gaan bid. Naderhand het ek baie honger geword en sou graag iets te ete wou gehad het onderwyl ek daar bo gesit het, maar ek het geweet die vriendelike huismense is hard besig om vir ons ‘n heerlike maaltyd voor te berei.

Toe raak ek skielik in vervoering. Die Here was besig om met my te praat. Daar het iets soos ‘n groot oopgespreide laken uit die lug afgekom. In die laken was een of meer van elke soort viervoetige en kruipende diere van die veld en van al die wilde voëls. Ek hoor ‘n stem wat sê: “Toe Petrus, slag en eet!”

Skielik was ek weer die ou Simon, toe ek antwoord: “Nooit nie, Here! Dis onrein diere; ek het nog nooit so iets geëet nie!”

Daar hoor ek sy stem toe weer duidelik vir my sê: “Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie.”

Die gesig is drie keer herhaal, waarna die doek weer in die hemel opgetrek is.

Onderwyl ek daar sit en wonder wat hierdie eienaardige visioen tog kon beteken, het daar drie mans aan Simon se voordeur geklop en gevra of Simon, wat ook Petrus genoem word, hier tuis is. Meteens sê die Gees vir my: “Daar het drie mans aangekom wat jou soek. Gaan af na hulle toe en gaan saam met hulle. Moenie aarsel nie, want Ek het hulle gestuur.”

Ek het ondertoe gegaan om die manne te ontmoet, want Simon was in sy werkplaas besig om velle te looi. Ek het hulle binnegenooi en vir hulle gesê dis vir my wat hulle soek en ek wou weet waarom hulle gekom het. Toe het hulle my ‘n merkwaardige verhaal vertel wat my laat besef het dat die Here altyd op ‘n wonderbaarlike wyse werk.

Hulle sê hulle is twee dae gelede van Sesarea af weg met ‘n boodskap vir my van hulle geëerde militêre offisier, kaptein Kornelius, die hoof van die Italiaanse regiment wat in Sesarea gestasioneer is. Hy en sy hele huisgesin is baie godsdienstig. Ten spyte van die feit dat hy ‘n Romein is, het hy die arm deel van die Jode al baie gehelp. Een middag het ‘n engel aan hom verskyn en aan die verskrikte Kornelius gesê dat die Here sy gebede hoor en weet wat hy vir die armes doen. Hy moet dadelik mense na Joppe stuur na die huis van Simon die leerlooier wat by die see woon. Daar sal hulle ‘n ander Simon kry wat ook Petrus genoem word. Hulle moet hom dan saambring na Sesarea toe om te hoor wat hy te sê het.

‘n Romein kan ook salig word

So het die Here gesorg dat daar geen misverstand hoegenaamd met hierdie sending van my kan plaasvind nie. Ek is saam met hierdie drie manne wat Kornelius gestuur het om my te kom haal. Twee dae daarna het ons die stad bereik. By my aankoms het hierdie hoë Romeinse offisier ons tegemoet gekom en eerbiedig voor my gekniel, maar ek het vir hom gesê hy moet opstaan; ek is net so ‘n mens soos hy.

Toe ek sy groot huis binnegaan, was daar buiten sy huisgesin ‘n groot aantal mense wat gekom het om te hoor wat ek te sê het. Ek het vir hulle gesê ek begryp nou eers dat God nie onderskeid tussen volke maak nie en dat die saligheid in die hiernamaals nie net vir die Joodse volk alleen is nie, maar dat God mense aanneem uit enige volk wat Hom vereer en doen wat reg is. Ek het gedink aan die gesig van die laken met diere wat ek nie wou eet nie.

Daarna het ek vir hulle vertel dat God vir Jesus van Nasaret gestuur het om sy evangelie van liefde en vrede na die aarde te bring. Hy is Here van almal. God het Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus. Hy het goeie werke gedoen en almal wat van die duiwel besete was, gesond gemaak. Maar hulle het Hom doodgemaak deur Hom aan ‘n kruis te hang. Maar God het Hom weer opgewek. Ons is getuies van sy opstanding. Hy het ons opdrag gegee om te verkondig dat God Hom aangestel het as Regter oor lewendes en dooies. Elkeen wat in Hom glo, ontvang vergewing van sondes deur sy Naam.

Onderwyl ek nog met hulle praat, gebeur daar weer ‘n wonderlike ding. Die Heilige Gees het skielik op almal van hulle gekom. Die paar gelowiges wat saam met ons daar in die huis was, was verbaas dat God sy Gees ook op nie-Jode uitstort, toe hulle hoor hoe die mense die Here in ongewone tale loof. Ek het besef dat as God sy Gees aan hulle gee, dan mag hulle ook gedoop word. Daarom het ek hulle almal in die Naam van Jesus Christus gedoop.

Dit was lekker om op hulle uitnodiging ‘n paar dae daar by hulle te bly en so die gemeenskap met die heiliges te geniet, maar toe ek weer in Jerusalem terugkom, het ek my teen die vyand se nuwe oorlogstaktiek vasgeloop. Die Joodse

gelowiges het vir my gesê ek het onbesnede mense besoek en selfs saam met hulle geëet.

Ek het besef dat geen geredetwis oor die besnydenis en die wette van Moses hulle ooit sou oortuig dat ek reg gehandel het nie, want baie van ons gelowiges in Jerusalem is oud-Fariseërs, wat wel tot geloof in ons Here Jesus gekom het, maar nog klou aan die nakoming en strenge handhawing van die Mosaïese wette, wat natuurlik die besnydenis insluit. Daarom het ek die hele gemeente bymekaar geroep en tot in die fynste besonderhede verslag gedoen van my sendng na Kornelius toe, van die gesig wat die Here my laat sien het van die groot doek met diere, van die verskyning van die engel aan Kornelius en van die Heilige Gees wat oor hulle almal gekom het voordat ek hulle in Jesus se naam gedoop het. Toe het ek vir hulle gevra of hulle dan wou hê dat ek God se plan vir redding van hierdie mense moes verhinder.

Toe ek klaar gepraat het was die gemeente uiteindelik tevrede en hulle het saam met my die Here begin loof en dank dat Hy die saligheid nie net alleen vir Jode gereserfeer het nie, maar aan alle mense van ander nasies skenk, wat Hy tot inkeer bring om aan Hom te glo.

(11)
TOTDAT HY KOM

Op daardie gedenkwaardige dag toe Jesus na sy Vader opgevaar het, het die engel vir ons groepie wat so na die hemel bly staar het, gesê dat Hy weer net so na ons toe gaan kom as wat ons Hom sien weggaan het. Ons het eers gedink dat dit sommer gou gaan gebeur na die uitstorting van die Heilige Gees, want Jesus het voor sy kruisiging vir ons gesê dat Hy vir ons plek gaan gereedmaak in die hemel en dan sal terugkom om ons saam met Hom te neem. Maar met sy hemelvaart het Hy ook vir ons gesê ons moet sy getuies wees tot aan die verste eindes van die aarde. Nadat ons begin het om die evangelie vanaf Jerusalem verder uit te dra, het ek besef dat ons Jesus se wederkoms nie gou kon verwag nie, want dit sou lank neem vir sy Woord om die uithoeke van die wêreld te bereik.

Los jou tentmakery en kom help my

Nadat die Jode vir Stefanus in Jerusalem vermoor het, het baie gelowiges na plekke soos Fenisië, Siprus en Antiogië gevlug en die Woord weer daarvandaan verder versprei. In Antiogië is dit nie net aan die Jode gebring nie, maar ook aan die Griekssprekendes wat daar gewoon het, sodat daar mettertyd ‘n bloeiende tweede gemeente van die Here ontstaan het.

Ons het in Jerusalem gehoor hoe gelukkig die gelowiges in Antiogië is en besluit toe om vir Barnabas

daarheen te stuur om te gaan kyk hoe dit gaan en sommer daar te bly en te help om die gemeente verder te organiseer.

Barnabas was ‘n leviet en ‘n baie goeie, godvresende man. Hy was die eerste lidmaat van die gemeente van Jerusalem wat ‘n stuk grond verkoop het en die opbrengs daarvan vir die werk van die Here gebring het. Toe Paulus na sy bekering op die pad na Damaskus weer hier in Jerusalem aankom, was ons almal vir hom bang en wou niks met hom te doen hê nie, want ons het gedink hy is nog die ou Saulus wat die gemeente so vervolg het. Maar toe het Barnabas hom aan ons almal kom voorstel en ons oortuig dat sy bekering hartgrondig was en dat die Here hom gaan gebruik om saam met ons sy Woord te verkondig.

Toe Barnabas nou in Antiogië aankom en sien hoe die gemeente daar groei, het hy besef dat hy hulp nodig sal hê om daar te werk. Hy het toe vir Paulus gaan haal om hom te help. Paulus was toe nie meer by ons in Jerusalem nie, maar in Tarsis, die stad waar hy gebore is. Hy was hard besig om sy tentmakersberoep te beoefen toe Barnabas hom daar gaan haal het om saam met hom in Antiogië te werk. Die Here het hulle werk geseën en die gemeente het bly groei.

Jy is nie meer ‘n Jood nie !

In Jerusalem het ons gemeente ‘n redelik rustige tydperk beleef. Ek wou graag ‘n besoek aan Antiogië bring en het saam met ‘n paar gelowiges die lang pad al langs die ooskus van die Middellandse See aangepak. So ver as wat ons gegaan het, het ek die Woord van die Here aan die inwoners van die dorpe verkondig. Ons is weer deur Joppe en al met die kuspad noordwaarts na Sesarea en verder na Ptolomais. Toe is ons deur die buitelandse gebied, Tirus en Sidon en uiteindelik deur

Laodisia tot in Antiogië. Ek het die Woord verkondig in al hierdie plekke.

In Antiogië was dit aangenaam om saam met Paulus en Barnabas aan die gemeentelike aktiwiteite deel te neem en tussen gelowiges te beweeg wat uit die heidendom bekeer is. Ons het begin om onsself en vir hulle Christene te noem, want hulle het net soos ons in die soenverdienste van ons Here Jesus Christus geglo en Hom as die enigste Verlosser uit ons sonde en ellende aanvaar en die Here het aan hulle die Heilige Gees geskenk, net soos aan ons.

‘n Ruk nadat ek in Antiogië gekom het, het daar ‘n paar gelowiges van Jerusalem ons hier kom besoek. Hulle het nog geglo dat ‘n Christen besny moet word. Voor hulle koms het ons vrylik beweeg onder die nie-Joodse Christene en saam met hulle geëet. En nou moet ek erken dat die ou Simon ‘n rukkie lank vir Petrus verdring het, want ek was bang vir hulle kritiek en het begin om my eenkant te hou. Paulus het dit gesien en toe van ons Joodse gelowiges en selfs Barnabas begin om dit saam met my te doen, het Paulus my baie streng aangespreek en voor almal vir my gesê ons wyk af van die reguit pad van die evangeliese waarheid.

Hy het vir my gesê: “Jy is ‘n Jood en jy hou jou nie meer aan die Joodse gebruike nie. As jy self leef asof jy nie ‘n Jood is nie, hoe kan jy dan mense wat nooit Jode was nie, wil dwing om te lewe asof hulle Jode is?”

Dit het my reggeruk. Paulus was altyd net so vurig soos ek en Johannes en Jakobus.

‘n Paar dae later het ek saam met Paulus en Barnabas die gemeente se kerkraadsvergadering bygewoon. Dit was ‘n wonderlike geleentheid om saam te bid en te vas. Saam met

ons was daar verskeie leraars wat ook in die gemeente werksaam was, onder andere Simeon Niger, Lucius van Sirene en Manaen. Daardie aand het die Heilige Gees duidelik met ons gepraat en gesê: "Sonder Paulus en Barnabas vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het."

Ons het geweet dit beteken dat hulle na die heidene moet gaan om die Woord van die Here daar te gaan verkondig. Nadat ons verder gevas en gebid het, het ons hulle die hande seënend opgelê en hulle laat gaan. So het Paulus en Barnabas se eerste sendingreis begin.

Paulus werk sy gal

Ek moet nou eers die verhaal wat met my verder gebeur het, so 'n bietjie terughou, want ek wil graag net vlugtig vir jou vertel hoe Paulus hulle op hierdie eerste sendingreis gevaar het met die verkondiging van die evangelie onder die heidene. Dit het twee jaar lank geduur, vanaf die jaar 46 tot 48 n.C. Hulle is per skip weg vanaf die hawe van Seleukië en het eerste by die eiland Siprus aangegaan. Nadat hulle te voet die evangelie vanaf Salamis tot by Pafos op die eiland verkondig het, het die goewerneur, Sergius Paulus, baie belang gestel in Paulus hulle se prediking en hom daarna uitgevra. Aan sy hof was daar 'n towenaar, Elimas, wat altyd met sy toertjies die goewerneur moes vermaak. Onderwyl Paulus besig was om aan Sergius Paulus die Woord van die Here te verklaar, het hierdie Elimas daar bygesit en vir Paulus aanhoudend weerspreek, totdat die Heilige Gees vir Paulus sê om hom te bestraf. Hy sê toe vir hom: "Duiwelskind! Jy is 'n deurtrapte skelm en bedrieër! Hou op om in die pad van die Here te staan. Hy gaan jou straf. Jy gaan blind word en die son 'n tyd lank nie sien nie." Dit het tot die goewerneur se verbasing gebeur.

Johannes Markus kry koue voete

Toe Paulus en Barnabas weer vanaf Pafos na Klein-Asië skeepgaan, het hulle op Siprus honderde nuwe gelowiges agtergelaat. Hulle het met geluk in die hart hulle reis voortgesit tot in die hawe van Perge. By hulle was die jongman, Johannes Markus, wat op aandrang van sy oom Barnabas saamgereis het. Maar hy het hier by Perge, aan die suidkus van Klein-Asië, nie kans gesien om verder saam te gaan en vir die twee apostels van enige verdere nut te wees nie. Hy het toe omgedraai en alleen op sy eentjie weer na Jerusalem teruggekeer.

Vyandige Jode in Pisidië

Die twee apostels is van Perge na Antiogië in Pisidië (nie Antiogië in Sirië nie). Dit is 'n groot stad, 160 kilometer noord van Perge. Paulus en Barnabas se prediking hier het honderde heidene tot geloof in Christus laat kom, maar daar was baie fanatieke ortodokse Jode wat verskriklik vyandig teen die apostels opgetree het en onluste veroorsaak het. Die stadsowerheid het Paulus hulle beveel om die stad te verlaat. Daarop het die apostels die stof van hul voete geskud en in die pad geval na Ikonium, ongeveer 120 kilometer suidoos van Antiogië.

Dieselfde ding wat in Antiogië plaasgevind het, het weer hier in Ikonium gebeur. Onderwyl die apostels besig is om vir die Griekse heidendom te preek, is die Jode besig om hulle teen Paulus hulle op te steek. Die stadsowerheid raak naderhand saam met die massa oproerig en probeer die apostels aanrand

en onder die klippe steek. Hulle kom gelukkig ongedeerd weg en vlug na ‘n ander stad, Listre.

Paulus is Hermes en Barnabas is Zeus !

In Listre het die Here die verkondiging van sy Woord wonderlik geseën. Die apostels het daelank ongehinderd vir die klomp heidene gepreek, sonder inmenging van die Jode. Nadat die Heilige Gees deur Paulus ‘n ou kreupel mannetjie gesond gemaak het en die mense hulle daaroor verstom het, het hulle probeer om die apostels as die gode, Hermes en Zeus te vereer.

‘n Dag daarna het van die haatlike Jode van Antiogië en Ikonium in Listre aangekom en die mense so heftig teen die apostels opgemaak, dat hulle vir Paulus gegryp het en hom buitekant die stad gaan stenig het. Maar die Here het hom daar tussen die klippe weer laat opstaan.

Die volgende dag het die apostels na Derbe vertrek. Dit was die verste wat hulle met hierdie eerste reis gegaan het. Daarna het hulle weer al op hulle spoor teruggewerk en gemeentes gestig waar hulle gepreek het en uiteindelik weer in Antiogië in Sirië aangekom.

Al weer die besnydenisstorie

Enkele hooggeagte Christene van ons Jerusalem-gemeente het, onderwyl Paulus en Barnabas met hulle eerste sendingreis weg was, gaan besoek aflê in Antiogië en onder die lidmate van daardie gemeente die storie versprei dat hulle nie deur die geloof in Jesus Christus gered kan word as hulle hul nie laat

besny nie. Dit het die gemeente verontrus, want ons apostels het hulle nie so geleer nie.

Paulus en Barnabas het na Jerusalem toe gekom, sodat ons vir eens en vir altyd duidelikheid en ‘n oplossing vir hierdie strydpunt in ons gemeentes kon verkry. Die besnydenisstorie is by ‘n vergadering wat ons byeengeroep het, deur ouderlinge wat vroeër priesters of Fariseërs was, gehandhaaf.

Maar Paulus het vir hulle gesê, as die besnydenis ‘n voorwaarde is vir die geloof in ons Here Jesus Christus, dan het hy en Barnabas die afgelope twee jaar die evangelie tevergeefs onder die heidennasies van Klein-Asië verkondig.

Ek het weer vir die vergadering vertel hoe die Here my na Kornelius gestuur het en hoe God aan daardie heidense Romeine die Heilige Gees gegee het, sonder om te verwag dat hulle besny moes word of al die wette van Moses moes onderhou. Daarna was die vergadering tevrede, maar Jakobus het gevra ons moet tog vir die nuwe Christene vra om nie vleis te eet wat aan afgode geoffer is nie, dat hulle onsedelikheid moet vermy en geen dier wat verwurg is, moet eet nie.

Swaar tye

In die vroeë veertigerjare het daar in ons land en omringende gebiede ‘n swaar hongersnood aangebreek, wat veroorsaak is deur ‘n aanhoudende droogte, sodat feitlik geen voedsel geproduseer kon word nie. Daar was vanaf die stigting van ons gemeente in Jerusalem maar baie arm mense, wat deur die ander wat meer gehad het, gedra is deur hul mededeelsaamheid aan veral voedsel en ander noodsaaklike lewensmiddele.

Die nuwe gemeentes in Klein-Asië wat deur Paulus en Barnabas gestig is en ook dié in Griekeland op hulle latere reise, het mildelik bygedra tot kollektes wat die apostels georganiseer het om die nood in ons eerste Christelike gemeente te help verlig. Die gemeente het swaar tye beleef.

Kry die vervolging dan nooit einde nie ?

Ek het my in Jerusalem altyd medeverantwoordelik gevoel vir die bestuur en versorging van die gemeente, alhoewel ek dikwels uitgewyk het om die evangelie buite ons landsgrense te gaan verkondig, want ons liewe gemeente se welsyn was dan altyd in die goeie hande van die twee broers Jakobus en Johannes en van Jakobus, Jesus se broer.

Die gelowiges in die gemeente het maar altyd in die skaduwee van bedreiging en vervolging van ons geleerde en wettiese volksleiers geleef, wat oombliklik vuur spoeg as hulle net die Naam Jesus Christus hoor. Die nuwe regeerder van Judia en Samaria, Herodus Agrippa I, wat deur die Romeine in die jaar 37 in hierdie pos aangestel is, het geweet hoe die Joodse Raad ons Christene haat. Hy wou vreeslik graag in die goeie boekies van die Jode bly, want as hy nie die ondersteuning van die Joodse Sanhedrin geniet nie, mag hy dalk vir een of ander mindere mistrap deur hulle by die Romeinse owerheid verkla word.

Hierdie Herodus het toe besluit om die Jode te plesier. Hy het vir Jakobus, Johannes se broer, laat vang en sonder enige verhoor hom vermoor, deur hom te laat onthoof. Dit was vir ons ‘n harde slag en het ons laat besef dat die ou satan nog steeds strydvaardig is teen die Here se gemeente.

Ek was toe Agrippa se volgende mikpunt. Hy het my ook laat vang en in die tronk gestop, met die plan om my tydens die Paasfees daar uit te haal en in die openbaar ‘n skynverhoor te gee en my dan ook om die lewe te bring.

Hy het seker gemaak dat ek in die tronk baie deeglik bewaak word; daar mag geen moontlikheid van enige ontsnapping wees nie. Hy het sestien soldate gebruik om by die geslote tronkdeure wag te staan. Binne in die sel was ek met kettings aan twee soldate vasgeboei en moes ek daardie nag so vasgeketting tussen hierdie twee slaap.

Wat toe gebeur het, is só wonderlik dat ek dit vir jou in besonderhede wil vertel. Ek is in die middel van die nag deur ‘n engel wakker gemaak. Daar het ‘n lig in die sel geskyn, sodat ek hom en die twee slapende wagte goed kon sien. Die engel sê vir my: “Staan gou op.” Die boeie en kettings het van my hande afgeval. Die geklingel daarvan het gladnie die twee slapende wagte wakker gemaak nie.

Toe sê die engel: “Maak jou gordel vas en trek jou skoene aan.” Ek doen dit. Daarna sê hy: “Trek jou bokleed aan en kom saam met my.”

Ek het al agter die engel aangestap deur oop deure en in gange langs by wagte verby, wat ons nie raakgesien het nie. Ek het geweet ek is wakker, maar tog was ek nie seker of ek ‘n gesig sien nie. Ons het by die swaar ysterdeur gekom wat na buite lei. Dit het vanself voor ons oopgegaan. Ons het uitgestap en met die straat af in die rigting van die stad begin loop. Die goeie hemelse wese het ‘n slag omgekyk en toe hy sien ek is nou veilig op pad na my vryheid, het hy verdwyn.

Daarna was ek eers seker dat dit geen visioen was nie, maar die werklikheid. Ek het haastig geraak om gou so ver as moontlik van die tronk af weg te kom en op ‘n draffie afgesit stad toe, na Johannes Markus se moeder Maria se huis, waar ons apostels en ander gelowiges tuisgaan wanneer ons in Jerusalem kom. Ek het uitasem by die voordeur van die groot huis aangekom en begin klop. Naderhand kom Rodé, ‘n bediende, tot by die deur en vra wie dit is wat so klop. Ek sê dis ek, Petrus; sy moet oopmaak dat ek kan inkom. Sy het my stem herken en sy was só bly dat sy skoon vergeet om oop te sluit. Sy spring om en gaan vertel vir die ander dat ek voor die deur staan, wat hulle natuurlik nie wou glo nie. Reken net, eers sê hulle vir haar sy is mal, maar toe ek aanhou klop sê hulle, dan is dit seker maar my gees, want ou Herodus het my seker teen hierdie tyd al klaar laat doodmaak. Maar toe hamer ek met mening teen daardie deur, sodat hulle maar uiteindelik vir my gees kom oopmaak. Hulle was verstom! Ons het die Here geloof en gedank vir my redding en dat hy vir ou satan nie toegelaat het om sy vuil planne uit te voer nie.

Ek kon nie langer daar saam met die ander bly nie, want Agrippa het blykbaar goed geweet waar ek tuis was. Daarom het ek sommer nog voor dagbreek die volgende môre my daar skaars gemaak. Niemand het geweet waarheen ek gaan nie.

Later het ek gehoor dat Agrippa feitlik buite homself van woede was toe hy ontdek dat sy prooi ontsnap het. Nadat hy oral rond tevergeefs na my laat soek het, het hy sy wagte van nalatigheid beskuldig en hulle almal laat doodmaak.

‘n Paar maande na hierdie gebeurtenis het ek verneem dat koning Herodus Agrippa I skielik dood is. Hy was glo besig om baie deftig voor die mense van Tirus en Sidon te swier,

sodat hulle hom vir ‘n god aangesien het. ‘n Engel het hom daar en dan neergevel. Hy het gesterf en ‘n klomp wurms het sy liggaam verteer.

Dit is volstry

Daarna het ek natuurlik weer na ons geliefde gemeente in Jerusalem teruggekeer en saam met Johannes en Jakobus, Jesus se broer, ‘n tyd lank daar gewerk. Later het ek die gemeentes in Klein-Asië, wat deur Paulus en Barnabas gestig is, gaan besoek. Toe hulle met hul tweede en derde sendingreise in Griekeland ook gemeentes gestig het, het ek ook daar besoek afgelê en ‘n geruime tyd in Korinte gebly.

Ek wou egter graag, nes Paulus, in Rome uitkom, want ek het besef dat ‘n mens vanaf die hoofstad van die groot Romeinse keiserryk die evangelie van ons Here Jesus na al die bekombare uithoeke van die wêreld kan versprei. Ek was verras om in die groot wêreldstad baie gelowiges aan te tref, veral in die buurt waar die meeste Jode saamgetrek was.

Op ‘n goeie dag was ek aangenaam verras toe die jongman, Johannes Markus daar by my aankom, met die plan om ‘n geruime tyd by my te bly. Hy het reeds ‘n begin gemaak om alles oor Jesus se lewe op aarde op te skryf. Daarom het hy my kom opsoek om my urelank te ondervra oor ons apostels se lewe saam met Jesus voor sy hemelvaart.

Ek het besef dat ek uiteindelik nie meer die vermoeienis en ontberings van lang reise te voet kan staan na die verskillende gemeentes wat in Judea, Samaria, Sirië, Klein-Asië en Griekeland geleë is nie. Daarom het ek ook hier in Rome twee briewe geskryf wat in die verskillende gemeentes gelees is. Ek

het hulle gewaarsku teen persone wat orals rondgaan en ‘n dwaalleer verkondig en mense aanmoedig om onsedelik te lewe. Die gemeentes in die noorde van Klein-Asië is ter wille van hul geloof vervolg en onderdruk. Ek het hulle bemoedig en gevra hulle moet aanhou glo, hoop en volhard. As hulle getrou bly aan hulle Verlosser wat hulle so duur gekoop het, sal hulle by sy wederkoms beloning daarvoor ontvang.

Ek het geweet ek het aan die einde gekom van my bediening van my liewe Here Jesus se evangelie van liefde, genade en redding uit die ewige dood, want die Romeinse keiser Nero was reeds besig om ons Christene op ‘n gruwelike wyse te vervolg en ek sal maar seker ook een van sy slagoffers wees.

Saans as ek hier in die laat namiddag die hitte van die warm dag onder skaduryke bome ‘n bietjie kom sit en ontvlug en die son met ‘n kleurespel oor die Middellandse See ondergaan, dan tower die heimwee dieselfde panorama oor die Galilese See voor my op. Ek hoor weer sy stem: “Gooi die net aan die anderkant uit en julle sal vang… Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?… Volg My en Ek sal julle vissers van mense maak…”

Maar Hy het gesê, Hy kom weer na ons toe, maar omdat Hy so talm om te kom, sal ek een van die dae maar na Hom toe gaan. Ek het probeer om sy Naam te verkondig aan die wagtende wêreld. Sy kinders wat na my kom, sal dit verder moet doen, totdat Hy kom.

Dankie Here, dat U my destyds daar by die Galilese See geroep het om ‘n visser van mense te word!

(12)
EPILOOG

As u die boek tot hier gelees het, het u werklik ‘n hele paar treetjies saam met Petrus op sy lewenspad gestap, want die verhaal van sy lewe wat hy hier vir ons vertel het, is outentiek en word fragmentaries in die Bybel weergegee. Daar bestaan nie buite-Bybelse bronne wat meer lig hierop kan werp nie. Die oorlewering deur die eeue heen vertel van ‘n paar dingetjies wat teen die einde van sy lewe sou plaasgevind het, wat geloofwaardig mag wees, maar beslis ook as verdigsel gereken kan word:

Petrus se aankoms in Rome het saamgeval met Paulus se loslating. Petrus het hom gaan opsoek in sy huurhuis, net voordat hy uit Rome sou vertrek. Hulle het onder andere gepraat oor die dood van Jakobus, die broer van Jesus, wat in Jerusalem die hoof van die kerk was. Hy is gevange geneem en gestenig as gevolg van die haat van die Joodse Raad en die venynige ou hoëpriester Ananias.

Petrus vertel dan vir Paulus dat een van die redes waarom hy na Rome gekom het, is om te kom afreken met die towenaar Simon Magnus, wat hom ook hier in Rome bevind. Dit is dieselfde ou wat daar in Sesarea die Heilige Gees met geld wou koop. Petrus sê hy verbeel hom nou hy is God en hy het ‘n hele gevolg. Hy het glo al van ‘n toring afgespring en deur die lug gevlieg. Toe het hy vir die mense gesê, hulle moet kom kyk, hy gaan persoonlik opvlieg na God toe. Die volgende dag het ‘n groot menigte daar by die Heilige Weg in Rome gestaan om dit te sien. Petrus was ook daar.

Toe styg Simon op en begin bokant die stad rondvlieg, maar Petrus het gebid dat die Here ‘n einde aan sy speletjies moet maak. Hy het skaars amen gesê of Simon val soos ‘n klip

grond toe en breek sy been op drie plekke. Dit was die end van sy stories.

Petrus het die Woord met vrug aan die Romeine verkondig. Een van die hooggeplaaste Romeinse offisiere, ‘n prefek met die naam Agrippa, het vier byvroue aangehou. Hulle het na Petrus se preke kom luister en al vier het tot bekering gekom. Daarna wou hulle nie weer by Agrippa slaap nie. Nog meer vroue het dit met hul minnaars gedoen en Agrippa is aangeraai om met Petrus af te reken. Toe Petrus bewus word van die komplot teen hom, het hy besluit om te vlug. Hy was skaars buite die stad, toe hy vir Jesus teëkom, wat besig was om Rome binne te stap. Petrus wou weet waarheen Hy gaan en hoor toe dat die Here Rome binnekom om weer gekruisig te word. Petrus sou dan besef het dat hy al weer ‘n lafaard was wat wou vlug, in plaas van om reguit in die leeu se bek in te stap. Daarom het hy omgedraai en hom deur die soldate gevange laat neem.

‘n Ander bron van oorlewering beweer dat Petrus gevange geneem is toe keiser Nero die Christene beskuldig het dat hulle die groot brand in Rome veroorsaak het. Silas, wat saam met Paulus sy tweede sendingreis onderneem het, was by Petrus en is saam met hom gevang. Hulle is direk na Nero se paleistuin geneem waar die teregstelllings plaasvind. Silas is aan ‘n paal vasgemaak, vol teer gesmeer en brandende olie oor hom gegooi. Hy het saam met die ander menslike fakkels die terrein verlig, sodat Nero se soldate goed kon sien om hulle gruweldade uit te voer.

Vir Petrus het hulle ‘n endjie verder geneem waar kruise ingeplant gestaan het, met die liggame van martelare wat daaraan hang. Toe hulle by ‘n leë kruis kom, het Petrus versoek om onderstebo gekruisig te word. Hy het hom onwaardig geag om op dieselfde manier as sy Heer gekruisig te word. Hulle het dit gedoen.

Onderwyl die lewe stadig besig is om uit die liggaam van Petrus die Rotsman te vloei, kom staan die woorde wat sy Meester daardie môre by die Galilese See hom toegevoeg het, weer voor sy gees: “Toe jy jonger was, het jy self jou klere vasgemaak en gegaan waar jy wil, maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande uitsteek en iemand anders sal jou vasmaak en jou bring waar jy nie wil wees nie.”

Deur die newels van die pynvlae heen, wat besig was om aan sy ledemate te skeur, het hy weer vir Jesus op die golwe aangestap gesien kom. Jesus het hom aan die hand geneem en veilig oor die waters van die kristalle see gedra. Hulle het oor die goue strand gestap na die winkende heerlikheid van die paradys en ‘n stem het saggies gefluister: “Geseënd is hulle wat van nou af in die Here sterwe. Hulle sal rus van hulle arbeid, want al hulle goeie werke volg hulle na.”